# 'N EVALUERING VAN DIE SANDCASTLES-PROGRAM VIR KINDERS UIT EGSKEIDINGSGESINNE

**Martinette Stroebel**
**Hons. BA.**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium (Kliniese Psigologie) in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus).

**Studieleier: Prof. Esmé van Rensburg**

**POTCHEFSTROOM**
**2004**

**Opgedra aan my ouers,**
**Bennie en Elizabeth Stroebel,**
**wat nog altyd daar vir my was.**

**"A happy childhood is one of the best gifts that parents have it in their power to bestow.**
**The best thing you can give children,**
**next to good habits, are good memories."**

**(Mothers, 1998, p. 33)**

# BEDANKINGS

Ek wil graag my opregte dank en waardering betuig teenoor:

My studieleier, prof. Esmé van Rensburg, vir haar bekwame leiding en die prikkel van my belangstelling in hierdie veld waar daar so 'n groot nood is.

Prof. H.S. Steyn van die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus), vir die verwerkings van die data.

Dr. Alida Nienaber en Lindi Nel, wat werklik die spreukwoordelike tweede myl geloop het deur te help met die psigometriese toetse.

Me. Louise Vos van die Ferdinand Postma Biblioteek vir die hulp met die literatuursoektogte.

Al die kinders wat deelgeneem het aan die navorsingstudie en gewillig was om die vraelyste twee keer in te vul.

Al die ouers vir hulle samewerking en moeite om hulle kinders betyds by die byeenkomste te besorg.

Irma Fuchs, wat dit vir my moontlik gemaak het om die studie uit te voer en voorts vir haar tegemoetkoming deur die twee groepsbyeenkomste gratis aan te bied.

Aan my ouers vir al hulle liefde, ondersteuning en aanmoediging. Ek wil hulle ook bedank vir die taalkundige versorging.

Schalk, vir sy volgehoue liefde, geduld en ondersteuning.

**SOLI DEO GLORIA**

# OPSOMMING

Dit blyk duidelik uit die literatuur dat kinders addisionele ondersteuning nodig het om aan te pas by ouerlike egskeiding. Die hoofdoel van hierdie studie was om 'n evaluering te doen van die Sandcastles-program, wat 'n ondersteuningsgroep vir kinders uit egskeidingsgesinne is. Die program is in die VSA ontwikkel en het internasionale erkenning ontvang. Die program, soos dit in Suid-Afrika toegepas word, is nie voorheen geëvalueer ten einde die waarde daarvan binne die Suid-Afrikaanse konteks te bepaal nie.

Die huidige studie het gebruik gemaak van beide kwantitatiewe - en kwalitatiewe navorsingsmetodes om die effek van die Sandcastles-program op 'n groep kinders, tussen die ouderdomme van 9 en 12 jaar, te bepaal. Die volgende veranderlikes is gebruik as 'n aanduiding van verbeterde aanpassing na afloop van die program: 'n verbetering in selfkonsep, 'n afname in depressie, angs en foutiewe denkpatrone rakende hulle ouers se egskeiding.

Die kwantitatiewe resultate dui op 'n prakties betekenisvolle verbetering in selfkonsep, asook 'n prakties betekenisvolle afname in depressie en angs. Wat die ondersoekgroep se denkpatrone betref, kon daar geen betekenisvolle resultate verkry word nie. Vanuit die kwalitatiewe terugvoering van die ouers en kinders, blyk dit dat die program bygedra het tot verbeterde psigologiese funksionering onder die lede van die ondersoekgroep. Die hoofdoelwit van die Sandcastles-program, naamlik om kinders te help om uitdrukking te gee aan hulle emosies, is bereik. Die program het verder ook bygedra tot 'n beter begrip vir die realiteit van egskeiding.

Die leemtes van hierdie studie is geleë in die klein ondersoekgroep, die afwesigheid van 'n kontrolegroep en die gebruik van 'n gerieflikheidsteekproef vir die samestelling van die ondersoekgroep. Die grootste leemte van die Sandcastles-program is dat daar huidiglik slegs 'n enkele gelisensieerde aanbieder van die program in Suid-Afrika is, wat slegs Engelssprekende kinders in die Kaapstad-omgewing, kan bedien.

Daar word aanbeveel dat die huidige studie herhaal moet word ten einde die betroubaarheid van die resultate te bepaal en 'n groter veralgemening van die resultate te bewerkstellig.

# SUMMARY

From the literature it is apparent that children need additional support to adjust to parental divorce. The purpose of this study was to evaluate the Sandcastles Program, which is a support group for children from divorced families. This programme was developed in the USA and has received international acclaim. The programme, as applied in South Africa, has not been evaluated before in order to determine its value in the South African context.

The present study made use of both quantitative and qualitative research methods to determine the effect of the Sandcastles Program on a group of children between the ages of 9 and 12 years. The following variables were used as an indication of improved adjustment on completion of the programme: an improvement in self-concept, and a decrease in levels of depression, anxiety and faulty beliefs concerning the divorce of their parents.

The quantitative results indicate a practical meaningful improvement in self-concept, as well as a practical meaningful decrease in depression and anxiety. No meaningful results could be obtained with regard to the beliefs of the sample group. From the qualitative feedback from the parents and children, it appears that the program contributed towards improved psychological functioning among the members of the sample group. The main aim of the Sandcastles Program, namely to help children give expression to their emotions, has been achieved. The program also contributed towards a better understanding of the reality of divorce.

The shortcomings of this study lie in the following: the small sample group, the absence of a control group and the use of convenience sampling in drawing the sample group. One of the main shortcomings of the Sandcastles Program is that there is currently only one licensed Sandcastles provider in South Africa, which serves English-speaking children in Cape Town and the surrounding areas only.

It is recommended that this study be repeated in order to determine the reliability of the findings and to establish a greater generalization of results.

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| Dankbetuiging | | I |
| Opsomming | | II |
| Summary | | IV |
| Lys van tabelle | | XIII |

## HOOFSTUK 1: INLEIDING

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | PROBLEEMSTELLING | 1 |
| 1.2 | DOELSTELLING | 4 |
| 1.2.1 | Algemene doelstelling | 4 |
| 1.2.2 | Spesifieke doelstellings | 4 |
| 1.2.3 | Hipotese | 4 |
| 1.3 | VOORUITSKOUING | 5 |

## HOOFSTUK 2: EGSKEIDING EN DIE KIND

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | ORIËNTERING | 6 |
| 2.2 | BEGRIPSOMSKRYWING VAN DIE KONSTRUK EGSKEIDING | 6 |
| 2.3 | EGSKEIDING AS 'N PROSES | 7 |
| 2.4 | DIE GEVOLGE VAN EGSKEIDING OP KINDERS SE FUNKSIONERING | 12 |
| 2.4.1 | Inleiding | 12 |
| 2.4.2 | Die effek van egskeiding op kinders se fisiese gesondheid | 13 |
| 2.4.3 | Die emosionele reaksies van kinders | 14 |
| | ▫ Voorskoolse kinders | 15 |
| | ▫ Skoolgaande kinders | 15 |
| | ▫ Laat-middelkinderjare | 16 |

| | | |
|---|---|---|
| | □ Adolessente | 16 |
| 2.4.4 | Die effek van egskeiding op kinders se akademiese prestasies | 17 |
| 2.4.5 | Die effek van egskeiding op interpersoonlike verhoudings | 18 |
| 2.4.6 | Die langtermyngevolge van 'n egskeiding | 20 |
| 2.4.7 | Die positiewe gevolge van egskeiding op kinders | 22 |
| 2.5 | DIE FAKTORE WAT KINDERS SE AANPASSING NA 'N EGSKEIDING BEÏNVLOED | 23 |
| 2.5.1 | Individuele faktore | 23 |
| 2.5.1.1 | Ouderdom en ontwikkelingstadium | 23 |
| 2.5.1.2 | Geslag | 24 |
| 2.5.1.3 | Persoonlikheidsfaktore | 25 |
| 2.5.2 | Ouerlike - en gesinsfaktore | 26 |
| 2.5.2.1 | Gesinskonflik | 26 |
| 2.5.2.2 | Die psigologiese aanpassing van die toesighoudende ouer | 28 |
| 2.5.2.3 | Ouer-kindverhoudings | 29 |
| 2.5.2.4 | Ouerskapvaardighede | 30 |
| 2.5.2.5 | Verhoudings met sibbe | 31 |
| 2.5.3 | Omgewingsveranderlikes en faktore buite die gesin | 32 |
| 2.5.3.1 | Verliese en veranderinge in die omgewing | 32 |
| 2.5.3.2 | Sosiale ondersteuningstelsels | 33 |
| 2.6 | SAMEVATTING | 35 |


## HOOFSTUK 3: TERAPEUTIESE HULPVERLENING AAN KINDERS UIT EGSKEIDINGSGESINNE


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | ORIËNTERING | 37 |
| 3.2 | BESTAANDE DIENSTE VIR KINDERS | 38 |
| 3.2.1 | Direkte intervensie | 39 |
| 3.2.1.1 | Individuele psigoterapie | 39 |
| 3.2.1.2 | Groepsterapie | 42 |

| | | |
|---|---|---|
| | □ Sanders en Riester (1996) se skoolgebaseerde intervensieprogram | 44 |
| | □ Pedro-Carroll, Alpert-Gillis en Cowen (1992) se "Children of Divorce Intervention Program" (CODIP) | 45 |
| | □ Cronje se psigologiese ondersteuningsprogram vir kinders uit egskeidingsgesinne (1997) | 47 |
| 3.2.2 | Indirekte intervensie | 48 |
| 3.2.2.1 | Intervensie met ouers | 49 |
| 3.2.2.2 | Gemeenskapsopvoeding | 51 |
| 3.2.3 | Gesamentlike ouer-kindprogramme | 52 |
| | □ Goldman en King (1985) se "School Services Program of the Center for the Family in Transition" | 52 |
| | □ Stolberg en Mahler (1989, 1994) se skoolgebaseerde intervensieprogram | 54 |
| 3.3 | DIE SKOOL AS HULPVERLENINGSINSTANSIE | 55 |
| 3.4 | SAMEVATTING | 57 |

## HOOFSTUK 4: DIE SANDCASTLES-PROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | ORIËNTERING | 59 |
| 4.2 | OORSIG VAN DIE PROGRAM | 59 |
| 4.3 | DOELSTELLINGS VAN DIE SANDCASTLES-PROGRAM | 60 |
| 4.4 | DIE TERAPEUTIESE ORIËNTASIE VAN DIE PROGRAM | 61 |
| 4.5 | DIE TOEPASSING VAN DIE PROGRAM | 62 |
| 4.6 | DIE PROGRAM IN SUID-AFRIKA | 64 |
| 4.7 | SAMEVATTING | 67 |

## HOOFSTUK 5: METODE VAN ONDERSOEK


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | ORIËNTERING | 69 |
| 5.2 | NAVORSINGSONTWERP | 69 |
| 5.2.1 | Kwantitatiewe benadering | 69 |
| 5.2.2 | Kwalitatiewe benadering | 70 |
| 5.3 | PROEFPERSONE | 71 |
| 5.3.1 | Teikenpopulasie | 71 |
| 5.3.2 | Studiepopulasie | 71 |
| 5.3.3 | Groepsamestelling | 72 |
| 5.4 | MEETINSTRUMENTE | 73 |
| 5.4.1 | Kwantitatiewe metings | 73 |
| 5.4.1.1 | Die Tennessee Selfkonsepskaal Vir Kinders | 73 |
| 5.4.1.1.1 | Rasionaal | 73 |
| 5.4.1.1.2 | Beskrywing van die TSCS:2 | 73 |
| 5.4.1.1.3 | Administrasie en interpretasie | 74 |
| 5.4.1.1.4 | Psigometriese eienskappe van die TSCS:2 | 80 |
| 5.4.1.1.5 | Rede vir insluiting | 81 |
| 5.4.1.2 | Die Kinderdepressieskaal | 82 |
| 5.4.1.2.1 | Rasionaal | 82 |
| 5.4.1.2.2 | Beskrywing van die CDI | 82 |
| 5.4.1.2.3 | Administrasie en interpretasie | 83 |
| 5.4.1.2.4 | Psigometriese eienskappe van die CDI | 84 |
| 5.4.1.2.5 | Rede vir insluiting | 84 |
| 5.4.1.3 | Die Kinder-angsskaal | 85 |
| 5.4.1.3.1 | Rasionaal | 85 |
| 5.4.1.3.2 | Beskrywing van die CAS | 85 |
| 5.4.1.3.3 | Administrasie en interpretasie | 85 |
| 5.4.1.3.4 | Psigometriese eienskappe van die CAS | 86 |
| 5.4.1.3.5 | Rede vir insluiting | 87 |
| 5.4.1.4 | Kinders se denkpatrone rakende ouers se egskeiding | 88 |
| 5.4.1.4.1 | Rasionaal | 88 |
| 5.4.1.4.2 | Beskrywing van die CBAPS | 88 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.4.1.4.3 | Administrasie en interpretasie | 89 |
| 5.4.1.4.4 | Psigometriese eienskappe van die CBAPS | 90 |
| 5.4.1.4.5 | Rede vir insluiting | 90 |
| 5.4.2 | Kwalitatiewe metings | 91 |
| 5.4.2.1 | Biografiese vraelys | 91 |
| 5.4.2.1.1 | Rasionaal | 91 |
| 5.4.2.1.2 | Beskrywing van die biografiese vraelys | 92 |
| 5.4.2.1.3 | Administrasie en interpretasie | 92 |
| 5.4.2.1.4 | Rede vir insluiting | 92 |
| 5.4.2.2 | Persoonlike onderhoude met ouers | 92 |
| 5.4.2.2.1 | Rasionaal | 92 |
| 5.4.2.2.2 | Beskrywing van die onderhoud | 93 |
| 5.4.2.2.3 | Rede vir insluiting | 93 |
| 5.4.2.3 | Die standaard Sandcastles-evaluasievorm | 94 |
| 5.4.2.3.1 | Rasionaal | 94 |
| 5.4.2.3.2 | Beskrywing van die Sandcastles-evaluasievorm | 94 |
| 5.4.2.3.3 | Administrasie en interpretasie | 94 |
| 5.4.2.3.4 | Rede vir insluiting | 94 |
| 5.5 | NAVORSINGSPROSEDURE | 95 |
| 5.6 | ETIESE ASPEKTE | 95 |
| 5.7 | STATISTIESE TEGNIEKE | 96 |
| 5.8 | HIPOTESEFORMULERING | 97 |

## HOOFSTUK 6: BESPREKING VAN RESULTATE

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | ORIËNTERING | 99 |
| 6.2 | KWANTITATIEWE BESPREKING | 100 |
| 6.2.1 | Selfkonsep | 100 |
| 6.2.1.1 | Bespreking van die resultate uit Tabel 2 (Selfkonsep) | 101 |
| 6.2.1.2 | Evaluering van nulhipotese 1 (Selfbeeld) | 103 |
| 6.2.2 | Depressie | 103 |
| 6.2.2.1 | Bespreking van die resultate uit Tabel 3 (Depressie) | 104 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.2.2.2 | Evaluering van nulhipotese 2 (Depressie) | 105 |
| 6.2.3 | Angs | 105 |
| 6.2.3.1 | Bespreking van die resultate uit Tabelle 4 en 5 (Angs) | 106 |
| 6.2.3.2 | Evaluering van nulhipotese 3 (Angs) | 106 |
| 6.2.4 | Denkpatrone rakende ouers se egskeiding | 107 |
| 6.2.4.1 | Bespreking van die resultate uit Tabel 6 (Denkpatrone) | 107 |
| 6.2.4.2 | Evaluering van nulhipotese 4 (Denkpatrone) | 109 |
| 6.2.5 | Samevatting van kwantitatiewe resultate | 109 |
| 6.3 | KWALITATIEWE BESPREKING | 110 |
| 6.3.1 | Individuele gevallestudies | 110 |
| 6.3.1.1 | Monique | 110 |
| 6.3.1.2 | Sharon | 112 |
| 6.3.1.3 | Thomas | 114 |
| 6.3.1.4 | Wendy | 116 |
| 6.3.1.5 | Megan | 118 |
| 6.3.1.6 | Graham | 119 |
| 6.3.1.7 | Denise | 121 |
| 6.3.1.8 | Jack | 123 |
| 6.3.1.9 | Morné | 125 |
| 6.3.2 | Samevatting van kwalitatiewe resultate | 127 |
| 6.4 | SAMEVATTING | 129 |


**HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**


| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | ORIËNTERING | 130 |
| 7.2 | GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE LITERATUUR OOR DIE EFFEK VAN EGSKEIDING OP KINDERS | 130 |
| 7.3 | TERAPEUTIESE HULPVERLENING AAN KINDERS UIT EGSKEIDINGSGESINNE | 131 |
| 7.4 | DIE SANDCASTLES-PROGRAM | 133 |
| 7.5 | GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE KWANTITATIEWE - EN KWALITATIEWE GEGEWENS | 133 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | LEEMTES | 134 |
| 7.6.1 | Leemtes van hierdie studie | 134 |
| 7.6.2 | Leemtes van die Sandcastles-program | 135 |
| 7.7 | AANBEVELINGS | 136 |
| 7.7.1 | Aanbevelings ten opsigte van die Sandcastles-program | 136 |
| 7.7.2 | Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing en hulpverlening | 137 |
| 7.8 | SAMEVATTING | 138 |

**BRONNELYS** 139

| | | |
|---|---|---|
| **BYLAAG A:** | Bekendstellingsbrief aan ouers gestuur, deur middel van skole en kerke | 151 |
| **BYLAAG B:** | Brosjure vir kennisgewingborde by skole en kerke | 155 |
| **BYLAAG C:** | Biografiese vraelys | 157 |
| **BYLAAG D:** | Aanwysings en tye vir groepsbyeenkomste | 161 |
| **BYLAAG E:** | Bedankingsbriewe | 163 |
| **BYLAAG F:** | Statistiese formules | 166 |

# LYS VAN TABELLE

**TABEL 1:** SAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKGROEP 73

**TABEL 2:** VERSKILLE BINNE DIE ONDERSOEKGROEP TEN OPSIGTE VAN SELFKONSEP 100

**TABEL 3:** VERSKILLE BINNE DIE ONDERSOEKGROEP TEN OPSIGTE VAN DEPRESSIE 103

**TABEL 4:** VERSKILLE BINNE DIE ONDERSOEKGROEP TEN OPSIGTE VAN ANGS 105

**TABEL 5:** TWEERIGTING FREKWENSIETABEL (ANGS) 106

**TABEL 6:** VERSKILLE BINNE DIE ONDERSOEKGROEP TEN OPSIGTE VAN DENKPATRONE 107

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Egskeiding het 'n algemene verskynsel in die hedendaagse samelewing geword. Dit is bekend dat Suid-Afrika een van die hoogste egskeidingsyfers ter wêreld het (De Wet, 2001). Dit blyk uit Suid-Afrikaanse statistieke dat daar gedurende 1998, 35 792 geregistreerde egskeidings in die land was en 37 098 gedurende 1999 – 'n toename van 3.6% (Van Niekerk, 2003). Wanneer die resente statistiek bestudeer word, wil dit egter voorkom dat daar huidiglik 'n afname in die aantal geregistreerde egskeidings in Suid-Afrika is. In 2000 was daar 34 102 geregistreerde egskeidings in die land en in 2001 was daar 34 045 geregistreerde egskeidings (Statistieke Suid-Afika, 2004). Alhoewel hierdie bevinding verwelkom word, is die voorkoms van egskeiding steeds besonder hoog. Dit mag egter ook 'n aanduiding van die aantal saambly-verhoudings wees.

Ten minste 37 803 minderjarige kinders is gedurende 2001 deur egskeiding geraak (Statistieke Suid-Afrika, 2004). Alhoewel die voorkoms van egskeidings 'n matige afname toon, beteken dit nie dat die implikasies daarvan verminder nie (Delport, 2001). Die oorweldigende meerderheid van kinders uit egskeidingsgesinne voel hartseer, verward, kwaad en ervaar skuldgevoelens (Neuman, 1998). Indien hierdie emosies nie gekommunikeer en op 'n gesonde, produktiewe wyse hanteer word nie, bly dit voortduur en beïnvloed dit kinders se sienings van hulself en ander.

Sommige navorsers het vroeër geglo dat daar geen bewyse bestaan vir 'n duidelike skakel tussen egskeiding en wanaanpassing by kinders uit egskeidingsgesinne nie (Davidson & Moore, 1996). 'n Oorsig van 92 studies het egter tot die gevolgtrekking gekom dat ouerlike egskeiding wel 'n negatiewe effek

op kinders het wat betref akademiese prestasie, gedragsprobleme, selfbeeld en interpersoonlike verhoudings (Amato & Keith, 1991; Wallerstein, Lewis & Blakeslee, 2000). 'n Soortgelyke oorsig van 33 ander studies het bevind dat volwassenes wat as kinders die egskeiding van hulle ouers beleef het, swakker psigologiese aanpassing, laer sosio-ekonomiese status en groter onstabiliteit in hulle eie huwelike openbaar, in vergelyking met volwassenes wat uit intakte gesinne kom (Amato & Keith, 1991). Volgens Wallerstein (soos aangehaal deur Davidson & Moore, 1996) duur die gedrags- en akademiese probleme gewoonlik nie lank voort nie, maar die gevoelens wel. Sy stel dit as volg: "It's quite clear that for the children, divorce has been the main event of their childhood and adolescence – that although most accept and even approve – a sense of loneliness seems to endure" (p.687).

Kinders uit egskeidingsgesinne het 'n verhoogde risiko om kliniese sindrome te ontwikkel. Volgens Wallerstein *et al.* (2000) meld 75% van die kinders en adolessente uit geskeide gesinne aan vir psigologiese behandeling. Zinsmeister (1998) het ook bevind dat meer as 80% van die adolessente in inrigtings vir psigiatriese versteurings opgeneem word en dat 60% van die kinders in hierdie inrigtings afkomstig is uit egskeidingsgesinne.

Die effek van egskeiding is dikwels langdurig aangesien dit wat kinders waarneem en ervaar, deel word van hulle innerlike beskouing van die wêreld.

Die langtermyngevolge van egskeiding vir kinders kan die volgende insluit (Zinsmeister, 1998):

- Internaliserende versteurings, byvoorbeeld depressie, angs, lae selfbeeld.
- Eksternaliserende versteurings, byvoorbeeld gedragsversteurings, impulsversteurings en verhoogde aktiwiteitsvlakke.
- Verhoudingsprobleme.
- Verhoogde gebruik van gesondheidsdienste en psigososiale wanaanpassing.

Dit is belangrik dat kinders die traumatiese ervaring van 'n egskeiding verwerk en die gebeure in perspektief sien (Lubowski, 1995). Indien kinders alleen gelaat

word om self die trauma van egskeiding te verwerk, word waardevolle energie, wat gebruik moes word om natuurlike groeiverwante take te bemeester, vermors deur aan te pas by die egskeiding en die komplekse emosies te verwerk (Schoeman & Van der Merwe, 1996). Effektiewe terapie blyk dus al hoe belangriker te word vir kinders wie se ouers geskei is.

Verskeie skrywers is dit eens dat 'n groepsterapeutiese proses die aangewese metode is om kinders van geskeide ouers te help. Volgens Wolchik en Sandler (1997) word die groepformaat verkies bo individueel-georiënteerde terapie, aangesien dit die ervaring van egskeiding normaliseer en 'n ondersteunende netwerk van portuur, wat soortgelyke stres ervaar, voorsien. Smith (1996) het bevind dat 'n groepprogram kan bydra tot positiewe veranderinge in kinders se persepsies rakende hulle ouers se egskeiding, asook 'n verbetering in selfkonsep.

Verskeie groepprogramme vir intervensie met kinders uit egskeidingsgesinne is reeds ontwerp, maar slegs enkeles is empiries geëvalueer. Die Sandcastles-program is 'n ondersteuningsgroep vir kinders uit egskeidingsgesinne tussen die ouderdomme van 6 tot 17 jaar (Neuman, 1998). Dit word huidig in meer as twaalf stede regdeur die Verenigde State van Amerika, asook in Kanada, Mexiko, Panama, Engeland en Suid-Afrika aangebied. Deelname aan die program is verpligtend (howe sal nie 'n egskeiding toestaan tensy kinders die program voltooi het nie) in meer as twaalf stede in Amerika, insluitende Miami, Minneapolis en distrikte in die state van Ohio, Idaho, Texas, Wyoming, Wisconsin, en andere. Meer as vyftigduisend kinders het reeds die program in Amerika voltooi.

Die Sandcastles-program word ook aangebied in Suid-Afrika. 'n Leemte bestaan egter deurdat die program nie plaaslik op 'n empiriese wyse geëvalueer is ten einde die waarde daarvan binne die Suid-Afrikaanse konteks te bepaal nie. Cronje (1997) wys daarop dat daar 'n gebrek aan evaluerende navorsing bestaan om die sukses van programme te bevestig. Die navorsingsprojek sal vervolgens poog om die effek van die program op 'n groep kinders te bepaal.

## 1.2 DOELSTELLING

### 1.2.1 Algemene doelstelling

Die doel van hierdie studie is 'n evaluering van die Sandcastles-program vir kinders tussen die ouderdom van 9 tot 12 jaar, afkomstig uit egskeidingsgesinne.

### 1.2.2 Spesifieke doelstellings

Die spesifieke doelstellings van hierdie studie is:

1. Om die effek van die Sandcastles-program op selfkonsep te bepaal.

2. Om die effek van die Sandcastles-program op depressie te bepaal.

3. Om die effek van die Sandcastles-program op angstigheid te bepaal.

4. Om die effek van die Sandcastles-program op kinders se denkpatrone rakende hulle ouers se egskeiding te bepaal.

5. Om 'n gevalsbeskrywing van elke kind te doen.

6. Om die effek van die Sandcastles-program op kinders se psigologiese funksionering, soos deur die ouers waargeneem, te bepaal.

### 1.2.3 Hipotese

1. Ten opsigte van doelstellings 1 tot 4, word die hipotese gestel dat die Sandcastles-program tot 'n verbetering in die spesifieke groep kinders se selfkonsep sal lei en 'n afname in depressie, angstigheid en negatiewe denkpatrone rakende egskeiding, teweeg sal bring.

2. Ten opsigte van doelstellings 5 en 6, word geen hipoteses gestel nie aangesien dit van 'n eksploratiewe aard is.

## 1.3 VOORUITSKOUING

Die skripsie bestaan uit sewe hoofstukke. Hoofstuk 1 bied 'n uiteensetting van die probleemstelling en doelstelling van die studie, en gee ook 'n vooruitskouing van die struktuur van die skripsie. In hoofstuk 2 word 'n omskrywing gegee van die term egskeiding. Die effek van egskeiding op kinders, asook die faktore wat kinders se aanpassing na 'n egskeiding beïnvloed, word bespreek. Hoofstuk 3 handel oor terapeutiese hulpverlening aan kinders uit egskeidingsgesinne, met spesifieke verwysing na bestaande dienste in dié verband. In hoofstuk 4 word die Sandcastles-program bespreek. Hoofstuk 5 handel oor die metode van ondersoek – met spesifieke verwysing na die navorsingsontwerp, meetinstrumente, navorsingsprosedure, statistiese verwerking en hipoteseformulering. In hoofstuk 6 word die resultate van die empiriese studie bespreek. Hoofstuk 7 lig die gevolgtrekkings van die studie uit, wys op die leemtes van die huidige studie en maak aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing in hierdie veld.

## HOOFSTUK 2

# EGSKEIDING EN DIE KIND

## 2.1 ORIËNTERING

In hierdie hoofstuk word die begrip egskeiding omskryf, waarna 'n uiteensetting gegee word van die egskeidingsproses. 'n Oorsig word gegee van navorsing wat fokus op die effek van ouerlike egskeiding op kinders en die faktore wat kinders se aanpassing na 'n egskeiding beïnvloed.

## 2.2 BEGRIPSOMSKRYWING VAN DIE KONSTRUK EGSKEIDING

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendal, 1994, p.187) omskryf egskeiding as die "ontbinding van 'n huwelik deur 'n hof".

Bogenoemde definiëring kan misleidend wees en neem geensins die sosiale, psigologiese en ekonomiese nagevolge van 'n egskeiding in ag nie. Vanuit 'n wetlike perspektief gesien, is egskeiding 'n enkele gebeurtenis, maar vanuit 'n psigologiese raamwerk, is egskeiding 'n veelsydige proses (Wallerstein & Blakeslee, 1989). Egskeiding behels veel meer as die blote wetlike ontbinding van 'n huwelik. Dit is die beëindiging van 'n gesinseenheid en gevolglik behels dit pynvolle verliese. Egskeiding is nie 'n gebeurtenis wat alleen staan nie, maar 'n kontinuum wat begin met 'n ongelukkige huwelik en dwarsdeur die verwydering, egskeiding, hertroue en/of daaropvolgende egskeiding strek (Davidson & Moore, 1996). Die egskeidingsproses begin reeds voor die ouerlike skeiding, wat tipies na maande of jare van huweliksonmin plaasvind, en die amptelike skeiding verseker nie 'n einde aan die konflik nie. Cohen (2002)

beskryf egskeiding as 'n lang, pynvolle proses wat gekenmerk word deur voortdurende spanning. Die egskeidingsproses word vervolgens bespreek.

## 2.3 EGSKEIDING AS 'N PROSES

Vroeë sienings het egskeiding as 'n korttermyn krisis van akute dimensies beskou. Wallerstein (1994) skryf dat hulle werk oor die laaste 30 jaar aantoon dat egskeiding nie 'n kortstondige, tydsgebonde krisis is nie, maar 'n langtermynervaring. Egskeiding is 'n uitgerekte proses van veranderende gesinsverhoudings, wat gekenmerk word deur veelvuldige stadia. Soos genoem, begin egskeiding nie met die ontbinding van 'n huwelik nie, maar behels dit dikwels 'n langdurige opeenvolging van ervarings wat reeds voor die egskeiding begin en waarvan die effek net so belangrik is vir kinders se welstand, as die egskeiding self (Furstenberg & Kiernan, 2001).

Die egskeidingsproses verloop deur verskeie fases en talle modelle is reeds vir hierdie proses voorgestel (Venter, 1996). Die meeste modelle fokus alleenlik op die ervaringe van die huweliksmaats, maar 'n meer onlangse model van Everett en Volgy (soos aangehaal deur Venter, 1996) bespreek ook die belewenisse van die kinders. Laasgenoemde model identifiseer 14 stappe in die egskeidingsproses en sal vervolgens kortliks bespreek word (Venter, 1996).

### (1) Verhoogde ambivalensie

Die eerste fase van die egskeidingsproses word sigbaar in die verhoogde ambivalensie wat tussen die huweliksmaats voorkom. Daar bestaan 'n toenemende twyfel by die egpaar oor die verhouding. Woede wat vroeër nie uitgespreek is nie, word uitgedruk en fantasieë van romantiese betrokkenheid by ander persone, òf om die verhouding te verlaat, òf selfs die wens dat die maat skielik sal sterf of verdwyn, kom voor. Die kinders raak nou bewus van die feit dat hulle ouers ernstige probleme het en hulle kan op een van twee wyses reageer: hulle kan die probleme òf ontken òf hulle kan klouerig en meer afhanklik

raak. Sodoende poog hulle om hulle voortgesette versorging deur die ouers te verseker.

### (2) Distansiëring

As gevolg van die verhoogde ambivalensie sal die egpaar die emosionele afstand tussen hulle, hulle kinders en selfs die gesin-van-oorsprong vergroot. Positiewe affek word onttrek sodat hulle naderhand emosioneel en fisies nie beskikbaar is nie. Kinders is bewus van hierdie onttrekking en dit veroorsaak toenemende spanning. Kinders vra selfs reguit of die ouers gaan skei. Dit skok soms die ouers en gevolglik word dit ontken.

### (3) Pre-egskeiding fantasieë en aksies

Tydens hierdie fase kan persone fantaseer oor die bevrediging van hulle behoeftes in verhoudings met ander, òf die terugkeer na hulle gesin-van-oorsprong, òf enkelingskap wat vry is van die verantwoordelikhede van 'n huweliksmaat en ouer. Werklike skeiding word soms vir jare uitgestel vanweë die onsekerheid van die moontlike gevolge en vrees vir mislukking.

### (4) Fisiese skeiding

Hierdie fase, waartydens een van die huweliksmaats die huis verlaat, is moontlik die mees dramatiese, skokkende en traumatiese gebeurtenis gedurende die egskeidingsproses - veral vir die kinders. Kinders verkeer dikwels in 'n skoktoestand en ontkenning van die realiteit is algemeen.

### (5) Pseudo-versoening

Gesinslede wat die huis verlaat het, mag 'n skielike oorweldigende gevoel ervaar en vrees dat hulle nie op hulle eie sal kan funksioneer nie. Kinders kan ook druk op die ouers plaas om te herenig. Sou die persoon terugtrek, skep dit veral

probleme by die kinders aangesien die realiteit van die dreigende egskeiding ontken word en dit dikwels onrealistiese verwagtinge by kinders skep.

**(6) Pre-egskeiding fantasieë**

Die onderliggende konflikte wat aanvanklik gelei het tot die fisiese skeiding, sal weer verskyn en daar sal gevolglik met 'n skok besef word dat hulle pogings om die huwelik te red, misluk het. Een of beide van die persone beplan die egskeiding en 'n aparte lewe. Die moontlikheid van 'n egskeiding word openlik met vriende en familielede bespreek. Die ontnugtering wat kinders ervaar, word dikwels hanteer deur woede-uitbarstings en uitreagerende gedrag teenoor die ouers. Probleemgedrag, soos skoolfobieë, akademiese - en gedragsprobleme, somatiese klagtes, afhanklikheid en toenemende sibbe-konflik, mag voorkom.

**(7) Besluit om te skei**

Die realiteit van die besluit en die finaliteit van die verhouding kom gewoonlik as 'n geweldige skok. Die wyse waarop die ouers optree in hierdie fase kan verreikende gevolge inhou vir die kinders se latere emosionele ontwikkeling. Ouers word dikwels so vasgevang in hulle eie onvolwasse, manipulerende en onverantwoordelike gedrag teenoor mekaar, dat hulle nie agterkom wat die impak daarvan op hulle kinders mag wees nie. Hoe meer die kinders betrek word by die ouerlike konflik, hoe groter is die moontlikheid van emosionele skade by hulle.

**(8) Terugkerende ambivalensie**

Hierdie proses kan dikwels aangewakker word indien die ouers van die huweliksmaats of vriende die egpaar afraai om te skei. Die ambivalensie kan die hoop weer by die kinders laat opvlam dat hulle ouers moontlik nie gaan skei nie en hulle angstigheid verhoog.

### (9) Potensiële geskilpunte

Dit gebeur dikwels dat die ouers mekaar beveg deur middel van die vyandige geregtelike sisteem. Beide die huweliksmaats en hulle kinders kan baatvind by egskeidingsmediasie ten einde te besluit oor die toesig en beheer van die kinders, die toegangsregte van die ander ouer en die verdeling van bates. 'n Uitgerekte regsgeding kan slegs nadelig vir kinders wees.

### (10) Gesamentlike ouerskap na die egskeiding

Die periode direk na die egskeiding word deur 'n verdere krisis gekenmerk (Gilbert, 2002). In hierdie tyd begin die kinders se wêrelde die vorm aanneem van dit wat hulle die meeste vrees. Hulle gesinne en tuistes bied nie meer vir hulle veiligheid en sekuriteit nie, maar veroorsaak eensaamheid en wanorde. Dit vind veral plaas in gevalle waar kinders moet verhuis en intieme vriende, bekende skole, die bekende omgewing en ander ondersteuning moet agterlaat. Hierdie tydperk word ook gekenmerk deur 'n afname in ouers se vermoëns as opvoeders. Hulle moet nou leer om ouers te wees sonder dat hulle huweliksmaats is (Venter, 1996). In hierdie vroeë periode na die egskeiding, het die ouer 'n oorweldigende hoeveelheid take en ervaar self ook soveel emosionele verwarring dat die kind se siening en behoefte aan 'n verduideliking van die veranderinge wat tydens die egskeiding plaasvind, misgekyk kan word. Die kinders se aanpassing in hierdie tydperk sal direk afhang van die ouers se aanpassing na die egskeiding en hulle vermoë om as ouers saam te werk.

### (11) Hertroue

Indien een van die ouers sou besluit om weer te trou, kan dit allerlei probleme veroorsaak. Die ander lewensmaat kan 'n hernude ambivalensie teenoor hierdie maat ontwikkel, veral waar die fantasie van moontlike versoening teenwoordig was. Kinders kom tot die besef dat die wens dat hulle ouers sal herenig nie vervul sal word nie en dit kan lei tot woede teenoor hulle ouers, veral die ouer wat trou en dié se lewensmaat. Dit gebeur dikwels tydens hierdie fase dat die

een ouer, meestal die een wat nie hertrou nie, weer met hofverrigtinge begin. Die doel hiervan is dikwels om die toesig- en beheerreëlings te wysig en om sodoende meer kontrole oor die lewensmaat te verkry en hom te straf vir sy verlating. Dit dompel die kinders opnuut in 'n krisis.

**(12) Stiefgesinformasie**

Aanpassing in hersaamgestelde gesinne is gewoonlik 'n tydsame proses. Die hooftaak van so 'n gesin is om 'n gesinsidentiteit te ontwikkel en skrywers meen dat hierdie proses ten minste vier jaar neem.

**(13) Tweede huweliksmaat trou**

'n Tweede huwelik maak die verhoudinge al meer kompleks vir die kinders, maar gewoonlik begin hulle dan aanvaar dat hulle ouers finaal geskei is.

**(14) Tweevoudige gesinsfunksionering**

Die egskeidingsproses word afgesluit deur die stap van tweevoudige gesinsfunksionering, waar daar twee nukluêre sisteme bestaan. Die hoop bestaan dat kinders weer 'n gevoel van stabiliteit en normaliteit kan ervaar, en die toekoms met vertroue tegemoetgaan.

Dit blyk duidelik uit bogenoemde uiteensetting dat die egskeidingsproses verskeie veranderinge, uitdagings en aanpassings behels, en 'n tydsame proses is wat vir beide die huweliksmaats en hulle kinders 'n traumatiese ervaring kan wees.

## 2.4 DIE GEVOLGE VAN EGSKEIDING OP KINDERS SE FUNKSIONERING

### 2.4.1 Inleiding

Egskeiding is die lewensgebeurtenis wat die tweede hoogste strestelling kry, uit drie en veertig potensieel traumatiese omstandighede op die "Holmes and Rahe Social Readjustment Scale" en dit is inderdaad een van die algemeenste negatiewe lewensgebeure wat kinders vandag ervaar (Herbert, 1996). Die effek van ouerlike egskeiding op kinders met betrekking tot verskeie psigologiese metings is reeds deeglik gedokumenteer (Jeynes, 2001). Navorsing dui daarop dat egskeiding en die konflikterende omstandighede wat in die tydperk voor die egskeiding teenwoordig is, 'n definitiewe impak op kinders het (Taylor, 2001). Die impak kan van 'n mindere of meerdere mate wees, maar daar is altyd 'n impak.

Sommige navorsers het vroeër geglo dat daar geen bewyse bestaan vir 'n duidelike skakel tussen egskeiding en wanaanpassing by kinders uit egskeidingsgesinne nie (Davidson & Moore, 1996). 'n Oorsig van 92 studies het egter tot die gevolgtrekking gekom dat ouerlike egskeiding wel 'n negatiewe effek op kinders het wat betref akademiese prestasie, gedragsprobleme, selfbeeld en interpersoonlike verhoudings (Amato & Keith, 1991). 'n Soortgelyke oorsig van 33 ander studies het bevind dat volwassenes wat as kinders die egskeiding van hulle ouers beleef het, swakker psigologiese aanpassing, laer sosio-ekonomiese status en groter onstabiliteit in hulle eie huwelike openbaar, in vergelyking met volwassenes wat afkomstig is uit intakte gesinne (Amato & Keith, 1991).

Egskeiding op sigself veroorsaak nie psigopatologie onder kinders nie, maar dit verhoog die waarskynlikheid dat kinders aanpassingsprobleme kan ontwikkel en voor struikelblokke te staan kan kom, wat kan inmeng met die normale ontwikkelingsprosesse van kinders (Smith, 1996; Simons, Lin, Gordon, Conger & Lorenz, 1999). Dit blyk dat kinders uit egskeidingsgesinne 'n risiko toon vir

verskeie psigososiale probleme. Egskeiding word vervolgens geïdentifiseer as 'n risikofaktor wat die kind se vatbaarheid tot negatiewe uitkomste vergroot (Amato & Sobolewski, 2001; Gilbert, 2002; Naudé, 2001; Wallerstein & Kelly, 1980). Kinders uit egskeidingsgesinne het 'n verhoogde risiko om kliniese sindrome te ontwikkel. Volgens Wallerstein, Lewis en Blakeslee (2000) meld 75% van die kinders en adolessente uit geskeide gesinne aan vir psigologiese behandeling. Zinsmeister (1998) het ook bevind dat meer as 80% van die adolessente in inrigtings vir geestesversteurings en 60% van die kinders in hierdie inrigtings afkomstig is uit egskeidingsgesinne.

Wilkinson en Bleck (1977) skryf dat kinders uit egskeidingsgesinne nie beskou moet word as 'n afsonderlike, diagnostiese kategorie nie. Vir die meerderheid van gevalle is dit normale kinders wat gekonfronteer word met 'n uitermatige stresvolle situasie. Kinders wie se ouers geskei is, word gekonfronteer met unieke probleme en besorgdhede, insluitende veranderinge in lewenstyl en die verlies van hulle vorige psigologiese ondersteuningsisteme (Smith, 1996). Gedurende die egskeidingsproses ervaar kinders die verlies van hulle identiteit as lid van 'n intakte gesin. Daar is veelvuldige veranderinge waarmee kinders worstel – dit mag nodig wees om te verhuis na 'n nuwe huis, 'n ander skool en daar kan betekenisvol minder geld beskikbaar wees om van te leef. Hulle ouers se finansiële situasie mag verander, wat dikwels daartoe lei dat die moeder voltyds moet begin werk en gevolglik minder tyd beskikbaar mag wees vir interaksie met haar kinders.

### 2.4.2 Die effek van egskeiding op kinders se fisiese gesondheid

Kinders uit egskeidingsgesinne ervaar meer siektes, mediese probleme en besoek meer gereeld 'n pediater as kinders uit intakte gesinne (Kelly, 2000). Wanneer ouers skei, gaan die psigologiese ongemak en versteurings wat kinders ervaar dikwels gepaard met 'n ontwrigting van fisiese funksies (Oppawsky, 1999). Simptome soos maagpyn, hoofpyn, borspyn en krampe kom dikwels voor en ontstaan indien kinders sukkel om hulle emosies te erken of uit te druk, of nie

toegelaat word om laasgenoemde te doen nie (Gilbert, 2002). Veral onder baie jong kinders, kan fisiologiese simptome die primêre aanduiding wees dat die kind geaffekteer word (Oppawsky, 1999). Selektiewe Mutisme, Konversieversteuring, Tourette-versteuring en Erl-Königs Sindroom is voorbeelde van psigosomatiese reaksies wat dikwels voorkom onder jong kinders uit egskeidingsgesinne (Oppawsky, 1999).

### 2.4.3 Die emosionele reaksies van kinders

Dit is algemeen vir kinders om gevoelens van angs, hartseer, woede, skaamte, eensaamheid, skuldgevoelens, verwarring en 'n vrees vir verlating te ervaar na 'n egskeiding (Gilbert, 2002; Fox, 2001; Smith, 1996; Wolchik & Sandler, 1997). Kinders ervaar veral geweldige hartseer met die verlies van die gesinseenheid en daar is bevind dat die intensiteit van hierdie verliese inmeng met die emosionele, sosiale en psigologiese groei van kinders (Smith, 1996). Egskeiding kan aanleiding gee tot depressie en angstigheid by kinders, asook 'n afname in selfkonsep (Cohen, 2002; Cronje, 1997; Howell, Portes & Brown, 1997; Kalanjee, 2001; Pedro-Carroll, Sutton & Wyman, 1999; Simons *et al.*, 1999; Smith, 1996; Taylor, 2001; Van Schaick & Stolberg, 2001). Depressie presenteer op 'n aantal wyses by 'n kind, byvoorbeeld konsentrasieprobleme, probleme met eetpatrone, verveeldheid, apatie en 'n tendens om hulself te kritiseer (Delport, 2001). Volgens Taylor (2001) se studie voel 46.7% van kinders uit alle ouderdomsgroepe verantwoordelik vir hulle ouers se egskeiding en hierdie skuldgevoelens impliseer kenmerkende emosionele bagasie vir kinders. Fox (2001) het bevind dat kinders uit egskeidingsgesinne minder positiewe emosies ervaar, ontevrede is met die lewe en minder geluk of opwinding ervaar as kinders uit gelukkige, intakte huishoudings.

Skeiding – die gebeurtenis wat werklik kinders tref – gebeur dikwels etlike jare voor die wetlike egskeiding. Daar is geen twyfel daaraan nie dat skeiding angswekkend is vir kinders (Herbert, 1996). Wanneer die wêreld vir die meeste ouers wat die trauma van 'n skeiding ervaar, inmekaar tuimel, is dit maklik om die kind se ongemak mis te kyk, af te maak of te faal om die nodige ondersteuning te

verskaf. Dit wat kinders tydens en na 'n egskeiding ervaar, word vergelyk met die rouproses wat volg op die dood van 'n geliefde. In sommige opsigte kan dit selfs erger wees as laasgenoemde, sou daar 'n eindelose begeerte wees om te herenig, wat nie moontlik is nie, of volgehoue bitterheid tussen die ouers wees.

Baie kinders en adolessente interpreteer 'n egskeiding as 'n verwerping of verlating van hulself (Herbert, 1996; Kalanjee, 2001). Die kind is nie in staat om al die volwasse implikasies van 'n ongelukkige huwelik te begryp nie. Volgens Wallerstein (soos aangehaal deur Davidson & Moore, 1996) duur die gedrags- en akademiese probleme gewoonlik nie lank voort nie, maar die gevoelens wel. Hy stel dit as volg: "It's quite clear that for the children, divorce has been the main event of their childhood and adolescence – that although most accept and even approve – a sense of loneliness seems to endure" (p.687).

Kinders se onmiddellike reaksies kan as volg uiteengesit word:

- **Voorskoolse kinders**

Voorskoolse kinders kom gewoonlik baie hartseer en beangs voor wanneer hulle ouers skei, en word veeleisend en klouerig (Herbert, 1996). Vrese met slapenstyd en 'n weiering om alleen gelaat te word, selfs vir enkele minute, is algemeen. Kinders wat 'n kleuterskool of speelskool bywoon, kan baie angstig raak om daarheen te gaan en teenstand bied wanneer hulle daar gelaat word. Die voorskoolse kind kan ook intense vrese ontwikkel, byvoorbeeld oor verlating, die dood of besering van ouers en ander (Van der Merwe, 1994). Daar is dikwels 'n uitdrukking van aggressie teenoor ander kinders en rusie met sibbe.

- **Skoolgaande kinders**

Smart en hartseer is 'n prominente kenmerk van die ouer kinders (Herbert, 1996; Smith, 1996). Woede, gewoonlik teenoor die ouers en veral die versorgende ouer, word duidelik. Die kind is geneig om die versorgende ouer te blameer vir alles, ongeag die werklike gebeure wat aanleiding gegee het tot die

huweliksverbrokkeling (Herbert, 1996). Die afwesige vader word dikwels geïdealiseer, terwyl die moeder daarvoor verantwoordelik gehou word dat sy die vader weggedryf het. Kinders in die ouderdomsgroep sewe- tot agtjaar, mag 'n sterk soeke na die vader openbaar. Jong, skoolgaande kinders ervaar dikwels ook skuldgevoelens oor die huweliksverbrokkeling en glo dat hy/sy die oorsaak van die egskeiding is (Cohen, 2002; Richardson & Rosen, 1999). Die kinders kan ook voel dat hulle lojaliteite verdeeld is en gedruk voel om kant te kies tussen die ouers.

- **Laat-middelkinderjare**

Hierdie kinders is geneig om minder van hulle innerlike seer en ongemak te openbaar, wat natuurlik nie impliseer dat dit afwesig is nie (Herbert, 1996). Verberging van hulle gevoelens, is algemeen en hulle soek dikwels afleiding deur spel en ander aktiwiteite. Dit mag moeilik wees om deur te dring tot kinders in hierdie ontwikkelingsfase. Hulle toon 'n afkeer aan gesprekke oor hulle gevoelens, vanweë die pyn en vernedering wat dit mag inhou. Onderliggend aan hierdie klaarblyklike onaangeraaktheid, is woede (Herbert, 1996; Smith, 1996). Soortgelyk aan die jonger ouderdomsgroep, kan hulle die een ouer se kant kies en weier om die ander ouer te sien.

- **Adolessente**

Adolessente wys soms openlik depressie en is geneig om hulself te onttrek van die gesinslewe en meer tyd te spandeer aan verhoudings buite die huishouding (Herbert, 1996). Vriende kan 'n alternatief word vir die gesin en 'n gevoel van "behoort aan", kontinuïteit en stabiliteit, voorsien. Sommige vriende kan 'n ongewensde invloed uitoefen, wat opwinding deur kattekwaad of wangedrag verskaf en dien as 'n teenmiddel vir die tiener se negatiewe belewing van die situasie. Bekommernis rakende hulle eie verhoudings, seks en die huwelik mag voorkom.

### 2.4.4 Die effek van egskeiding op kinders se akademiese prestasies

Egskeiding word geassosieer met 'n afname in akademiese prestasie en blyk nadelig te wees vir kinders se kognitiewe ontwikkeling (Amato, 2000; Crossman & Adams, 1980; Kelly, 2000; Pedro-Carroll *et al.*, 1999; Wallerstein & Kelly, 1980; Yatt, 1996). Guidubaldi, Cleminshaw, Perry en Mcloughlin (1983) rapporteer dat kinders uit egskeidingsgesinne 'n risiko toon vir akademiese problematiek in die skool. Laasgenoemde navorsers het bevind dat hierdie kinders meer ontwrigtende gedrag in die klaskamer openbaar, meer afwesig is en laer IK-tellings verkry in vergelyking met kinders uit intakte gesinne. Crossman en Adams (1980) het in hulle navorsingstudie gevind dat kinders uit egskeidingsgesinne betekenisvolle laer tellings verkry het op die Woordeskat- en Ooreenkomste-subtoets van intelligensiemetings, in vergelyking met kinders uit intakte gesinne. Volgens Wyman, Cowen, Hightower en Pedro-Carroll (1985) beskou hierdie kinders ook hulle kognitiewe bevoegdhede laer as wat dit werklik is. Smith (1996) het verder bevind dat egskeiding kinders se vermoë tot aandagtoespitsing op hulle skoolwerk, affekteer.

Kinders uit egskeidingsgesinne is twee keer meer geneig as kinders uit intakte gesinne om nie hulle skoolloopbaan te voltooi nie (Kelly, 2000; Wallerstein *et al.*, 2000). Zinsmeister (1998) bevestig hierdie resultate en toon aan dat kinders uit egskeidingsgesinne twee keer meer geneig is om 'n graad te herhaal en vyf keer meer geneig is om tydelik of algeheel geskors te word. Hulle is ook minder geneig om naskoolse gradetoekennings te ontvang. Kinders afkomstig uit egskeidingsgesinne toon swakker skoolbywoning, kyk meer televisie, doen minder huiswerk en het minder ouerlike supervisie met betrekking tot hulle huiswerk (Kelly, 2000). Hierdie patrone word primêr toegeskryf aan die gesinsontwrigting, konflik by die huis, ouerlike afwesigheid en ekonomiese probleme (Amato & Keith, 1991). Waar vaders meer betrokke is na 'n egskeiding, blyk dit egter dat die waarskynlikheid minder is dat kinders geskors sal word uit die skool en beter skoolprestasies behaal word (Kelly, 2000).

### 2.4.5 Die effek van egskeiding op interpersoonlike verhoudings

'n Egskeiding kan daartoe aanleiding gee dat kinders hulle eie verhoudings met hulle ouers in heroorweging neem en die wese van alle sosiale verhoudings bevraagteken (Herbert, 1996). Vir veral jonger kinders, is daar die pynvolle besef dat nie alle verhoudings blywend is nie. Kinders kan hulself afvra: "Wat is veilig indien ma en pa se huwelik kan beëindig? Kan dieselfde nie ook gebeur met my verhouding met my ma of my pa nie?" Verskeie van die kinderlike reaksies wat ten tye van 'n egskeiding kan voorkom, is 'n uitdrukking van die vrees om self ook deur een of beide ouers verlaat te word.

'n Herinnering aan die deurslaggewende aard van kinders se emosionele verbindings is belangrik ten einde die verreikende aard van die skeuring voor, gedurende en na 'n egskeiding ten volle te waardeer (Herbert, 1996). Die grondslag van normale ontwikkeling, is die kind se emosionele band met sy/haar ouers en hulle binding. Volgens Erik Erikson (soos aangehaal deur Hergenhahn & Olson, 1999) is die noodsaaklike taak gedurende die jong kinderjare, die ontwikkeling van basiese vertroue in ander. Gedurende die vroeë maande en jare van lewe, leer kinders van sekuriteit – is die wêreld 'n goeie en bevredigende plek om in te leef of 'n bron van pyn, ellende, frustrasie en onsekerheid? Gedurende 'n egskeiding, word hierdie vertroue en gevoel van betroubaarheid pynlik bedreig (Herbert, 1996). Benokraitis (soos aangehaal deur Delport, 2001) is in hierdie verband van mening dat: "As they grow up, children may erect walls to protect themselves, becoming distant from friends and avoiding intimate relationships because they expect a partner, like the parent who left, to be unpredictable or undependable" (p. 62).

Kinders kan negatiewe psigososiale gevolge ervaar as gevolg van die verlies van die vaderlike verhouding. Biller (1993) het bevind dat die afwesigheid van 'n vader sosiale bevoegdheid affekteer en dat 'n swak selfkonsep, persoonlike onsekerheid en swak verhoudings met die portuur ook herlei kan word na die afwesigheid van die vader-figuur. Ongereelde kontak met die vader na 'n

egskeiding word ook geassosieer met negatiewe houdings teenoor die huwelik (Van Schaick & Stolberg, 2001). Groter huweliksonstabiliteit, minder huweliksgeluk en minder interaksie tussen eggenote afkomstig uit egskeidingsgesinne, word ook terugherlei na swak verhoudings tussen kinders en hulle vaders. As gevolg van die afname in kontak na 'n egskeiding, is vaders dikwels nie beskikbaar om steun te verleen in die ontwikkeling van sosiale bevoegdheid onder hulle kinders nie. Wanneer kinders uit gebroke gesinne, adolessensie en vroeë volwassenheid betree en die uitdagings van intimiteit en verhoudings teëkom, kan dit gebeur dat hulle nie oor die gepaste vaardighede beskik wat nodig is vir die ontwikkeling van positiewe, betekenisvolle en standhoudende verhoudings nie. Wat dikwels ook misgekyk word, is dat 'n vader die eerste man in sy dogter se lewe is (Biller, 1993). Hy is die ooglopende verteenwoordiger van die teenoorgestelde geslag vir vroulike kinders. 'n Dogter wat 'n veilige en stabiele verhouding met haar vader deel, is meer geneig om 'n toereikende vroulike identiteit te ontwikkel.

Die mees betekenisvolle model van man-vrou verhoudings vir 'n kind, is die verhouding tussen sy/haar moeder en vader (Amato, 1996). Wanneer hierdie verhouding swak is of nie meer bestaan nie, is die model vir man-vrou verhoudings verwronge of onvoldoende. Indien kinders hulle ouers binne 'n gesonde huweliksverhouding aanskou, kan hulle leer hoe om hierdie suksesvolle gedrag binne hulle eie romantiese verhoudings na te volg. Verskeie navorsers het bevind dat daar 'n verband tussen ouerlike verdeeldheid en negatiewe houdings by kinders ten opsigte van romantiese verhoudings bestaan (Amato, 1996; Gabardi & Rosen, 1992; Jennings, Salts & Smith, 1991; Kozuch & Cooney, 1995; Pedro-Carroll *et al.*, 1999). Kozuch en Cooney (1995) het bevind dat jongmense dikwels negatiewe gevoelens teenoor romantiese verhoudings en die huwelik ontwikkel as gevolg van hulle negatiewe ervarings. In hierdie opsig blyk dit dat egskeiding kinders se houdings, verwagtings en kognisies rakende nabye verhoudings vorm.

Oor die algemeen blyk dit dat tienermeisies afkomstig uit egskeidingsgesinne, meer betrokke is by romantiese verhoudings en seksueel meer aktief is as ander

meisies van dieselfde ouderdom (Jeynes, 2001; Toomey & Nelson, 2001). Jeynes (2001) het verder bevind dat kinders uit egskeidingsgesinne meer permissiewe houdings en gedrag ten opsigte van voorhuwelikse omgang openbaar as kinders uit intakte gesinne. Volgens Wallerstein en Kelly (1980) openbaar meisies wat in die latente ontwikkelingsfase is en ouerlike egskeiding ervaar het, 'n gesofistikeerde kennis van seksuele intimiteit en 'n gretigheid om seksueel aktief te word. Glenn en Kramer (1987) verklaar hierdie bevinding in terme van 'n emosionele behoeftigheid wat spruit uit die vyandige huislike omgewing of modellering deur hulle ouers. In hierdie verband wys Kelly (2000) ook daarop dat tienerswangerskappe twee keer meer voorkom onder geskeide kinders in vergelyking met kinders wat 'n ouer (wat nooit geskei was nie) aan die dood afgestaan het (Kelly, 2000). Alhoewel jong volwassenes meer betrokke kan raak by romantiese verhoudings, blyk dit dat hulle minder geïnteresseerd is in langtermyn, intieme verhoudings (Kozuch & Cooney, 1995).

Verskeie navorsingstudies het oor die afgelope drie dekades rapporteer dat kinders uit egskeidingsgesinne meer aggressief en impulsief is, en ook meer betrokke is by antisosiale gedrag in vergelyking met kinders uit intakte gesinne (Davidson & Moore, 1996; Fox, 2001; Guidubaldi *et al.*, 1983; Kelly, 2000; Pedro-Carroll *et al.*, 1999). Dit blyk ook dat hierdie kinders meer probleme in verhoudings met hulle ouers, portuurgroep en gesagsfigure openbaar. Volgens Kelly (2000) is kinders uit egskeidingsgesinne meer geneig om alkohol, sigarette en marijuana te gebruik as kinders wie se ouers nooit geskei is nie. Dit is as gevolg van groter steun op vriende en portuurgroepe wat substanse gebruik, swakker hanteringsvaardighede onder geskeide kinders en 'n afname in ouerlike kontrole en betrokkenheid. Geskeide ouers gebruik ook meer alkohol en dwelmmiddels as getroude ouers.

### 2.4.6 Die langtermyngevolge van 'n egskeiding

Die effek van egskeiding is dikwels langdurig, aangesien dit wat kinders waarneem en ervaar deel word van hulle innerlike beskouing van die wêreld. Die langtermyngevolge van egskeiding vir kinders kan internaliserende versteurings

(byvoorbeeld depressie, angs, lae selfbeeld), eksternaliserende versteurings (byvoorbeeld gedragsversteurings, impulsversteurings en verhoogde aktiwiteitsvlakke), verhoudingsprobleme, 'n verhoogde gebruik van gesondheidsdienste en psigososiale wanaanpassing, insluit (Zinsmeister, 1998).

Navorsers het bevind dat kinders uit egskeidingsgesinne 'n groter risiko toon om oor die langtermyn sielkundige probleme te ontwikkel (Amato & Sobolewski, 2001; Davidson & Moore, 1996; Herbert, 1996). Die verlies van 'n ouer na 'n egskeiding, is meer geneig om langtermynprobleme vir 'n kind te veroorsaak as verlies deur die dood (Herbert, 1996). Dit blyk die gevolg te wees van al die onaangename gebeurtenisse wat met 'n egskeiding gepaard gaan of vanweë die kind se gevoelens van verraad of doelbewuste verlating.

Volwassenes wat afkomstig is uit egskeidingsgesinne toon 'n groter risiko vir depressie en angsversteurings, in vergelyking met diegene uit intakte huishoudings (Amato & Sobolewski, 2001; Fox, 2001; Wolchik, West, Sandler, Tein, Coatsworth, Lengua, Weiss, Anderson, Greene & Griffin, 2000). Verskeie navorsers het bevind dat ouerlike egskeiding gedurende die kinderjare ook geassosieer word met swakker fisiese gesondheid, verlaagde huwelikskwaliteit, 'n groter geneigdheid om self ook te skei, en verlaagde opvoedkundige - en inkomstevlakke gedurende volwassenheid (Amato, 2000; Amato & Keith, 1991; Fox, 2001; Kelly, 2000).

Wolchik en Sandler (1997) argumenteer dat die groter geneigdheid onder individue wie se ouers geskei is om self ook te skei, kan dui op probleme om bevredigende interpersoonlike verhoudings te ontwikkel of bloot 'n groter geneigdheid om egskeiding as 'n moontlike opsie te beskou wanneer huweliksprobleme ervaar word.

Daar is verder ook aangetoon dat meisies sogenaamde sluimerende effekte kan openbaar in die vorm van vroeër seksuele aktiwiteite of probleme met romantiese verhoudings tydens adolessensie en vroeë volwassenheid (Toomey & Nelson, 2001; Van Schaick & Stolberg, 2001).

### 2.4.7 Die positiewe gevolge van egskeiding op kinders

Ten spyte daarvan dat dit feitlik ondenkbaar is dat egskeiding ook positiewe gevolge vir kinders kan inhou, het navorsing bevind dat dit tog wel die geval is. Verskeie navorsingstudies rapporteer dat kinders wel sekere uitkomste van 'n egskeiding as voordelig beskou.

Die mees algemene respons van kinders in terme van die voordele van hulle ouers se egskeiding, is dat dit 'n afname in ouerlike konflik meebring (Amato, Loomis & Booth, 1995; Hans & Fine, 2001; Howell *et al.*, 1997; Jennings & Howe, 2001). Hans en Fine (2001) verwys na die emosionele genesing wat kinders ervaar na die beëindiging van hoë-konflik huwelike. Indien kinders binne 'n uitermatige geharde, vyandige omgewing woon terwyl hulle ouers getroud is, kan kinders egskeiding as 'n verligting beskou aangesien dit konflik kan verminder (Amato, 2000; Toomey & Nelson, 2001).

Hans en Fine (2001) wys in hulle studie dat vir baie kinders egskeiding bygedra het tot 'n toename in spesiale, betekenisvolle tye saam met hulle ouers. Verskeie kinders noem dat hulle emosioneel nader aan ten minste een van hulle ouers gegroei het, na die egskeiding. Hierdie binding was tipies die gevolg van 'n toename in een-tot-een aktiwiteite tussen ouer en kind. 'n Kwalitatiewe studie deur Arditti (1999) het bevind dat 'n groot hoeveelheid kinders uit egskeidingsgesinne, veral dogters, hegte verhoudings met hulle toesighoudende moeders rapporteer. Hierdie bevinding stem ook ooreen met dié van Amato en Booth (1997) se kwantitatiewe studie.

Die kinders in Hans en Fine (2001) se studie noem verder dat hulle alledaagse lewens meer interessant is aangesien hulle twee huise, twee stelle speelgoed en twee vriendekringe het.

## 2.5 DIE FAKTORE WAT KINDERS SE AANPASSING NA 'N EGSKEIDING BEÏNVLOED

Alhoewel sekere aspekte elke egskeiding kenmerk, moet in ag geneem word dat egskeiding elke individu op 'n unieke manier raak. Daar is verskeie faktore wat oorweeg moet word wanneer die effek van egskeiding op kinders geassesseer word, aangesien die negatiewe effek van 'n egskeiding nie noodwendig verwant is aan die egskeiding op sigself nie, maar aan die vele faktore wat verband hou met die kind se sosio-emosionele ontwikkeling (Fox, 2001).

Die literatuur identifiseer 'n verskeidenheid en uiteenlopende faktore wat kinders se aanpassing na 'n egskeiding kan beïnvloed. Ten einde dit beter te konseptualiseer, sal die faktore as volg gegroepeer word:

- Individuele faktore.
- Ouerlike – en gesinsfaktore.
- Omgewingsveranderlikes en faktore buite die gesin.

### 2.5.1 Individuele faktore

#### 2.5.1.1 Ouderdom en ontwikkelingstadium

Verskeie skrywers het bevind dat ouderdom 'n belangrike determinant is van kinders se reaksie na ouers se egskeiding (Cronje, 1997). Een van die redes hiervoor is dat 'n kind se reaksie, veral onmiddellik na die skeiding, 'n weerspieëling is van die tipe ontwikkelingstake waarmee die kind gekonfronteer word en waarmee daar ingemeng word deur die egskeidingsproses. Wilkinson en Bleck (1977) stel dat egskeiding 'n ontwikkelingskrisis is en nie 'n intrapsigiese krisis is nie, en dat kinders reageer op die emosionele gevolge en implikasies wat gepaard gaan met 'n egskeiding. Vervolgens stel Delport (2001) dit dat die kind tydens elke nuwe fase die trauma van egskeiding anders beleef en dit dan weer opnuut moet hanteer.

Volgens Demo en Acock (soos aangehaal deur Davidson & Moore, 1996) is die impak van 'n huweliksverbrokkeling minder intens vir voorskoolse kinders as vir skoolgaande kinders. Uit Wallerstein se studie (Davidson & Moore, 1996) blyk dit dat die kinders wat ouer was (nege jaar en ouer) ten tye van hulle ouers se egskeiding, meer probleme ondervind het tien jaar na die egskeiding, duidelike herinneringe gehad het van hulle pyn en besorgd was oor die onbetroubaarheid van verhoudings. In teenstelling met bogenoemde bevindings argumenteer sommige dat jonger kinders meer kwesbaar is vir die negatiewe effek van 'n egskeiding weens die stadium van persoonlike en kognitiewe ontwikkeling (Wolchik & Sandler, 1997). Verskeie ander studies het ook teenstrydige bevindings aangetoon (Fox, 2001; Howell *et al.*, 1997; Portes, Lehman & Brown, 1999; Smith, 1996). Wat egter van belang is, volgens Wallerstein en Blakeslee (1989), is dat bykans alle kinders afkomstig uit egskeidingsgesinne (ongeag hulle ouderdom met die skeiding van hulle ouers) se persepsies van hulle kinderjare en adolessensie oorskadu word deur die egskeiding.

#### 2.5.1.2 Geslag

Verskeie navorsers bevind dat meisies oor die algemeen minder geaffekteer word deur die egskeiding van hulle ouers as seuns van dieselfde ouderdom (Block, Block & Gjerde, 1988; Cummings, Davies & Simpson, 1994; Davidson & Moore, 1996; Howell *et al.*, 1997; Richardson & Rosen, 1999; Simons *et al.*, 1999; Wolchik & Sandler, 1997). Een van die redes wat hiervoor aangevoer word, is die interaksie tussen die geslag van die kind en dié van die toesighoudende ouer. Volgens Zaslow (1988) is seuns geneig om swakker te vaar wanneer die moeder die toesighoudende ouer is, terwyl dit meer nadelig vir dogters blyk te wees wanneer hulle by hulle vader woon, of by 'n moeder wat hertrou het. Hierdie verbeterde aanpassing wanneer die toesighoudende ouer en kind dieselfde geslag is, mag moontlik die gevolg wees van die teenwoordigheid van 'n rolmodel vir geslagsidentiteitsontwikkeling (Howell *et al.*, 1997). Aangesien die moeder meermale die versorgende ouer is, kan dit die verbeterde aanpassing onder meisies verklaar.

Howell *et al.* (1997) argumenteer verder dat seuns meer algemeen hulle verontrusting openbaar deur eksternaliserende gedrag, terwyl meisies geneig is om te internaliseer. Op hierdie wyse is meisies se ongemak minder geneig om onder ouers en gesondheidswerkers se aandag te kom.

#### 2.5.1.3 Persoonlikheidsfaktore

Individuele eienskappe, soos persoonlikheidstrekke, goeie intellektuele funksionering en selfagting, word geïdentifiseer as belangrike faktore wat kan bydra tot die psigologiese weerbaarheid van die kind (Gilbert, 2002). Kinders verskil wat betref hulle persoonlike hanteringsmeganismes: Diegene met 'n meer aanpasbare temperament, dié wat meer aantreklik is, intellektueel meer begaafd, meer atleties of artistiese vaardighede het, het almal alternatiewe domeine waarbinne hulle hulself kan uitleef en hulle plek in die wêreld kan vind (Johnston & Roseby, 1997).

Verskeie navorsingstudies het die verband tussen 'n kind se hanteringsvaardighede en aanpassing na 'n egskeiding ondersoek. Grych en Fincham (1997) rapporteer in hierdie verband dat aktiewe hantering, wat gedefinieer word as die gebruik van positiewe kognitiewe of gedragstrategieë ten einde 'n probleem te verstaan en op te los, 'n bufferende effek het ten opsigte van gedragsprobleme en depressie. Op 'n soortgelyke wyse voorspel die gebruik van afleiding as 'n kognitiewe strategie, laer vlakke van depressie en angs. Afleiding kan selfs meer effektief wees as aktiewe probleemoplossing in situasies waar die kind min beheer het oor die omstandighede of waar die kind se pogings kan lei tot ouerlike afkeuring.

Egskeiding is dikwels verwarrend vir kinders en hulle vermoë om die egskeidingsproses te begryp, blyk belangrik te wees vir gesonde aanpassing (Howell *et al.*, 1997). Daar is bevind dat kinders se persepsie van die egskeiding hulle aanpassing beïnvloed (Amato, 2000). Kinders wat hulself blameer vir die egskeiding, blyk swakker aangepas te wees.

Kinders uit egskeidingsgesinne ervaar dikwels negatiewe veranderinge, waarvan heelwat buite hulle beheer mag wees. Dit kan daartoe lei dat hulle geloof in hulle vermoëns om beheer uit te oefen oor hulle lewens kan afneem, wat op sigself nadelig kan wees vir hulle aanpassing. Wolchik en Sandler (1997) argumenteer dat negatiewe gebeure kan lei tot 'n verminderde interne lokus van kontrole, wat weer korreleer met swakker aanpassing. Om 'n gevoel van persoonlike beheer oor gebeure te ervaar, kan as 'n beskermende faktor vir kinders uit egskeidingsgesinne dien.

### 2.5.2 Ouerlike - en gesinsfaktore

#### 2.5.2.1 Gesinskonflik

Konflik in die intakte gesin, voor-egskeidingsgesin en egskeidingsgesin, blyk nadelig vir kinders se aanpassing te wees. 'n Groot getal navorsers het bevind dat dit nie die fisiese gebeurtenis van 'n egskeiding is wat skadelik is vir kinders nie, maar eerder die deurlopende konflik waaraan kinders blootgestel word tydens die egskeidingsproses (Amato, 2000; Dykeman, 2003; Hans & Fine, 2001; Kelly, 2000; Toomey & Nelson, 2001).

Ouers met minder huwelikskonflik rapporteer beter verhoudings met hulle kinders na 'n egskeiding en verbeterde aanpassing onder hulle kinders (Davidson & Moore, 1996). Hoë vlakke van gesinskonflik (ongeag die gesinstatus) hou verband met 'n laer selfagting, meer angs en verminderde interne kontrole onder adolessente (Davidson & Moore, 1996). In hierdie opsig blyk dit dat die aanpassing van adolessente meer afhanklik is van die gesinskonflik as van 'n egskeiding op sigself.

Ouerlike vyandigheid en swak samewerking tussen die ouers na 'n egskeiding, is 'n konstante voorspeller van swak uitkomste onder kinders (Amato, 2000). Bykans 'n kwart tot 'n derde van alle geskeide paartjies rapporteer hoë vlakke van vyandigheid en onenigheid rakende die daaglikse versorging van hulle kinders vir baie jare na die skeiding en selfs langer as die verwagte periode om

verskille uit te klaar (Johnston & Roseby, 1997). Vir nagenoeg 'n tiende van alle geskeide egpare, sal die onophoudelike vyandigheid hulle kinders se algehele ontwikkelingsjare oorskadu. Dit impliseer dat 'n toenemende subgroep van kinders vasgevang word in hierdie gesinsituasies. Ouers wie se egskeiding gekenmerk word deur hoë vlakke van konflik, is dikwels betrokke in argumente en ondermyn en saboteer mekaar se rolle as ouers. Dit kan behels dat hulle negatief praat oor die ander ouer in die teenwoordigheid van die kind, of dat die kind boodskappe moet oordra (insluitende beledigings en dreigemente) aan die ander ouer.

Sommige studies het gewys dat die kinders van hierdie ouers 'n hoë graad van verbale mishandeling (gemiddeld bykans een keer per week) en fisiese aggressie tussen die ouers (gemiddeld een keer per maand) moet waarneem (Johnston & Roseby, 1997; Johnston & Campbell, 1988). Dit gebeur gewoonlik ten tye van die verhuising van die een huis na die ander. Ouers kan weier om met mekaar te kommunikeer en mekaar naarstigtelik vermy, hulle kan eensydige stappe neem met betrekking tot hulle kinders, weier om kindersorg te koördineer, die kind oorplaas na 'n ander skool of ander geneesheer sonder kennisgewing, besoeke weier en selfs hulle kinders ontvoer of wegsteek vir die ander ouer (Johnston & Campbell, 1988).

Volgens Johnston en Roseby (1997) is hierdie groep kinders, wat onderwerp word aan kroniese vyandigheid na die egskeiding, een van die groepe wat die grootste risiko toon in die egskeidingpopulasie. Vir die kinders realiseer die grootste voordeel van 'n egskeiding, naamlik die staking van ouerlike vyandigheid en konflik, nie. Hierdie kinders het 'n verhoogde risiko om die siklus van konflikterende en mishandelende verhoudings te herhaal soos wat hulle grootword en poog om gesinne van hulle eie te vorm.

Ongeag die oorsprong van ouers se hoogs negatiewe oogpunte, is die gevolg dat hierdie ouers 'n vreesaanjaende, gefragmenteerde en uiters verwarrende gesinservaring aan hulle kinders bied. Die voortdurende konflik wat hierdie

kinders waarneem, vorm onuitwisbare sensoriese metafore in kinders se gedagtes (Johnston & Roseby, 1997).

#### 2.5.2.2 Die psigologiese aanpassing van die toesighoudende ouer

Verbeterde aanpassing van die ouers dra vanselfsprekend by tot verbeterde aanpassing by die kinders. Volgens Amato (2000) is die kwaliteit van die ouers se funksionering een van die beste voorspellers van 'n kind se gedrag en welstand.

'n Verskeidenheid studies rapporteer dat geskeide persone meer geneig is om depressief te wees as getroude persone (Amato, 2000; Kelly, 2000; Simons *et al.*, 1999). Die beëindiging van 'n huwelik word dikwels begelei deur negatiewe lewensgebeure en ekonomiese spanning. Volgens Simons *et al.* (1999) verklaar hierdie omstandighede die groter voorkoms van depressie onder geskeide persone. Enkelouers is geneig om meer stres te ervaar, wat hulle kapasiteit om ondersteuning en vertroeteling aan hulle kinders te bied, kan verminder (Furstenberg & Kiernan, 2001). In hierdie opsig kan ouerlike depressie 'n nadelige uitwerking hê op die kwaliteit van ouerskap, wat die waarskynlikheid van gedragsprobleme onder kinders verhoog (Simons *et al.*, 1999).

'n Studie deur Wolchik en Sandler (1997) oor die effektiwiteit van intervensieprogramme vir enkelouers ten opsigte van die moeder-kindverhouding, het aangetoon dat 'n fokus op ouers 'n effektiewe wyse is om sekere van die newe-effekte van egskeiding op kinders te versag. Daar is bevind dat dit op 'n direkte wyse sommige van die faktore wat verband hou met kinders se aanpassing, aanspreek. Kinders trek indirek voordeel uit hulle ouer(s) se verhoogde energievlak, verminderde angstigheid en depressie, en hulle vermoë om onafhanklik te funksioneer (Cronje, 1997).

### 2.5.2.3 Ouer-kindverhoudings

Verskeie studies suggereer dat 'n goeie verhouding met een of beide ouers geassosieer word met beter uitkomste onder kinders uit egskeidingsgesinne (Dykeman, 2003; Herbert, 1996; Howell *et al.*, 1997; Kelly, 2000; Simons *et al.*, 1999; Van Schaick & Stolberg, 2001; Wolchik & Sandler, 1997). Grootouers wat ook in die huis woon, kan ook 'n beskermende rol speel (Emery, 1982; Herbert, 1996).

Volgens Herbert (1996) hang die kind se welstand af van sy/haar vermoë om nabye emosionele kontak te handhaaf met beide ouers. 'n Situasie waar die kind verdeel word deur 'n konflik van lojaliteite, is 'n resep vir 'n ramp. Ouer-kindverhoudings dien dikwels as die grondslag vir die ontwikkeling van portuurverhoudings en opvolgende intieme verhoudings tydens volwassenheid (Van Schaick & Stolberg, 2001).

Wallerstein *et al.* (2000) meld dat die ouer-kindverhouding radikaal verander na 'n egskeiding en dat hierdie veranderinge soms permanent kan wees. Die helfte van die moeders en 'n kwart van die vaders in hulle studie kon eers tien jaar na die egskeiding weer die tipe opvoedkundige aandag aan hulle kinders skenk wat kenmerkend was van hulle ouerskap voor die egskeiding.

'n Gevolg van ouerlike egskeiding, is 'n afname in vaderlike betrokkenheid, aangesien die moeder meermale die versorgende ouer is na 'n egskeiding (Van Schaick & Stolberg, 2001). 'n Vader vervul verskeie belangrike rolle in 'n kind se lewe, insluitende dié van 'n beskermer, kameraad en 'n voorsiener van sorg. Vaderlike betrokkenheid word dikwels genoem as 'n belangrike bepalende faktor in die aanpassing van kinders na 'n egskeiding (Van Schaick & Stolberg, 2001; Simons *et al.*, 1999). Simons *et al.* (1999) het bevind dat 'n vader wat aktief betrokke bly as 'n ouer, die kanse dat sy seun gedragsprobleme kan openbaar, beduidend kan verminder. Daar is verder ook gevind dat hoe meer vaderlike betrokkenheid tydens die kinder- en adolessensiejare ervaar word, hoe meer gesond blyk 'n persoon se intieme verhoudings tydens volwassenheid te wees.

Dit is belangrik om te onderskei tussen die kwantiteit en kwaliteit van vaderlike betrokkenheid. Amato (1993) wys daarop dat die kwaliteit van interaksie tussen kinders en hulle vaders die sleutel is tot 'n begrip van die impak wat 'n vader op sy kinders kan hê. So ook noem Kelly (2000) dat gereelde besoeke deur 'n vader, nie noodwendig positiewe vader-kindverhoudings impliseer nie. Die mate waarin vaderlike betrokkenheid 'n kind se aanpassing na 'n egskeiding sal beïnvloed, blyk op 'n komplekse wyse verband te hou met die graad van konflik, die tipe betrokkenheid, aanvaarding van die betrokkenheid deur die moeder, asook die gereelde betaling van onderhoud (Kelly, 2000).

#### 2.5.2.4 Ouerskapvaardighede

Die kwaliteit van beide ouers se ouerskapvaardighede na die egskeiding, blyk 'n belangrike bydraende faktor ten opsigte van kinders se aanpassing, na 'n egskeiding te wees (Cronje, 1997; Davidson & Moore, 1996; Dykeman, 2003; Simons *et al.*, 1999; Wallerstein & Kelly, 1980; Yatt, 1996).

Volgens navorsing is geskeide ouers meer geneig tot oneffektiewe ouerskappraktyke as ouers wat getroud is (Simons *et al.*, 1999). Die dimensie van ouerskap wat die meeste geassosieer word met die hoeveelheid ouers binne 'n huishouding, is dié van kontrole. Soos genoem, blyk die moeder meestal die toesighoudende ouer te wees. Daar bestaan sterk bewyse dat geskeide moeders minder eise aan hulle kinders stel en minder effektiewe dissiplinêre strategieë gebruik.

'n Verskeidenheid studies dui aan dat geskeide, toesighoudende ouers minder tyd investeer in hulle kinders, minder ondersteunend is, minder supervisie verskaf en in meer konflikte betrokke is met hulle kinders, as ouers van intakte gesinne (Amato, 2000; Thompson & Rudolph, 1992; Wallerstein & Kelly, 1980).

Volgens Johnston en Roseby (1997) is die uitstaande kenmerk van die sogenaamde "mislukte egskeidings" dat die ouers dit moeilik vind om op hulle kinders se behoeftes te fokus, naas hulle eie, en nie hulle kinders kan beskerm

van hulle eie emosionele ongemak en woede, of die voortdurende onenigheid met mekaar nie.

'n Onlangse meta-analise van 63 studies deur Amato en Gilbreth (1999) het bevind dat outoritêre ouerskap deur nie-toesighoudende vaders, deurlopend hoër akademiese prestasies en 'n laer voorkoms van internaliserende en eksternaliserende probleme voorspel.

Volgens Dykeman (2003) vaar kinders beter wanneer hulle ouers volgehoue en gekoördineerde mede-ouerskap voorsien, waarvolgens hulle hulle kinders monitor en die nodige vertroeteling en dissipline verskaf. Hierdie mede-ouerskap vereis 'n probleemgeoriënteerde benadering waarvolgens ouers hulle eie konflikte opsy skuif en dit vermy om hulle kinders in die middel van hulle geskille te plaas. Ouers moet ook daarteen waak om mekaar te kritiseer in die teenwoordigheid van hulle kinders. Wanneer toesighoudende ouers gepaste emosionele ondersteuning verskaf, op 'n voldoende wyse hulle kinders se aktiwiteite monitor, dissipline op 'n gesaghebbende wyse toepas en ouderdomsgepaste verwagtings handhaaf, blyk hulle kinders beter aanpassing te openbaar (Kelly, 2000).

#### 2.5.2.5 Verhoudings met sibbe

Die teenwoordigheid van sibbe, veral ouer sibbe, kan dien as 'n buffer teen sekere van die nadelige gevolge van 'n ouerlike egskeiding (Johnston & Roseby, 1997). Sibbe is in die unieke posisie om wedersydse ondersteuning te bied, aangesien hulle dieselfde ervaring deel (Wolchik & Sandler, 1997). Die veronderstelling dat sommige ouers nie altyd beskikbaar is gedurende of na 'n egskeiding nie, kan daartoe lei dat kinders hulle tot ander persone wend vir ondersteuning. Kinders kan op hulle sibbe steun, omdat hulle die egskeiding saam ervaar en 'n gedeelde begrip en kennis van die besonderhede van hulle ervaring het.

Jenkins (1992) rapporteer in sy studie dat 'n hegte sibbe-verhouding geassosieer word met minder psigologiese versteurings onder kinders uit egskeidingsgesinne. Kempton, Armistead, Wierson en Forehand (1991) het in hierdie verband ook gevind dat adolessente uit egskeidingsgesinne wat nie 'n broer/suster het nie, meer eksternaliserende gedrag openbaar het as ander kinders.

Alhoewel sibbe betekenisvolle bydraes kan lewer in die aanpassing na 'n egskeiding, blyk dit dat sibbe selde oor die egskeiding van hulle ouers praat. In 'n studie deur Jennings en Howe (2001), het 83% van die kinders in hulle steekproef genoem dat hulle nie met hulle sibbe praat oor die egskeiding nie. Verskeie moontlike verklarings word hiervoor aangevoer, waarvan ouderdomsverskille tussen sibbe as die grootste rede gegee word. Indien daar 'n groot ouderdomsgaping tussen die kinders was, kon dit vir hulle moeilik gewees het om daaroor te praat aangesien hulle moontlik verskillende persepsies en begrip rakende hulle ervarings kon gehad het. Nietemin kan sibbe-verhoudings in egskeidingsgesinne dien as 'n stabiele subsisteem wat aan kinders kontinuïteit bied, in 'n tyd van oorgang en onsekerheid.

### 2.5.3 Omgewingsveranderlikes en faktore buite die gesin

#### 2.5.3.1 Verliese en veranderinge in die omgewing

Die lewens en verhoudings van kinders in egskeidingsgesinne word kenmerkend geaffekteer. Hierdie kinders moet verskeie aanpassings hanteer: 'n verandering in die gesin se ekonomiese status, 'n moontlike verandering van huis en skoolomgewing, verminderde toegang tot verskeie hulpbronne en soms 'n algehele verandering in lewenstyl (Kelly, 2000; Simons *et al.*, 1999; Thompson & Rudolph, 1992). Groot veranderinge, soos om te verhuis na 'n nuwe woning, is vanselfsprekend stresvol, maar selfs kleiner veranderinge in hulle daaglikse roetine kan betekenisvol wees. Hierdie veranderinge veroorsaak 'n verskeidenheid van emosies wat positief of negatief kan wees.

Dit gebeur dikwels dat moeders, wat voorheen geheel en al verantwoordelik was vir die grootmaak van die kinders, moet gaan werk. Herbert (1996) noem dat daar 'n noue verband tussen armoede en die afwesigheid van 'n vader is. Armoede plaas 'n moeder onder groot stremming. In die geval waar daar geldelike tekorte in 'n huishouding is, kan die moeder genoodsaak wees om 'n ekstra inkomste te verdien, wat haar tyd met die kinders kan beperk. Dit lei soms tot onvoldoende beskerming en supervisie van die kind.

Die nadelige effek van armoede op kinders is omvattend. Oor die algemeen impliseer dit minder geld, swakker behuising in 'n armer woonbuurt, swakker onderwys en 'n laer kwaliteit van dagsorg (Kelly, 2000; Simons *et al.*, 1999; Wolchik & Sandler, 1997). Verhuising beteken ook dat kontak verloor kan word met vriende en ander individue wat hulp en ondersteuning kon bied. Vir baie kinders, afkomstig uit egskeidingsgesinne, is dit ook nie moontlik om 'n universiteit of kollege by te woon nie, omdat daar nie genoegsame fondse is nie.

Kinders van geskeide ouers kan genoodsaak word om die rol van 'n afwesige ouer aan te neem en fisiese en emosionele verantwoordelikhede te vervul wat bo hulle vermoëns is (Thompson & Rudolph, 1997). Wallerstein en Bundy (1984) verwys na : "The overburdened child" (p. 23).

Dit is duidelik dat 'n egskeiding slegs die eerste stap in 'n proses van gesinsveranderinge en aanpassings is. Die aantal negatiewe lewensgebeure waaraan kinders blootgestel word na 'n egskeiding, blyk 'n konstante voorspeller te wees van hulle aanpassing.

#### 2.5.3.2 Sosiale ondersteuningstelsels

Navorsers is dit eens dat daar 'n verband tussen sosiale ondersteuning en kinders se aanpassing na 'n egskeiding is (Amato, 2000; Davidson & Moore, 1996; Gilbert, 2002; Hans & Fine, 2001; Richardson & Rosen, 1999; Smith, 1996; Wallerstein & Blakeslee, 1989; Wolchik & Sandler, 1997). Egskeiding kan

beskou word as die enigste gesinskrisis waartydens sosiale ondersteuning wegval (Davidson & Moore, 1996).

Die aard van 'n egskeiding impliseer dat kinders se verhoudings met belangrike persone in hulle lewens bedreig word (Wolchik & Sandler, 1997). Tydens die meeste krisisse reik ouers instinktief uit na hulle kinders en trek ouers hulle kinders nader vir veiligheid. Wanneer daar egter 'n egskeiding plaasvind binne 'n gesin, is ouers geneig om hulle kinders te laat wag terwyl hulle eers aandag skenk aan hulle eie probleme. Dit blyk vervolgens logies te wees dat die teenwoordigheid van ondersteunende individue veral belangrik is na 'n ouerlike egskeiding.

Wanneer 'n gesinslid afsterwe, bring dit onmiddellik hulp en ondersteuning van ander teweeg (Wallerstein & Blakeslee, 1989). Selfs na natuurlike rampe, kom vriende en bure bymekaar om diegene in nood by te staan. Wanneer die krisis egter 'n egskeiding is, is vriende bang dat hulle forseer sal word om kant te kies en bure dink dat dit nie hulle besigheid is om betrokke te raak nie. Wanneer die gesinstruktuur ineenstort, word die kind dikwels alleen gelaat, sonder die nodige emosionele ondersteuning.

Sommige kinders het toegang tot ander mense wat hulle kan ondersteun, byvoorbeeld grootouers, 'n spesiale onderwyser, 'n kinderoppasser en ander (Johnston & Roseby, 1997). Die graad van sosiale ondersteuning van volwassenes buite die familie en vriende tydens die kinderjare is grootliks verwant aan die kind se aanpassing na die egskeiding (Gilbert, 2002).

Wallerstein en Kelly (1980) het bevind dat die enigste groep kinders in hulle steekproef, wat nie die intense eensaamheid na die skeiding ervaar het nie, daardie adolessente was wat goed gefunksioneer het en oor die kapasiteit beskik het om op hulle portuurgroep te steun vir vermaaklikheid en ondersteuning, asook hulle vaders se volgehoue belangstelling geniet het.

Hans en Fine (2001) het in hulle kwalitatiewe studie aan kinders gevra wat vir hulle die egskeiding van hulle ouers makliker sal maak. Uit al die antwoorde, was daar een behoefte wat ál die kinders genoem het, naamlik dat hulle iemand wou gehad het om mee te praat. Volgens die kinders was hulle vriende nie altyd in die posisie om die nodige ondersteuning en empatie te verleen nie, aangesien hulle nie daartoe in staat was om te begryp waardeur hierdie kinders gaan nie.

## 2.6 SAMEVATTING

Egskeiding is nie 'n enkele gebeurtenis in die lewe van 'n gesin nie, maar 'n uitgerekte proses wat gepaard gaan met groot veranderinge en aanpassings. Daar is omvattende bewyse dat dit een van die moeilikste uitdagings en pynlikste ervarings is wat kinders en ouers lewenslank kan konfronteer.

Navorsing dui daarop dat egskeiding, of te wel die egskeidingsproses, 'n definitiewe impak het op kinders wat betref hulle fisiese gesondheid, emosionele welstand, akademiese prestasie en interpersoonlike verhoudings. Egskeiding verhoog die waarskynlikheid dat kinders verskeie aanpassingsprobleme kan ontwikkel en voor struikelblokke te staan kan kom, wat kan inmeng met die normale ontwikkelingsprosesse van kinders. Navorsers het bevind dat kinders uit egskeidingsgesinne 'n groter risiko toon om oor die langtermyn, sielkundige probleme te ontwikkel, aangesien dit wat kinders waarneem en ervaar, deel word van hulle innerlike beskouing van die wêreld.

Kinders reageer nie almal dieselfde op 'n ouerlike egskeiding nie. Daar is 'n verskeidenheid faktore wat kinders se aanpassing na 'n egskeiding kan beïnvloed, waaronder individuele faktore, ouerlike – en gesinsfaktore en omgewingsfaktore wat in ag geneem moet word.

In die lig van bogenoemde, het die sielkundige 'n definitiewe rol om te vervul in die ondersteuning van kinders afkomstig uit egskeidingsgesinne, ten einde hulle aanpassing te bevorder en die komplekse emosies wat hulle ervaar, te verwerk.

Terapeutiese hulpverlening aan kinders uit egskeidingsgesinne sal vervolgens in Hoofstuk 3 bespreek word.

HOOFSTUK 3

# TERAPEUTIESE HULPVERLENING AAN KINDERS UIT EGSKEIDINGSGESINNE

## 3.1 ORIËNTERING

Die verligting van die gevolge van egskeiding vir beide ouers en kinders word al meer noodsaaklik en dringend. Ouers wat besig is om te skei, soek outomaties regsadvies, maar relatief min soek professionele hulp vir hulle emosionele probleme (Herbert, 1996). Prokureurs kan nie help met die pynvolle emosies van woede, skuldgevoelens, hartseer, angs en wanhoop, wat ouers ervaar met die mislukking van 'n verhouding nie en kan ook nie kinders help, wie se ouers so gepreokkupeerd is met hulself, dat hulle nie in staat is om hulle kinders se behoeftes te bevredig nie. Die meerderheid kinders word afgeskeep tydens die egskeidingsproses en in 'n emosionele vakuum gelaat.

Verskeie skrywers is dit eens dat kinders addisionele ondersteuning nodig het om aan te pas by die krisis van die ontbinding van hulle huidige gesin en al die veranderinge wat hiermee gepaard gaan (Cronje, 1997; Gilbert, 2002; Neuman, 1998; Van der Merwe, 1994; Wallerstein & Blakeslee, 1989). Volgens Davidson en Moore (1996) kan egskeiding beskou word as die enigste gesinskrisis waartydens sosiale ondersteuning wegval. Tydens die meeste krisisse reik ouers instinktief uit na hulle kinders en trek ouers hulle kinders nader aan hulle vir veiligheid. Ten tye van 'n egskeiding, is ouers egter geneig om hulle kinders te laat wag, terwyl hulle eers aandag skenk aan hulle eie probleme.

Dit is belangrik dat kinders die traumatiese ervaring van 'n egskeiding verwerk en die gebeure in perspektief sien (Lubowski, 1995). Indien kinders alleen gelaat word om self die trauma van egskeiding te verwerk, word waardevolle energie (wat gebruik moes word om natuurlike groeiverwante take te bemeester)

vermors, in plaas daarvan om aan te pas by die egskeiding en die komplekse emosies te verwerk (Schoeman & Van der Merwe, 1996). Effektiewe terapie blyk dus vir kinders wie se ouers geskei is, al hoe belangriker te wees.

Ondersteuningsprogramme vir egskeidingsgesinne verminder kenmerkend die waarskynlikheid dat kinders geestesversteurings as adolessente sal ontwikkel (Mental Health Weekly, 2002). Navorsers het bevind dat die voorkoms van geestesversteurings onder adolessente afkomstig uit egskeidingsgesinne tot 23.5% verhoog, indien daar geen terapeutiese ingrepe na hulle ouers se egskeiding was nie, in vergeleke met slegs 11% by kinders wat wel terapeutiese ingrepe ontvang het. Hierdie bevinding opsigself dui op die noodsaaklikheid van hulpverlening aan kinders uit egskeidingsgesinne.

Van der Merwe (1994) is van mening dat al ervaar 'n kind in die gegewe situasie geen aanpassingsprobleme nie, hy baat kan vind by ondersteuning ten einde probleme rakende sy ouers se egskeiding te hanteer, of om latere probleme te voorkom.

Daar sal in hierdie hoofstuk eerstens aandag geskenk word aan die bestaande dienste vir kinders, met die onderskeiding tussen *direkte - en indirekte intervensies*, asook *gesamentlike ouer-kindprogramme*. Aangesien die skool 'n belangrike funksie het om te vervul, beide as 'n direkte én indirekte diensleweringsinstansie, sal dit afsonderlik bespreek word. Laastens word daar verskeie riglyne weergegee wat gestel kan word vir terapeutiese hulpverlening aan hierdie groep kinders en word aanbevelings gemaak ten opsigte van toekomstige hulpverlening aan kinders uit egskeidingsgesinne.

## 3.2 BESTAANDE DIENSTE VIR KINDERS

Verskillende dienste word aangebied vir kinders uit egskeidingsgesinne. In hierdie studie sal daar onderskei word tussen *direkte intervensies*, *indirekte intervensies* en gesamentlike *ouer-kindprogramme*. *Direkte intervensies* verwys

na dienste waarby die kind self betrokke is. *Indirekte intervensies* behels dienslewering aan ouers, die rol van die skool as 'n hulpverleningsinstansie asook gemeenskapsopvoeding. Alhoewel indirekte intervensies die kind nie direk betrek nie, dra dit op 'n indirekte wyse by tot verbeterde aanpassing by kinders. *Gesamentlike ouer-kindprogramme* verleen gelyktydige ondersteuning en leiding aan beide kinders en hulle ouers.

### 3.2.1 Direkte intervensie

Onder die opskrif *direkte intervensies* sal gefokus word op individuele psigoterapie en groepsterapie. Individuele psigoterapie val nie binne die fokusarea van die huidige studie nie, en sal slegs kortliks bespreek word.

#### 3.2.1.1 Individuele psigoterapie

Individuele psigoterapie kan beskou word as die konvensionele metode van sielkundige behandeling, waarvolgens 'n kind individueel deur 'n psigoterapeut gesien word vir 'n beperkte aantal terapeutiese sessies (Mash & Wolfe, 2002). Individuele psigoterapie is hoofsaaklik gefokus op die rede vir 'n verwysing of die presenterende simptome tydens assessering.

Volgens Dodds (1987) is psigoterapie met 'n kind 'n proses waartydens 'n kind gehelp word vanuit 'n verhouding met 'n terapeut ten einde emosionele, kognitiewe en interpersoonlike probleme op te los. Die proses is daarop gerig om die kind se funksionering te bevorder, hetsy deur interne pyn te verminder, ongewenste gedrag te verander of verhoudings tussen die kind en ander belangrike persone in die kind se lewe, te verbeter.

Die hoeveelheid en verskeidenheid van psigoterapeutiese benaderings tot kinders, het toegeneem tot meer as 550 (Kazdin, 2000). Meer as 70% van sielkundiges wat met kinders en hulle gesinne werk, identifiseer hulle benadering as eklekties, wat beteken dat hulle verskillende benaderings gebruik en kombineer met kinders met verskillende probleme en omstandighede (Mash &

Wolfe, 2002). Daar is dus nie 'n enkele terapeutiese invalshoek wat in die praktyk gebruik word in terapie met kinders uit egskeidingsgesinne nie.

Spelterapie is 'n belangrike komponent van individuele psigoterapie met kinders uit egskeidingsgesinne en is veral geskik vir gebruik by jong kinders wie se verbale vermoëns meestal nog swak ontwikkel is. Dodds (1987) stel dit dat spelterapie eerder 'n tegniek as 'n samevoegende teorie is. Daar is verskeie benaderings tot spelterapie, waaronder Axline (1993) se nie-direktiewe spelterapie, Jernberg en Booth (2001) se direktiewe benadering en Oaklander (1978) se gestaltterapeutiese benadering, wat enkele voorbeelde is. Spel word gesien as die kind se natuurlike medium van kommunikasie en dit is deur spel dat die kind sy/haar gevoelens van frustrasie, vrees, onsekerheid, aggressie en ander, uitspeel (Axline, 1993). Die speelgoed word beskou as implimente waarmee die kind hom-/haarself kan uitdruk en vrye spel dien as 'n uitlaatklep vir onderdrukte gevoelens en houdings. Die psigoterapeut se konseptualisasie van die kind se probleem beïnvloed grootliks the verloop van terapie, selfs waar 'n nie-direktiewe benadering gevolg word (Dodds, 1987).

Van der Merwe (1994) stel 'n model voor vir korttermyn, individuele terapie met jong kinders in egskeidingsituasies en bespreek vyf spelvorme, naamlik ontspanning-, assessering-, biblio-, gedramatiseerde - en skeppende spel.

Ontspanningspel is daarop gerig om 'n omgewing te skep wat voordelig vir terapie is. Van der Merwe (1994) beklemtoon dat terapie pret moet behels en op die vlak van die kind moet wees. Die terapeutiese klimaat moet die intervensie ondersteun. Ontspanningspel sluit tegnieke soos gerigte fantasie, die gebruik van musiek en diere, ysbrekers, speletjies en progressiewe ontspanning in.

Assesseringspel geskied gedurende die eerste twee sessies en word gebruik om die kind se kennis en gevoelswoordeskat te assesseer. Verskeie bordspeletjies kan hiervoor gebruik word.

Biblioterapie is 'n vorm van spel wat boeke, lees en die geskrewe woord benut, asook die visuele media (Van der Merwe, 1994). Dit sluit byvoorbeeld die gebruik van onvoltooide sinne, kaarte, briewe, gedigte, die emosionele barrometer, lewensboeke, tydskrifte, prente en dagboeke in. Boeke wat benut kan word vir biblioterapie, is onder andere "Dinosaurs Divorce – A guide for changing families" (Brown & Brown, 1987), "Daddy doesn't live here anymore" (Boegehold, 1985), Martiens se alleenste somer (Nystrom, 1988) en "The boy's and girl's book about divorce" (Gardner, 1970).

Gedramatiseerde spel behels dat aan die kind die geleentheid gegee word om te midde van bedreigende situasies te speel, binne 'n veilige omgewing. Hierdie vorm van spel vereis kreatiwiteit en vaardigheid van die terapeut. Verskeie tegnieke kan gebruik word, byvoorbeeld rollespel en speletjies, soos die "Talking, feeling, doing game" (Gardner, 1986). Verskillende poppe (hand-, vinger- en papierpoppe) kan gebruik word. Maskers dien ook as effektiewe hulpmiddels vir die uitlewing van emosies.

Skeppende spel sluit meer aspekte as blote kunsterapie in. Allan en Clark (1984) omskryf die sentrale waarde van skeppende spel as volg:

> *Painting and drawing, especially in the counselling setting, activate growth and change; that is, the images and symbols a child uses are both safe 'containers' and 'transformers' of emotions and feelings. Once painful images have been expressed this way, new growth occurs both in the conscious and unconscious. (p.117)*

Laasgenoemde drie spelvorme kan met sukses gebruik word om aan die kind die geleentheid te bied tot gevoelsontlading op 'n veilige, nie-bedreigende wyse.

Rutter (1982) wys daarop dat die doel van psigoterapie daarin geleë is om die kind se begrip vir sy ervarings en omstandighede te ontwikkel, maar dat dit beide onklaar en dwaas sal wees, indien die terapeut nie besef dat dit dikwels nodig mag wees om alternatiewe voor te stel in die hantering van die probleme nie, en soms ook omgewingsmanipulasies daar te stel nie. Dit kan behels dat die

psigoterapie gekombineer moet word met opvoedkundige metodes, 'n manipulasie van die omgewing en/of tegnieke, met die oog op verandering van gedrag. Die waarde van korttermyn psigoterapeutiese ingrepe, behels dikwels 'n buigsame samevoeging van verskillende terapeutiese metodes, ten einde die beste uitkoms te bewerkstellig (Rutter, 1982).

Tydens individuele psigoterapie ontvang die kind die onverdeelde aandag van 'n terapeut. Daar word aktief gefokus op die individuele kind en sy/haar behoeftes, en die terapeutiese ingrepe word hoofsaaklik gerig deur die terapeut se verstaan van die individuele kind en sy/haar omstandighede. Hierdie individuele aandag gaan dikwels tydens groepsterapie verlore.

'n Leemte van individuele psigoterapie is dat die waardevolle portuurgroepkontak, afwesig is. Individuele psigoterapie word verder ook as 'n luuksheid beskou binne die openbare sektor, weens 'n tekort aan gemeenskaps-sielkundige dienste en fondse. Die gevolg is dat die dienste van 'n sielkundige in privaatpraktyk gebruik moet word, wat dikwels slegs beskikbaar is vir 'n gedeelte van die bevolking wat dit kan bekostig of oor die nodige mediese fondsfasiliteite beskik.

#### 3.2.1.2 Groepsterapie

Verskeie skrywers is dit eens dat 'n groepproses die aangewese metode is om kinders van geskeide ouers te help (Cronje, 1997; Kalanjee, 2001; Neuman, 1998; Richardson & Rosen, 1999; Smith, 1996; Wolchik & Sandler, 1997). Volgens Wolchik en Sandler (1997) word die groepformaat verkies bo individueel-georiënteerde terapie aangesien dit die ervaring van egskeiding normaliseer en 'n ondersteunende netwerk van portuur, wat soortgelyke stres ervaar, voorsien. Smith (1996) het bevind dat 'n groepprogram kan bydra tot positiewe veranderinge in kinders se persepsies rakende hulle ouers se egskeiding, asook 'n verbetering in selfkonsep. 'n Verdere voordeel van 'n groepformaat, is dat meer kinders terselfdertyd gehelp kan word, wat dit meer

ekonomies maak as wat die geval is met individuele benaderings (Wolchik & Sandler, 1997).

Groepe vir kinders uit egskeidingsgesinne deel gewoonlik sekere doelwitte (Wolchik & Sandler, 1997): Eerstens word daar gepoog om kinders se persepsies en interpretasies van die egskeidingsverwante gebeure te verhelder ten einde beter begrip te ontwikkel vir die egskeiding en hulle rol in die egskeidingsproses. Tweedens help dit kinders om beter hanteringsmeganismes aan te leer vir die hantering van ontstellende gevoelens, ouer-kind konflik en ander stressors. Derdens word daar gepoog om kinders se vlak van sosiale ondersteuning te verhoog.

Verskeie groepprogramme vir kinders is reeds ontwikkel. 'n Literatuuroorsig deur Richardson en Rosen (1999) dui aan dat die volgende vier programme uitstekende modelle vir intervensie is:

- Goldman en King (1985) se "School Services Program of the Center for the Family in Transition".
- Stolberg en Mahler (1989, 1994) se skoolgebaseerde intervensieprogram.
- Sanders en Riester (1996) se skoolgebaseerde intervensieprogram.
- Pedro-Carroll, Alpert-Gillis en Cowen (1992) se "Children of Divorce Intervention Program" (CODIP).

Laasgenoemde twee programme sal kortliks bespreek word, waarna Cronje (1997) se psigologiese ondersteuningsprogram vir kinders uit egskeidingsgesinne bespreek sal word. Die Sandcastles-program sal volledig bespreek word in hoofstuk 4, aangesien dit die hooffokus van hierdie studie is. Goldman en King (1985), asook Stolberg en Mahler (1989, 1994) se programme sal onder *gesamentlike ouer-kindprogramme* bespreek word.

- **Sanders en Riester (1996) se skoolgebaseerde intervensieprogram**

Die program wat deur Sanders en Riester ontwikkel is, strek oor tien weke. Die groeplede in hulle ondersoekgroep het bestaan uit graad-5 leerlinge en hulle het weekliks vir 30 minute byeengekom. Die groepleier was 'n berader met 19-jaar ondervinding by die betrokke laerskool. Die hoofdoelwit van hierdie program was om die kinders se begrip van egskeiding te bevorder en insig in hulle denke en gevoelens, rondom hulle ouers se egskeiding, te ontwikkel. 'n Verdere doelwit was die aanleer van vaardighede in die hantering van probleme wat geassosieer word met ouerlike egskeiding.

Sanders en Riester se program spesifiseer nie wat tydens elke sessie bereik moet word nie (Richardson & Rosen, 1999). Die outeurs lys eerder algemene kenmerke wat ingesluit kan word by elke sessie, byvoorbeeld: wat is egskeiding?; hoekom skei mense?; die gevoelens wat ervaar word; die hantering van emosies, skuldgevoelens en verdeelde lojaliteite; gesinsveranderinge; toesighouding en nuwe verblyfreëlings; en stiefgesinne.

Die bevindings van Sanders en Riester se evaluering dui daarop dat deelname aan die program bygedra het tot verbeterde portuurverhoudings en verhoogde gevoelens van sosiale aanvaarding. Die deelnemers se gevoelens met betrekking tot die egskeiding het normaliseer, wat hulle meer gemaklik en selfversekerd in hulle interaksie met hulle portuurgroep laat voel het.

'n Voordeel van hierdie program is dat dit deur die individuele psigoterapeut aangepas kan word om spesifieke behoeftes aan te spreek. Die program het nie 'n vaste struktuur met spesifieke riglyne en doelstellings vir elke sessie nie, maar gee aan die terapeut die vryheid om die sessies te beplan. Dit kan egter ook as 'n leemte geïnterpreteer word. Die afwesigheid van 'n vaste struktuur en 'n volledige handleiding, impliseer dat eenvormige aanbieding nie moontlik is nie en gevolglik leen die program hom ook nie tot evaluerende navorsing nie.

**□ Pedro-Carroll, Alpert-Gillis en Cowen (1992) se "Children of Divorce Intervention Program" (CODIP)**

Dit blyk dat hierdie program, in vergelyking met die ander programme, die meeste bestudeer word. CODIP is 'n skoolgebaseerde, voorkomende intervensieprogram, met twee sleutelkomponente, naamlik ondersteuning deur 'n groep en opleiding in sosiale vaardighede (Pedro-Carroll *et al.*, 1999). Die program behels primêre en vroeë, sekondêre voorkomingstrategieë wat voortydige intervensie bied vir mense wat stresvolle lewensveranderinge ervaar, en kan belangrike kort- en langtermynvoordele inhou. Die basiese beginsels van die program is as volg (Pedro-Carroll *et al.*, 1992):

- Die vestiging van 'n ondersteunende groepsomgewing waarbinne kinders vrylik hulle ervarings kan deel, algemene bande kan vestig en wanpersepsies kan uitklaar.
- Die aanleer van vaardighede wat kinders se kapasiteit uitbou om stresvolle veranderinge wat gepaard gaan met die egskeiding, te hanteer.

Wallerstein en Blakeslee (1989) se take wat kinders in egskeidingsituasies moet bemeester, word weerspieël in die doelwitte van die program. Bo en behalwe die program se fokus op die uitbouing van begrip vir die egskeiding en die verbetering van kinders se hanteringsvaardighede, streef die program ook daarna om kinders se agting vir hulself en hulle gesinne te verbeter.

Die program se spesifieke doelwitte is as volg (Richardson & Rosen, 1999):

- Voorsien 'n ondersteunende groepsatmosfeer.
- Help kinders om hulle gevoelens te identifiseer en uit te druk.
- Bevorder begrip vir egskeidingsverwante konsepte en verhelder egskeidingsverwante misverstande.
- Ontwikkel vaardighede in sosiale probleemoplossing, effektiewe kommunikasie, die soeke na ondersteuning en gepaste uitdrukking van woede.
- Bevorder kinders se positiewe persepsies rakende hulself en hulle gesinne.
- Bevorder kommunikasie tussen ouers en kinders.

- Fasiliteer 'n vloeiende terminering van die groep, met 'n instandhouding van ondersteuning.

Die eerste vier sessies van die program fokus op die affektiewe komponent (Richardson & Rosen, 1999). Die tyd word benut om kinders veilig te laat voel binne die groepsopset. Die kinders deel algemene gevoelens en ervarings wat geassosieer word met 'n egskeiding, en dra so by tot 'n normalisering van gevoelens. Sessies 5 tot 11 fokus op aanpassende hanteringsvaardighede en 'n uitbouing van weerbaarheid. Die doel is om kinders te help met die toepassing van probleemoplossingsvaardighede in probleemsituasies. Die aanleer van hierdie vaardighede help kinders om hulle stresvlakke te verlaag tydens die egskeidingsproses. Die laaste drie sessies (12 tot 14) gee aandag aan selfagting en die terminering van die groep. Tydens die laaste twee sessies word die kinders aangemoedig om spesifieke persone binne die groep te identifiseer wat geskakel kan word, indien hulp in die toekoms benodig word.

Die program toon 'n positiewe effek op kinders se aanpassing (Pedro-Carroll & Alpert-Gillis, 1997; Wolchik & Sandler, 1997). In vergelyking met kinders uit egskeidingsgesinne wat nie aan die program deelgeneem het nie, sowel as kinders uit intakte gesinne, rapporteer die groepdeelnemers meer positiewe gevoelens met betrekking tot hulself en hulle gesinne, asook groter vertroue in hulle eie hanteringsvaardighede.

Verskeie evaluerings van hierdie program tot op hede, dui daarop dat kinders uit egskeidingsgesinne bevoordeel word deur 'n vroeë, ondersteunende intervensieprogram, wat aan hulle die geleentheid bied om vaardighede te bekom wat sal bydra tot verbeterde hantering van probleme en die groot veranderinge tydens die egskeidingsproses (Pedro-Carroll *et al.*, 1999).

Wat van hierdie program betekenisvol is, is die integrasie van die affektiewe -, kognitiewe - en gedragsaspekte, wat sodoende 'n omvattende benadering daarstel. Die program erken die emosionele verwarring wat kinders na 'n egskeiding ervaar en gebruik vier sessies vir hierdie doel. Dit gaan egter ook

verder deur kinders se begrip vir egskeiding en die gepaardgaande verliese uit te bou, asook om hanteringsvaardighede aan te leer vir verbeterde interpersoonlike funksionering. Die program is gebaseer op deeglike navorsing en verskeie studies het reeds die effektiwiteit van die program bevestig.

- **Cronje se psigologiese ondersteuningsprogram vir kinders uit egskeidingsgesinne (1997)**

Cronje, 'n Suid-Afrikaanse sielkundige, het 'n psigologiese ondersteuningsprogram vir kinders tussen die ouderdomme van 9 tot 12 jaar, wat afkomstig is uit egskeidingsgesinne, ontwikkel en geëvalueer.

Die spesifieke doelstellings van die program is as volg:

- Om deur middel van 'n groepbenadering ondersteuning tussen die groeplede en die groepleier, asook die groeplede onderling, te bewerkstellig.
- Om inligting oor egskeiding te verskaf en wanopvattings daaroor uit te klaar.
- Om kinders te help om gevoelens wat met egskeiding verband hou, te identifiseer en te verbaliseer.
- Om vaardighede aan te leer om die lewenseise ná ouers se egskeiding te hanteer.
- Om kinders te help met die ontwikkeling van 'n positiewe houding ten opsigte van hulself, hulle gesin en hulle ouers se egskeiding.

Die program bestaan uit tien sessies wat een keer per week aangebied word en 90 minute elk duur. Elke sessie verloop volgens die volgende drie hoofmomente:

- Inleidende aktiwiteite.
- Stimuleringsaktiwiteite.
- Afsluitingsaktiwiteite.

Met die program word daar gepoog om deur middel van 'n vaste struktuur, 'n veilige, nie-bedreigende klimaat vir die groeplede te skep. 'n Groot verskeidenheid aktiwiteite (saamdoen en selfdoen), speletjies, tekeninge, biblioterapie, vrae om oor na te dink en opdragte om tuis te doen, is ontwerp om

die doelstellings van die studie te bereik en om kommunikasie tussen groeplede te bevorder.

Alhoewel ouers nie direk betrokke is tydens die groepsbyeenkomste nie, word kommunikasie tussen ouers en kinders aangemoedig in die vorm van huiswerkopdragte. 'n Nuusbrief word ook aan die ouers gestuur wat hulle aandag op hulle kinders se behoeftes fokus.

Daar is bevind dat hierdie program positiewe resultate teweegbring ten opsigte van kinders se selfkonsep, depressie en denkpatrone rakende ouerlike egskeiding.

'n Waardevolle bydra van hierdie gestruktureerde ondersteuningsprogram is dat 'n volledige handleiding voorsien word wat die aanbieding van die program vergemaklik. Veral die jong, onervare terapeut sal baat vind by die duidelike riglyne wat vir elke sessie gegee word. Die program is buigsaam en kan aangepas word volgens die spesifieke behoeftes van kinders.

'n Vorm van kritiek wat dikwels gelig word teenoor gestruktureerde groepe, is dat 'n vaste struktuur nie genoegsame ruimte bied vir die bespreking van onmiddellike probleme wat in die lewe van individuele kinders ervaar mag word nie. Die verantwoordelikheid rus egter by die groepleier om buigsaam te wees in die aanbieding van die program en ruimte te laat vir die bespreking van onvoorsiene kwessies wat mag opduik.

### 3.2.2 Indirekte intervensie

Ten opsigte van hierdie aspek sal daar gefokus word op intervensie met ouers, asook voorkomende intervensies deur middel van gemeenskapsopvoeding. Indirekte intervensie deur middel van die skool sal afsonderlik bespreek word, onder 3.3.

#### 3.2.2.1 Intervensie met ouers

Net soos wat 'n huwelik as min of meer suksesvol of as 'n mislukking beskou kan word, kan 'n egskeiding ook gesien word as min of meer suksesvol of as 'n mislukking om sy doel te bereik. In die geval van 'n suksesvolle egskeiding is die volwassenes daartoe in staat om op 'n tydige wyse hulle woede, teleurstelling en verlies deur te werk, hulle huweliksverhouding te beëindig (wetlik en emosioneel), terwyl hulle terselfdertyd hulle ouerlike verbintenis teenoor hulle kinders behou en herbou (Johnston & Roseby, 1997). 'n Suksesvolle egskeiding kan kinders verlig van die daaglikse stres van openlike ouerlike konflik en geassosieerde woede en depressie. Hierdie oorgang is nie maklik nie. Daar is omvattende bewyse dat dit een van die moeilikste uitdagings en pynlikste ervarings is wat kinders en ouers kan konfronteer dwarsdeur hulle lewens. Dit neem verder ook tyd. Oor die algemeen duur die konflik en onrus voort vir twee tot drie jaar na die egskeiding, alhoewel daar ook groot variasie kan wees (Johnston & Roseby, 1997). Sommige verhoudings neem jare om te termineer en ander word nooit afgehandel nie.

Tydens en na 'n egskeiding ervaar kinders 'n groot behoefte aan emosionele gerusstelling (Hans & Fine, 2001). Dit is egter ook 'n tydperk waartydens die ouers deur 'n emosioneel onstabiele periode gaan wat hulle vermoëns om die nodige ondersteuning aan hulle kinders te bied, ernstig kan belemmer. Psigoterapie wat daarop gerig is om ouers te help om hulle onderliggende emosies deur te werk, kan in hierdie opsig ook voordelig wees vir die kind. Waar individuele terapie vir geskeide ouers gewoonlik fokus op meer aspekte as slegs die kinders se behoeftes, trek kinders indirek voordeel uit hulle ouer(s) se verhoogde energievlak, verminderde angstigheid en depressie, en hulle vermoë om onafhanklik te funksioneer (Cronje, 1997). 'n Studie deur Wolchik en Sandler (1997) oor die effektiwiteit van intervensieprogramme vir enkelouers ten opsigte van die moeder-kindverhouding, het aangetoon dat 'n fokus op ouers 'n effektiewe wyse is om sekere van die newe-effekte van egskeiding op kinders te versag. Daar is bevind dat dit op 'n direkte wyse sommige van die faktore wat verband hou met kinders se aanpassing, aanspreek.

Die kwaliteit van beide ouers se ouerskapvaardighede na die egskeiding, blyk 'n belangrike bydraende faktor te wees ten opsigte van kinders se aanpassing na egskeiding (Cronje, 1997). Wanneer ouers gepaste emosionele ondersteuning bied, op 'n verantwoordelike wyse kinders se aktiwiteite monitor, outoritêre dissipline toepas en ouderdomsgepaste verwagtinge koester, blyk kinders en adolessente beter aangepas te wees (Kelly, 2000).

Navorsing dui daarop dat volwassenes beter aanpas na 'n egskeiding wanneer hulle voldoende ondersteuningsisteme beskikbaar het (Cronje, 1997). In die verband hou 'n groepbenadering vir geskeide ouers definitiewe voordele in, aangesien dit gevoelens van eensaamheid verminder en as ondersteuning dien. Verbeterde aanpassing van die ouers dra vanselfsprekend by tot verbeterde aanpassing by die kinders.

Sommige van die programme wat beskikbaar is, fokus hoofsaaklik op die ouers se persoonlike belewenisse van die egskeiding (Cronje, 1997). Daar is egter ook groepprogramme beskikbaar wat klem lê op die geskeide persoon se rol as ouer en die hantering van kinders. Volgens Hans en Fine (2001) kom hierdie formaat van opvoedkundige intervensie aan ouers toenemend voor. 'n Gevolg van die bevindings rakende die negatiewe effek van egskeiding op kinders, is dat verskeie howe in die Verenigde State die deelname aan opvoedkundige egskeidingsprogramme vir ouers verpligtend maak (Davidson & Moore, 1996). Die doel van laasgenoemde tipe program is om ondersteuning te bied en inligting te verskaf aan enkelouers rakende die rol van die enkelouer en ouerskapsvaardighede.

Openlike konflik en probleme tussen die geskeide ouers word deur kinders geïdentifiseer as twee van die belangrikste faktore wat 'n egskeiding vir hulle moeilik maak (Hans & Fine, 2001). Egskeidingsprogramme kan veral van waarde wees indien dit ouers bewus maak van hulle kinders se behoeftes en sodoende kinders se aanpassing by hulle ouers se egskeiding vergemaklik.

Navorsingsbevindinge oor die effektiwiteit van opvoedkundige programme aan ouers na 'n egskeiding, blyk belowend te wees. Arbuthnot en Gordon (1996) het in hulle ses maande opvolgstudie oor die effektiwiteit van opvoedkundige programme aan ouers, bevind dat ouers meer verdraagsaam was teenoor hulle gewese eggenoot. Daar is verder ook gevind dat ouers oor die algemeen dit vermy het om hulle kinders bloot te stel aan konfliksituasies, asook meer bewus was van hulle kinders se gevoelens in vergelyking met 'n kontrole groep van ouers wat nie die opvoedkundige program bygewoon het nie.

In die lig van bogenoemde, is dit duidelik dat intervensie met ouers, gedurende en na 'n egskeiding, 'n waardevolle bydra kan lewer tot verbeterde aanpassing onder kinders.

#### 3.2.2.2 Gemeenskapsopvoeding

Volgens Stolberg en Walsh (1988) behels gemeenskapsopvoeding twee aspekte, naamlik intervensies vir getroude pare wat daarop gerig is om huweliksprobleme en egskeiding te voorkom, en intervensies wat fokus op die samelewing in geheel, deur gemeenskapsopvoeding. Gemeenskapsopvoeding behels dat professionele persone hulle kennis en navorsing met die algemene publiek moet deel. So byvoorbeeld moet die samelewing ingelig word rakende die gevolge van egskeiding en die bestaande dienste vir die ondersteuning van egskeidingsgesinne.

In die huidige studie het dit duidelik geblyk dat ouers nie bewus is van die bestaande dienste vir ouers en kinders na 'n egskeiding nie. Die sielkundige het 'n verantwoordelikheid om gemeenskappe in te lig oor bestaande dienste vir egskeidingsgesinne en die waarde van terapeutiese ingrepe. Die algemene publiek moet verder ook aangemoedig word om hierdie dienste te benut.

Die belang van sosiale ondersteuning moet beklemtoon word, veral in die lig daarvan dat sosiale ondersteuning dikwels wegval ten tye van 'n egskeiding. Wolchik en Sandler (1997) wys daarop dat die rol van sosiale organisasies in die

fasilitering van kinders se aanpassing na egskeiding, tot op hede beperkte aandag ontvang het. Organisasies en instellings, soos skole, dagsorgsentrums, sport– en sosiale groepe, beskik oor die potensiaal om aan kinders stabiliteit en toegang tot besorgde individue te bied. Betrokkenheid by sosiale groepe kan ook aan kinders 'n gevoel van verbondenheid voorsien, asook konstantheid te midde van veranderinge in hulle gesinslewe.

Cohen (2002) beklemtoon die rol wat pediaters kan vervul om kinders te help in hulle aanpassing by ouerlike egskeiding. Pediaters kan aan gesinne leiding gee tydens die moeilike periode voor en na 'n egskeiding, asook gepaste verwysings rig aan ander professionele persone met kundigheid in die emosionele, sosiale en wetlike aspekte van 'n egskeiding en die nagevolge daarvan. Pediaters kan ook 'n belangrike voorkomende rol vervul in die geval van huweliksonmin, deur ouers in te lig oor terapeutiese hulpverlening. Volgens Cohen (2002) het die pediater twee voorkomende take om te vervul, naamlik die behoud van intakte gesinne waar gepas, of andersins die vermindering van morbiditeit wat geassosieer kan word met egskeidings.

### 3.2.3 Gesamentlike ouer-kindprogramme

Gesamentlike ouer-kindprogramme verwys na intervensies wat op 'n gelyktydige wyse ouers en kinders betrek. Goldman en King, asook Stolberg en Mahler se gesamentlike intervensieprogramme sal kortliks bespreek word.

- **Goldman en King (1985) se "School Services Program of the Center for the Family in Transition"**

Goldman en King (1985) het 'n skoolgebaseerde intervensieprogram ontwikkel wat aktiwiteitsgroepe, opleiding van onderwysers en ouerlike betrokkenheid behels. Die program is ontwikkel vir intervensie met laerskoolkinders en jong adolessente. Die groepe kom weekliks bymekaar vir 50 tot 75 minute, oor 'n tydperk van 6 tot 12 weke.

Tydens die eerste sessie neem die kinders deel aan 'n aktiwiteit, genaamd "Drawings of good and bad changes". Die kinders teken sketse van positiewe veranderinge na die egskeiding, gevolg deur sketse van die negatiewe veranderinge wat plaasgevind het. Hierdie sketse openbaar kinders se gevoelens rakende die egskeiding.

Tydens die tweede byeenkoms word charades uitgespeel wat die kinders in staat stel om verskillende gevoelens te identifiseer en uit te druk. Elke kind ontvang 'n kaart waarop 'n spesifieke emosie geskrewe is. Elkeen kry daarna die geleentheid om sy/haar emosie, soos op die kaart uitgebeeld, te dramatiseer totdat die groeplede die emosie korrek identifiseer.

Sessie drie fokus op die tema van veranderinge binne die gesinsisteem. Elke kind teken 'n skets van 'n positiewe en negatiewe verandering wat gedurende die voorafgaande jaar binne hulle gesin plaasgevind het. Die opvolgende sessies fokus op die temas van besoeke en hanteringsvaardighede. Een doel hiervan is om besoektye meer aangenaam te maak deurdat die kinders aangename en minder aangename besoeke beskryf. Tydens die laaste sessie word daar aan elke kind 'n diploma oorhandig, tesame met 'n opgerolde vel papier waarop riglyne uiteengesit is vir die hantering van ouerlike konfliksituasies.

Die deelname van ouers behels verskeie byeenkomste met groepleiers, die voltooiing van vraelyste rakende hulle kinders, en 'n eenmalige groepsbyeenkoms vir al die ouers wie se kinders betrokke is by die program (Richardson & Rosen, 1999). Onderwysers word gevra om geskrewe evaluasies aan die begin en einde van die program te voltooi. Die groepleiers bespreek aanbevelings vir die verwysing van kinders, met die onderwysers.

Die outeurs van hierdie program het gevind dat die gesamentlike effek van hulle konsultasiepogings, betekenisvol blyk te wees (Richardson & Rosen, 1999). Goldman en King (1985) het verder met hulle natoetsing gevind dat 95% van die kinders wat deelgeneem het aan die program, positiewe en entoesiastiese

reaksies rapporteer het, en spesifiek die ondersteuning binne groepverband as waardevol ervaar het.

'n Waardevolle bydra van die program is dat dit kinders, ouers en onderwysers betrek. Die deelname van onderwysers kan voordelig wees, aangesien onderwysers sodoende insig kan ontwikkel in spesifieke gedrag wat mag voorkom binne die klasopset en dit kan bydra tot realistiese verwagtinge by kinders. 'n Leemte van hierdie program is dat die vaste struktuur en doelgerigtheid van elke byeenkoms nie ruimte laat vir die bespreking van onmiddellike kwessies wat kan opduik tydens 'n sessie nie.

- **Stolberg en Mahler (1989, 1994) se skoolgebaseerde intervensieprogram**

Stolberg en Mahler (1989, 1994) het 'n skoolgebaseerde intervensieprogram ontwikkel wat oor 14 weke strek. Die groepleiers was nagraadse studente in kliniese sielkunde, skoolvoorligters en adjunkhoofde van sekere skole. Die deelnemers het bestaan uit graad 3 tot graad 5 leerders en hulle ouers. Die deelnemers is verdeel tussen een van vier groepe: 'n ondersteuningsgroep; 'n ondersteuning- en vaardigheidsopleidinggroep; 'n ondersteuning-, vaardigheidsopleiding- en oordraggroep en die kontrole groep wat slegs ouerleiding behels het. Al die groepleiers het dieselfde opleiding ontvang ten einde eenvormigheid in die aanbieding van die program te verseker.

Die vaardigheidsopleiding-komponent was daarop gerig om kinders te help om hulle emosies te etiketteer, dit te assosieer met sekere gebeurtenisse en in staat te wees om emosies rakende sekere gebeure uit te druk. Die vaardigheids-oordragkomponent het 'n stel van vier werkswinkels vir ouers, asook 'n "kinderboek" en "ouerboek" gekombineer (Richardson & Rosen, 1999). Die materiaal in die twee boeke het ooreengestem met mekaar, asook met die sessies binne die skool.

Stolberg en Mahler se program het kenmerkende positiewe resultate opgelewer onder diegene wat deelgeneem het aan die vaardigheidskomponent (Richardson & Rosen, 1999). Daar was ook 'n afname in internaliserende en eksternaliserende gedrag en die totale patologie by die huis. Die ondersteuningsgroep was van meer waarde vir die kinders met kenmerkende gedragsprobleme. Met opvolg het laasgenoemde groep die grootste afname in kliniese simptome openbaar.

'n Waardevolle bydra van hierdie program behels dat dit 'n onderskeid tref tussen vaardigheids- en ondersteuningsgroepe en die interessante bevinding is dat laasgenoemde groep meer voordelig blyk te wees oor die langtermyn. Dit maak egter nie voorsiening vir die integrasie van die groepe nie en dit blyk verder dat spesifieke opleiding nodig mag wees ten einde die groepe te kan aanbied.

## 3.3 DIE SKOOL AS HULPVERLENINGSINSTANSIE

Die skool kan kinders uit egskeidingsgesinne help op verskeie direkte en indirekte wyses. Aangesien kinders die meeste van hulle tyd by die skool deurbring, is dit logies dat die skool 'n kritieke funksie het om te vervul in hierdie verband. Indien die onderwysstelsel die verantwoordelikheid het om kinders te leer om hulle volle potensiaal te verwesenlik, en gevolglik ontwikkelingskrisisse te hanteer soos dit voorkom, kan dit nie die betekenisvolle krisis wat 'n egskeiding in die lewe van 'n kind veroorsaak, ignoreer nie (Smith, 1996).

Die skool kan 'n belangrike rol speel as 'n bron van versorging en kontinuïteit ten tye van 'n huweliksontbinding (Richardson & Rosen, 1999). Die skool is ook 'n plek waar ouderdomsgepaste ontwikkelingstake nagestreef kan word. Intervensies is 'n primêre wyse waarop skole kinders kan ondersteun om op 'n effektiewe wyse hulle ouers se egskeiding die hoof te bied, en kan kinders se aanpassing by die nuwe situasie bevorder. Klasonderwysers kan kinders help om die egskeiding beter te begryp en kan wanpersepsies uitklaar (Wolchik & Sandler, 1997). Kinders blameer dikwels hulself vir hulle ouers se egskeiding en

ander volwassenes, soos 'n besorgde onderwyser, kan hierdie valse oortuigings uitklaar. Die blote ondersteuning wat 'n onderwyser kan verleen, kan op sigself bydra tot verbeterde aanpassing.

Die skool kan sekere gedrag en kwaliteite ontwikkel, selfs waar dit nie deur die ouerhuis gekoester word nie (Smilansky, 1992). Skole kan selfs ouers beïnvloed aangesien die skool status en mag versamel deur 'n groot hoeveelheid kundiges onder een dak byeen te bring. Onderwysers kan op 'n indirekte wyse kinders help deur hulle ouers te ondersteun (Wolchik & Sandler, 1997). Skole kan opvoedkundig-georiënteerde programme vir ouers aanbied ten einde ouers in te lig oor die effek van ouerlike egskeiding op kinders, belangrike inligting oor te dra oor bestaande dienste vir egskeidingsgesinne en kan riglyne gee vir ouerskap na 'n egskeiding.

Volgens Hodges (1986) kan die skoolbeleid 'n betekenisvolle impak op kinders uit egskeidingsgesinne maak. Die skool het 'n rol om te vervul deur beide die biologiese ouers betrokke te hou by hulle kinders, en skoolrapporte en ander data kan aan beide ouers gestuur word, ongeag wie vir die toesighouding verantwoordelik is. Kommunikasie tussen ouers en die skool moet aangemoedig word en ouers moet gerusgestel word dat die skool alle inligting vertroulik sal hanteer (Cronje, 1997).

Volgens Dykeman (2003) vorm skoolberaders 'n belangrike deel van die skool se intervensieprogram, insluitende (a) primêre en sekondêre intervensie om die nadelige effek van gesinsverbrokkeling op akademiese prestasie te voorkom, (b) verwysings na gemeenskapsagente vir tersiêre intervensie wat nie gewoonlik aangespreek word deur die skool nie, en (c) deur middel van deelname in die skool se multidissiplinêre span, kan kinders wat spesiale opvoedkundige evaluasies benodig, identifiseer word. Die realiteit is egter dat die hedendaagse openbare skole nie altyd voltydse skoolberaders in diens het nie. In hierdie verband het die sielkundige 'n verantwoordelikheid om saam met onderwysers te werk.

Oaklander (1978) wys daarop dat die emosionele behoeftes van kinders prioriteit moet ontvang binne die leeromgewing. Alhoewel onderwysers nie noodwendig opgelei is as psigoterapeute nie, kan hulle steeds op 'n effektiewe wyse gebruik maak van basiese beradingstegnieke en waardevolle ondersteuning verleen aan kinders. Dit blyk dat die meerderheid van onderwysers skole 'n beter plek vir kinders wil maak (Oaklander, 1978). Onderwysers benodig sekere vaardighede en moet toegerus word om kinders emosioneel te kan bystaan. Viljoen (1994) se mening is as volg: "Die onderwysstelsel is bereid om vir 12 jaar met 'n kind 'n pad te stap op akademiese, sport- en kultuurgebied, maar emosioneel moet hulle alleen loop" (p. 15).

## 3.4 SAMEVATTING

Egskeiding is tipies 'n baie stresvolle gebeurtenis vir kinders. Alhoewel egskeiding kinders se risiko tot verskeie kliniese sindrome en psigososiale probleme verhoog, hoef dit nie noodwendig 'n skandvlek op kinders se lewens te laat nie. Dit kan 'n geleentheid bied vir kinders om te groei en die bande met hulle ouers te versterk.

Korttermynterapie kan van waarde wees vir alle kinders uit egskeidingsgesinne, ongeag daarvan of hulle huidiglik probleme openbaar, veral in die lig van die verskeie langtermyngevolge wat gepaard kan gaan met ouerlike egskeiding. Terapeutiese intervensie kan kinders help om hulle balans te herwin en hulle energie te gebruik vir die eise wat die normale groeiproses aan hulle stel. 'n Beperkte hoeveelheid energie moet gebruik word om op 'n konstruktiewe wyse die egskeidingsverwante gevoelens deur te werk, in stede daarvan dat die kind gelaat word om onophoudelik te treur.

Groepbenaderings kan veral van waarde wees om kinders te help met die aanpassing na 'n egskeiding. Daar is verskeie ooreenkomste tussen die bogenoemde groepprogramme vir kinders. Een aspek wat veral uitstaan, is dat elkeen van die programme aan kinders die geleentheid bied om hulle emosies uit

te druk rakende hulle ouers se egskeiding, binne 'n atmosfeer van aanvaarding en besorgdheid. Dit, tesame met die ondersteuning van 'n portuurgroep wat dieselfde ervaar, het ongetwyfeld 'n langdurige effek op kinders aangesien kinders in staat gestel word om te reflekteer en tot insig te kom rakende hulle emosies.

Dit is belangrik om ouers aan te moedig om die nodige bystand en ondersteuning te bekom tydens die egskeidingsproses, ten einde hulle in staat te stel om op 'n voldoende wyse hulle ouerlike rolle en verantwoordelikhede na te streef. Ouers en skole moet bewus gemaak word van die bestaande dienste vir egskeidingsgesinne en moet aangemoedig word om hierdie dienste te benut.

HOOFSTUK 4

# DIE SANDCASTLES-PROGRAM

## 4.1 ORIËNTERING

Die doel van hierdie navorsingstudie is die evaluering van die Sandcastles-program vir kinders uit egskeidingsgesinne tussen die ouderdomme van 9 en 12 jaar. In hierdie hoofstuk sal die Sandcastles-program bespreek word. Aandag sal geskenk word aan die doelwitte en terapeutiese oriëntasie van die program, waarna die toepassing daarvan bespreek sal word. Laastens sal die program, soos dit in Suid-Afrika aangebied word, bespreek word. Weens kopiereg op die program, word die huidige ondersoeker beperk in die hoeveelheid inligting wat bekend gemaak mag word.

## 4.2 OORSIG VAN DIE PROGRAM

Die Sandcastles-program is 'n ondersteuningsgroep vir kinders uit egskeidingsgesinne, tussen die ouderdomme van 6 en 17 jaar (Neuman, 1998). Dit word huidiglik aangebied in meer as twaalf stede regdeur die Verenigde State van Amerika, asook in Kanada, Mexiko, Panama, Engeland en Suid-Afrika. Deelname aan die program is verpligtend (howe sal nie 'n egskeiding toestaan tensy kinders die program voltooi nie) in meer as twaalf stede in Amerika, insluitende Miami, Minneapolis en distrikte in die state van Ohio, Idaho, Texas, Wyoming, Wisconsin, en andere. Meer as vyftigduisend kinders het reeds die program in Amerika voltooi.

Die naam "Sandcastles" is spesifiek gekies om die beeld na vore te bring van 'n kind wat versigtig sy/haar nuwe huis (sandkasteel) vorm om die ou huis wat weggespoel is deur onstuimige water, te vervang (Neuman, 1998). Hierdie beeld vertoon die moeilike soektog wat elke kind na 'n egskeiding moet voltooi ten

einde emosioneel op 'n gesonde wyse groot te word en die lewe se toekomstige uitdagings te kan trotseer.

Die Sandcastles-program ontvang internasionale erkenning. Dit is reeds in verskeie populêre tydskrifte, insluitende "People", "Time", "Parents", "Parenting" en koerantartikels in die "Washington Post", "Chicago Tribune", "Baltimore Sun" en "Miami Herald", op die voorgrond gebring (Neuman, 2003). Die Sandcastles-program is ook in die kalklig geplaas op verskeie televisie- en radioprogramme, naamlik die "Today Show", "Good Morning America", Barbara Walters se "The View", "NBC Nightly News", "CBS Weekend News" en "National Public Radio". M. Gary Neuman het ook as 'n kundige en gasspreker opgetree in die Oprah Winfrey televisieprogram, tydens 'n episode wat gewy is aan hulpverlening aan kinders uit egskeidingsgesinne. Neuman het later weer op laasgenoemde program opgetree om die kinders wat tydens die vorige episode aan die Sandcastles-program blootgestel was, te motiveer. Die positiewe resultate was belowend.

Meer as 7 000 evaluasies van kinders wat die program in die VSA bygewoon het, het op elke vraag wat gestel is positiewe terugvoering in die hoë 90-persentiel gegee. Insluitend was die vraag: "Would you recommend this program for other children of divorce?" (Neuman, 2003). 99% van die ouers wat reageer het op die opvolg-evaluasies, wat saam met 'n Sandcastles-program nuusbrief aan die ouers gestuur is, het die program beskryf as "goed" of "beter".

## 4.3 DOELSTELLINGS VAN DIE SANDCASTLES-PROGRAM

Die hoofdoelwit van die Sandcastles-program is om kinders te help om uitdrukking te gee aan hulle gevoelens oor hulle ouers se egskeiding (Neuman, 2003). Gevolglik word daar nie na die program verwys as 'n primêre terapeutiese program nie, maar eerder as 'n ontlontingsgroep vir die verligting

van gevoelens (Fuchs, 2004). Op hierdie wyse het die program wel 'n terapeutiese waarde.

'n Reeks innoverende tegnieke is ontwikkel om die volgende spesifieke doelwitte na te streef (Neuman, 1998):

- ontwikkel self-uitdrukking en probleemoplossingsvaardighede;
- leer gepaste wyses vir die uitdrukking van woede en ander intense emosies;
- bereik 'n beter begrip vir die realiteit van egskeiding;
- herken eie unieke kwaliteite en sterktes.

## 4.4 DIE TERAPEUTIESE ORIËNTASIE VAN DIE PROGRAM

Die Sandcastles-program behels 'n eenmalige, drie en 'n halfuur-lange program, wat daarop gerig is om kinders te help met die hantering van hulle ouers se egskeiding (Neuman, 2003). Die groep kan ook aangebied word as 'n drie of vier sessies, ondersteuningsgroep. Die voordeel van 'n enkele sessie, veral waar die deelname verpligtend is (soos in die VSA), is dat dit die teenwoordigheid van meer kinders moontlik maak, meer ekonomies en gerieflik vir ouers is.

Ervarings word gedeel en bespreek binne 'n groepverband met lede van hulle portuur, wat soortgelyke stres ervaar (Neuman, 1998). Die groepproses is ontwerp ten einde kinders te help besef dat hulle nie alleen is in hulle ervaring nie en dat hulle denke en gevoelens soortgelyk aan baie ander is wat ook die egskeiding van hulle ouers beleef. Die program benut projektiewe tegnieke wat aan die kinders die geleentheid gee om hulle gevoelens uit te druk en te deel met die groep.

Soos bespreek in hoofstuk 2, voel kinders uit egskeidingsgesinne dikwels skuldig en skaam, en beskou hulle gesinne as abnormale gesinsituasies. Bowenal kan hulle ook vrees dat hulle nie 'n hegte verhouding met een of beide ouers in die

toekoms mag ervaar nie en besorgd wees oor hoe die lewensverandering hulle toekoms sal affekteer. Die Sandcastles-program bied 'n veilige, nie-veroordelende atmosfeer vir kinders om hierdie kwessies te bespreek (Neuman, 2003). Deur middel van die innoverende aktiwiteite, word kinders in staat gestel om kwessies te bespreek op 'n wyse wat nie voorheen moontlik was nie, aangesien die aktiwiteite die ervaring meer interessant, prettig en minder intens maak, as wat die geval mag wees in 'n didaktiese klaskamer of opvoedkundige omgewing. Hierdie innoverende projektiewe tegnieke word beskou as die kenteken van die Sandcastles-program.

## 4.5 DIE TOEPASSING VAN DIE PROGRAM

Die Sandcastles-program is 'n gelisensieerde handelsmerk van M. Gary Neuman. Daar is kopiereg op alle Sandcastles-materiaal en dit mag alleenlik gebruik word met die toestemming van die "Sandcastles Program Inc". Leiers word opgelei om innoverende groepsaktiwiteite aan te bied wat kinders help om op hulle gevoelens te fokus en dit te bespreek. Die Sandcastles-program voorsien handleidings vir groepleiers, werksboeke vir kinders, video's, asook deurlopende ondersteuning vir groepleiers deur middel van die webtuiste en konferensies (Neuman, 2003).

Daar is vier groepe en kurrikulums wat verdeel word volgens die volgende ouderdomsgroepe: 6-7, 8-10, 11-13 en 14-17. Werkboeke, wat spesifiek ontwerp is vir die program, bevorder die bespreking van belangrike kwessies. Elke kind ontvang 'n ouderdomsgepaste werksboek, wat hy/sy anoniem voltooi. Kinders word aangemoedig om prente te teken, gedigte te skryf, briewe aan hulle ouers te rig, vrae rondom hulle ervarings van die egskeidings te beantwoord, en vele meer (Neuman, 1998). Bo en behalwe die skryf- en tekenwerk, word die deelnemers gelei in aktiwiteite soos rollespel, besprekings en die voer van onderhoude met hulle mede-deelnemers.

'n Voorbeeld van 'n groepsaktiwiteit uit die 6-7 jaar ouderdomsgroep, is as volg (Neuman, 2003): 'n Storie oor 'n koninklike konynfamilie wat in 'n sandkasteel woon, word aan die kinders vertel. Die kinders word daarna gevra om 'n prent te teken van hierdie fiktiewe gesin. Die storie vervolg en daar word vertel dat die koning en koningin besluit het om in verskillende plekke te gaan woon, waarna die deelnemers gevra word om die koninklike gesin te teken soos hulle in verskillende huise woon. Deur middel van hierdie aktiwiteit word aan kinders die geleentheid gegee om hulle persepsies van die veranderinge in hulle eie gesinne uit te druk, sonder dat daar voorgesê word wat hulle veronderstel is om te voel, dink of oor besorgd moet wees.

'n Voorbeeld uit die 11-13 jaar ouderdomsgroep, is die "MTV-onderhoudsparodie". Die helfte van die groep is 'n gehoor terwyl die ander helfte as 'n paneel dien en een lid is die MTV moderateur. Daar word aan die lede van die gehoor gevra om probleemsituasies aan die paneel te skets en die paneel moet moontlike oplossings bespreek. Indien daar nie oplossings gevind kan word nie, kan die paneel maniere vind om die situasie te vergemaklik met kreatiewe voorstelle. Deur middel van verskeie ander soortgelyke aktiwiteite bespreek kinders hulle gevoelens, vrese en denke, en begin om na oplossings ten opsigte van hulle toekoms te kyk.

Gedurende die laaste halfuur van die program word die ouers betrek binne die groep (Neuman, 1998). Gedurende hierdie tyd neem die ouers en hulle kinders deel aan aktiwiteite wat daarop gerig is om ouers te help om hulle kinders beter te begryp en die kinders te help om meer gemaklik te voel in die nadering van hulle ouers en bespreking van hulle gevoelens. Die ouers leer saam met hulle kinders tegnieke vir interaksie en die uitdrukking van hulle gevoelens rondom die egskeiding. Een van die aktiwiteite wat byvoorbeeld aangebied word vir die twee jonger ouderdomsgroepe, vind plaas gedurende die laaste tien minute van die groepservaring. Die ouers word gevra om op die grond, langs hulle kinders in 'n sirkel te sit. 'n Garingbal word omgestuur en wanneer 'n kind die bal vang, vertel hy/sy aan die groep iets wat hy/sy gedurende die dag se program geleer het, rakende egskeiding. Wanneer ouers die bal vang, vertel hulle aan hulle kind iets

omtrent hulle liefde vir hom/haar. Soos wat die bal aangestuur word, hou elke persoon vas aan die garingdraad totdat die hele groep verbind is deur die draad. Geheue-armbande word gemaak aan die einde van die aktiwiteit deur die garingdraad wat elkeen vashou, te sny. Hierdie en vele ander betekenisvolle aktiwiteite dra daartoe by dat kinders en hulle ouers teen die einde van die program nader aan mekaar voel, rustiger en meer gemaklik kan kommunikeer.

Aan die einde van elke sessie voltooi die deelnemers 'n geskrewe evaluasie rakende hulle ervaring van die program. Die ouers voltooi ook 'n opvolgvraelys na afloop van die program.

## 4.6 DIE PROGRAM IN SUID-AFRIKA

Daar is huidiglik slegs 'n enkele persoon in Suid-Afrika wat 'n gelisensieerde aanbieder van die Sandcastles-program is, naamlik Irma Fuchs (Fuchs, 2004). Laasgenoemde persoon het met die nodige toestemming van die outeur, Gary M. Neuman, enkele veranderinge geïmplementeer vir Suid-Afrika se populasie.

Soos reeds bespreek, word verskeie ouderdomsgepaste werksboeke in die VSA gebruik wat op 'n anonieme wyse voltooi word deur die deelnemers. Die Amerikaanse kinders skryf briewe, gedigte en teken prente tydens die program. Fuchs het in haar werk met Suid-Afrikaanse kinders gevind dat die plaaslike deelnemers meer gereserveerd is en nie graag gedigte en briewe skryf nie. Volgens Fuchs (2004) assosieer die Suid-Afrikaanse kinders skryfwerk met 'n negatiewe skoolervaring. Vervolgens is die aktiwiteite aangepas na 'n meer spontane gespreksvoering, sonder enige werksboeke. Fuchs verkies ook om met nie meer as agt kinders per groep te werk nie en sodoende word individuele aandag bevorder.

Die program, soos dit in Suid-Afrika aangebied word, benut dieselfde innoverende tegnieke en groepsaktiwiteite as dié van die oorspronklike program, behalwe dat dit meer verbale uitdrukking behels. Soortgelyk aan die

Amerikaanse program, behels die toepassing 'n eenmalige drie en 'n halfuur-lange program. Tydens kort tussenposes word verversings aan die kinders gegee.

Die groepleier sit op 'n informele wyse saam met die kinders in 'n sirkel op die vloer. Sy is natuurlik, gemaklik en spontaan in haar optrede, en bou sodoende 'n verhouding met die kinders. Elke kind kry die geleentheid om hom/haarself bekend te stel, asook 'n belangstelling te deel met die groep. Die groepleier deel op dieselfde wyse sekere inligting oor haarself. As 'n inleiding tot die program, vra sy aan die groep of hulle weet hoekom hulle teenwoordig is? Sy gee aan die kinders die ruimte om hulle persepsies en verwagtings met betrekking tot die program te deel, waarna 'n vooruitskouing van die oggend se program gegee word. Sy verduidelik waarom die program die Sandcastles-program genoem word, soos bespreek onder 4.2.

Die groepleier ondersoek verder die spesifieke groep kinders se ervarings en persepsies oor hulle ouers se egskeidings deur oop vrae te rig, soos: "Wat is egskeiding?; Hoekom dink jy het jou ouers geskei?; Hoe het jy uitgevind dat jou ouers gaan skei?" Sy vra ook dat die kinders hulle oë moet toemaak, waarna sy die volgende vraag rig: "As jy dink dat dit jou skuld is dat jou ouers geskei het, of dat jy daartoe bygedra het, steek jou hand in die lug." Deurdat kinders hulle oë toemaak, word daar verwag dat hulle groter vrymoedigheid sal openbaar in die eerlike beantwoording van die vraag en dat hulle reaksies nie beïnvloed sal word deur die ander groeplede se response nie. Indien dit blyk dat 'n kind of kinders hulself blameer vir die egskeiding, sal die groepleier op 'n algemene wyse aan die groep vra hoekom hulle dink kinders hulself sal blameer, sonder om die betrokke kind of kinders in die groep uit te sonder. Die groepleier verduidelik dat ouerlike egskeiding 'n volwasse besluit is en poog om wanpersepsies uit te klaar.

Die boek "Dinosaurs Divorce" (Brown & Brown, 1987) word op 'n interaktiewe wyse benut. 'n Enkele bladsy word voorgelees waarna die deelnemers gevra word of hulle daarmee kan identifiseer. Die kinders word aangemoedig om

spontaan deel te neem aan die groepsgesprek. Hierna word die volgende bladsye saam deurgelees en bespreek.

Die groepleier vra aan die groep of hulle weet wat gevoelens is, waarna hulle voorbeelde moet gee. Sy onderskei tussen aangename en onaangename gevoelens. Vrae soos die volgende word bespreek: "Wat was jou eerste gevoel toe jy hoor dat jou ouers gaan skei?" 'n Gevoelsmuur help kinders om hulle emosies te identifiseer: prente met verskeie gesigte en emosionele uitdrukkings word teen 'n muur geplak. Elke kind kry die geleentheid om sy emosies voor en na die egskeiding uit te wys. Daarna wys die kind ook waar hy/sy onderskeidelik sy ma en pa op die gevoelsmuur sal plaas. Tydens die terugvoering aan die ouers, gedurende die laaste halfuur van die program, word hierdie persepsies van kinders rakende hulle ouers se emosionele belewenisse, met die ouers gedeel.

Die kinders bespreek die veranderinge in hulle lewe sedert hulle ouers se egskeiding, en wat volgens hulle "beter" en "slegter" is sedert die egskeiding. Die kinders kry ook die geleentheid om dit wat hulle verwar te bespreek.

Fuchs (2004) benut Chinese lanterns op 'n simboliese wyse. Die lanterns is aanvanklik platgevou en word vergelyk met 'n kind se ervaring van leegheid ("flatness") wanneer emosies onderdruk word. Wanneer die kind egter uitdrukking gee aan sy emosies en openlik kommunikeer, word plek gemaak vir positiewe emosies en ontvou 'n pragtige, veelkleurige en volronde lantern. Elke kind ontvang sy eie Chinese lantern om saam huis toe te neem en die boodskap wat daaraan gekoppel is te onthou en dit ook met hulle ouers te gaan deel.

Aan die einde van die program, word die garingbal-aktiwiteit (soos bespreek onder 4.5) toegepas. Daar word binne groepsverband terugvoering gegee aan die ouers met betrekking tot hulle kinders se grootste vrese en onsekerhede. Die groepleier gee belangrike advies oor ouerskap na 'n egskeiding, asook inligting oor plaaslike diensleweringsinstansies wat fokus op egskeidingsgesinne en gekontak kan word vir verdere terapeutiese ingrepe.

Elke vier maande word 'n pretdag georganiseer vir die kinders wat reeds die program voltooi het. Dit behels 'n genotvolle, informele byeenkoms by die see of by 'n pretpark. Tydens so 'n byeenkoms kan waardevolle terugvoering verkry word rakende die aanpassing van kinders en sou dit nodig wees, kan gepaste verwysings vir verdere terapeutiese ondersteuning gegee word.

Die koste verbonde aan die program beloop R400 per kind. Fuchs (2004) beklemtoon egter dat geen kind in nood weggewys sal word nie en dat ouers dikwels tegemoet gekom word. Sou dit vir 'n ouer onmoontlik wees om bogenoemde bedrag te betaal, word hulle gevra om dit wat vir hulle moontlik mag wees, by te dra, selfs al sou dit slegs 'n bord eetgoed vir die kinders wees.

## 4.7 SAMEVATTING

Egskeiding is dikwels 'n pynvolle en verwarrende ervaring vir kinders. Dit wat voorheen as hulle huis en sekuriteit beskou is, stort ineen. Die Sandcastles-program bied aan kinders die geleentheid om hierdie ervarings spontaan binne 'n groepsverband met lede van hulle portuur te deel. Dit is ook die hoofdoelwit van die program, naamlik om kinders die geleentheid te gee om te praat oor hulle ervarings. Die groepservaring help kinders om te besef dat hulle pynvolle emosies en verwardheid gedeel word deur ander kinders en hulle dus nie alleen is in hulle ervaring nie.

Verskeie navorsingstudies beklemtoon die belang daarvan om ouers te betrek by ondersteuningsgroepe vir kinders, soos bespreek in hoofstuk 3. Die Sandcastles-program erken die besorgdheid van ouers rakende hulle kinders, asook die rol wat ouers vervul in die aanpassing van hulle kinders na 'n egskeiding. Tydens die laaste halfuur van die program word terugvoering gegee aan die ouers oor hulle kinders se grootste vrese en onsekerhede, binne die beperkings van dit waarmee die kind gemaklik mag wees. Die program benut spesiale aktiwiteite en genotvolle oefeninge wat daarop gerig is om

kommunikasie tussen ouers en kinders te bevorder. Die groepleier gee ook belangrike advies aan die ouers met betrekking tot ouerskap na 'n egskeiding.

## HOOFSTUK 5

# METODE VAN ONDERSOEK

## 5.1 ORIËNTERING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp, die teikenpopulasie en die samestelling van die ondersoekgroep beskryf. Die meetinstrumente wat gebruik is, word bespreek met betrekking tot die rasionaal daarvan, die administrasie en interpretasie, die psigometriese eienskappe van elke meetinstrument, asook die rede vir insluiting in hierdie studie. Die navorsingsprosedures wat gevolg is, word uiteengesit. Die statistiese metodes wat gebruik is, word bespreek en laastens word die spesifieke hipoteses van die huidige ondersoek uitgelig. In hierdie studie is daar gebruik gemaak van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsprosedures. Die twee benaderings sal telkens afsonderlik bespreek word.

## 5.2 NAVORSINGSONTWERP

### 5.2.1 Kwantitatiewe benadering

Die doel van hierdie studie is om te bepaal of die Sandcastles-program 'n betekenisvolle, positiewe effek het ten opsigte van 'n spesifieke groep kinders se aanpassing na 'n egskeiding. Vir die doel van hierdie studie word "positiewe effek" gemeet in terme van 'n verbetering in selfkonsep en 'n afname in depressie, angstigheid en negatiewe denkpatrone rakende egskeiding.

In die navorsingsprojek is gebruik gemaak van 'n kwasie-eksperimentele ontwerp, met spesifieke verwysing na 'n enkelgroep, voortoets-natoets studie (Graziano & Raulin, 2000). Hierdie benadering word beskryf as 'n alternatiewe

navorsingsontwerp wat oor minder interne geldigheid beskik as 'n "ware" eksperimentele ontwerp, maar steeds 'n matige ondersteuning bied vir oorsaaklike gevolgtrekkings. 'n Enkelgroep, voortoets-natoets studie word primêr onderskei van 'n "ware" eksperiment deur die afwesigheid van 'n kontrole groep en die gepaardgaande willekeurige toewysing van die subjekte tot die eksperimentele en kontrole groepe (Graziano & Raulin, 2000).

Alhoewel die teenwoordigheid van 'n voortoets as 'n bate beskou kan word, het dit ook sy tekortkominge deurdat dit nie voorsiening maak vir die uitwerking van sekere verwarrende veranderlikes, byvoorbeeld die placebo-effek, rypwording, geskiedenis en regressie tot die gemiddeld nie (Graziano & Raulin, 2000). Die placebo-effek behels dat 'n gewensde uitkoms verkry kan word omdat dit verwag word deur die kinders of die ouers. Rypwording verwys na die kind se psigiese groei en ontwikkeling tydens die behandelingsperiode. Geskiedenis het betrekking op faktore binne die program wat 'n effek gehad het, maar nie beheer is nie. Wanneer die voortoets-metings op 'n abnormale hoë vlak was en op 'n natuurlike wyse terugkeer na die gemiddelde vlak, word daarna verwys as die regressie tot die gemiddeld.

### 5.2.2 Kwalitatiewe benadering

Buiten die kwantitatiewe evaluerings, is daar ook gebruik gemaak van individuele gevallestudies. 'n Gevallestudie is 'n intensiewe ondersoek van 'n enkele geval of 'n spesifieke groep individue (Elmes, Kantowitz & Roediger, 1999). Gevallestudie-navorsing is veral van waarde wanneer daar gefokus word op 'n spesifieke groep individue (Graziano & Raulin, 2000). Dit voorsien nuwe, beskrywende inligting, dra by tot die identifisering van toevallige verhoudings tussen veranderlikes en voorsien observasies vir die weerspreking van algemene voorstellings. 'n Groot nadeel van 'n gevallestudie is dat dit nie oorsaaklike gevolgtrekkings toelaat nie.

## 5.3 PROEFPERSONE

### 5.3.1 Teikenpopulasie

Die teikenpopulasie is kinders in hulle laat-middelkinderjare (9 tot 12 jaar) wie se ouers gedurende die laaste twee jaar geskei is en huidiglik woon in 'n enkelouer-gesin, met die moeder as versorger.

### 5.3.2 Studiepopulasie

Die ondersoekgroep is saamgestel uit Engelssprekende leerlinge van primêre skole in die Weskaap; spesifiek Bloubergstrand, Durbanville, Milnerton en Tableview. Die keuse vir bogenoemde gebiede het berus op die feit dat die groepleier in Tableview woonagtig is en die program hier aangebied sou word. Die ondersoeker het gevolglik besluit om proefpersone uit die omliggende woongebiede te betrek. Aangesien die groepleier van Amerikaanse oorsprong is en sy die enigste persoon in Suid-Afrika is wat tans die nodige opleiding het om die Sandcastles-program aan te bied, was die ondersoeker genoodsaak om slegs Engelssprekende kinders in te sluit by die studie.

Die ondersoeker het skole en kerke genader ten einde die navorsingstudie bekend te maak aan die publiek. Die onderskeie skole en kerke is persoonlik besoek, waartydens skoolhoofde en leraars ingelig is oor wat die program behels. Van die skole en kerke is versoek om behulpsaam te wees met die identifisering van kinders wie se ouers geskei is, en om 'n bekendstellingsbrief en inskrywingsvorm, wat deur die ondersoeker saamgestel is, aan die ouers te stuur. Sien Bylae A en B in hierdie verband.

Die ondersoeker het ook tydens 'n byeenkoms van sielkundiges, wat werksaam is in bogenoemde woonbuurte, 'n bekendstellingstoespraak gelewer met betrekking tot die Sandcastles-program en die navorsingsprojek. Die ondersoeker se kontakbesonderhede is deurgegee, sou persone haar wou

kontak. Daar is ook 'n bekendstellingsbrief op die informasiewebwerf vir dienste in die Bloubergomgewing, geplaas (www.blaauwberg.net/cic) onder die "gebeurtenisse afdeling".

### 5.3.3 Groepsamestelling

Weens 'n algehele swak respons, is daar van 'n gerieflikheidsteekproef gebruik gemaak. Alle kinders wie se ouers reageer het en wat aan die kriteria vir die studie voldoen het, is by die studie betrek. Hierdie steekproefneming het egter sy beperkinge. Volgens Louw en Edwards (1998) is dit onwaarskynlik dat daar deur middel van 'n gerieflikheidsteekproef resultate verkry sal word wat verteenwoordigend van die populasie as geheel gestel kan word. Bogenoemde skrywers vermeld verder dat daar verkieslik nie van vrywilligers gebruik gemaak moet word nie, aangesien persone wat vrywillig aanbied om aan sielkundige navorsing deel te neem, ook nie verteenwoordigend is nie. Hulle is geneig om beter opgevoed te wees, meer intelligent te wees, met 'n sterker behoefte aan sosiale goedkeuring, meer sosiaal, meer onkonvensioneel en minder outoritêr as mense in die algemene populasie (Rosenthal & Rosnow, 1975).

Soos bespreek in Hoofstuk 5, verkies die groepleier om met nie meer as agt kinders per groep te werk nie. Die proefpersone is vervolgens in twee groepe, van onderskeidelik vier en vyf kinders elk, verdeel. Daar is gepoog om die twee groepe so homogeen as moontlik te hou deur 'n gelyke hoeveelheid seuns en dogters in elke groep te plaas, asook 'n verteenwoordiging van die onderskeie ouderdomsgroepe, in te sluit. Die samestelling van die groepe word weergegee in Tabel 1.

**Tabel 1: Samestelling van die groepe**

| Groep 1 | Ouderdom | Geslag |
|---|---|---|
| Kind 1 | 9 | Manlik |
| Kind 2 | 9 | Vroulik |
| Kind 3 | 10 | Vroulik |
| Kind 4 | 11 | Manlik |
| **Groep 2** | **Ouderdom** | **Geslag** |
| Kind 5 | 9 | Vroulik |
| Kind 6 | 10 | Manlik |
| Kind 7 | 11 | Vroulik |
| Kind 8 | 11 | Vroulik |
| Kind 9 | 11 | Manlik |

# 5.4 MEETINSTRUMENTE

## 5.4.1 Kwantitatiewe metings

### 5.4.1.1 Die Tennessee Selfkonsepskaal Vir Kinders / "Tennessee Self-Concept Scale" (TSCS:2) (Fitts & Warren, 1996)

#### 5.4.1.1.1 Rasionaal

Die TSCS:2 is ontwikkel as 'n meetinstrument om selfkonsep by jong kinders te bepaal. Hierdie selfrapporteringsvraelys is daarop gemik om die individu se siening van hom-/haarself te bepaal. As 'n navorsingsinstrument is die TSCS:2 ontwerp om 'n kwantitatiewe meting te gee van 'n kind se persepsie van sy/haar eienskappe en gedrag wat verband hou met selfkonsep, asook om veranderinge in selfkonsep wat met verloop van tyd plaasvind, te monitor.

#### 5.4.1.1.2 Beskrywing van die TSCS:2

Die TSCS:2 is 'n 76-item, kwantitatiewe selfrapporteringsvraelys wat ontwerp is vir die evaluering van selfkonsep by kinders tussen die ouderdomme van 7 en 14 jaar. Die TSCS:2 gee 'n algehele profiel van die kind se selfkonsep, wat bestaan

uit 'n opsommende telling (Totale Selfkonsep), ses selfkonsep-subskale, asook drie aanvullende tellings. Die subskale dien as 'n hulpmiddel vir 'n meer omvattende kliniese interpretasie. Die TSCS:2 bestaan verder ook uit vier geldigheidstellings en 'n konfliktelling.

#### 5.4.1.1.3 Administrasie en interpretasie

Die TSCS:2 is sodanig ontwerp om eenvoudige toepassing en nasien te bewerkstellig. Dit kan gevolglik in klein of groot groepe toegepas word, asook binne 'n individuele kliniese situasie. Die individu se selfkonsep-profiel word as volg geïnterpreteer:

**(1) Totale Selfkonsep (TOT)**

Die Totale Selfkonsep-telling is die belangrikste telling op die TSCS:2. Dit reflekteer die kind se algehele selfkonsep en die geassosieerde vlakke van selfagting. Kinders met hoë TOT-tellings (≥60T) is geneig om hulself te definieer as grootliks bevoeg. Hulle beskou hulself as individue wat van waarde en betekenis is, hulle is selfversekerd en tree dienooreenkomstig op. Indien die Self-kritiektelling (SC) laag is, sal 'n hoë TOT-telling met versigtigheid beskou word en moontlik die gevolg wees van 'n verdedigende distorsie. Baie hoë TOT-tellings (≥70T) is afwykend en word dikwels gevind by ernstige psigologiese ongemak en versteuring. Hierdie kinders mag 'n groot hoeveelheid energie bestee aan die basiese handhawing van sy/haar selfbeeld. Kinders met 'n lae TOT-telling (≤40T) is twyfelagtig met betrekking tot hulle eie waarde. Dit beteken nie noodwendig dat die kind self-haat openbaar nie, alhoewel hy/sy hom/haarself as ongewens kan beskou. Hierdie kinders is konserwatief en versigtig in hulle selfbeskrywings. Hulle voel dikwels angstig, depressief, ongelukkig en openbaar min selfvertroue. Kinders met baie lae TOT-tellings (≤30T) is geneig om langtermyn persoonlike probleme te ervaar, soos kroniese depressie, eetversteurings, volgehoue selfvernietigende gedrag, asook ander vorme van deurlopende konflikte en versteurings.

### (2) Selfkonsep-subskale

- Fisieke Selfkonsep (PHY)

Die PHY-telling reflekteer die kind se persepsie met betrekking tot sy/haar liggaam, gesondheid, fisiese voorkoms, fisiese vaardighede en seksualiteit. Hoë PHY-tellings (≥60T) word behaal deur persone met 'n positiewe siening oor hulle voorkoms en gesondheid. 'n Uitermatige hoë PHY-telling (≥70T) kan 'n verdedigende houding weerspieël met betrekking tot 'n potensieel geskende fisiese voorkoms of tot 'n ernstige gesondheidsgevaar. Lae PHY-tellings (≤40T) dui op 'n ontevredenheid met die liggaam. Dit kan werklike gebreke reflekteer of dit mag die gevolg wees van 'n versteurde liggaamsbeeld en onrealistiese verwagtinge oor hoe die liggaam moet lyk en funksioneer. Kinders met baie lae tellings op hierdie skaal (≤30T) toon 'n verhoogde risiko vir depressie, eetversteurings en ander soortgelyke sindrome.

- Morele Selfkonsep (MOR)

Die MOR-telling beskryf die self vanuit 'n moreel-etiese perspektief. Dit ondersoek morele waardes en die beskouing van die self as 'n goeie of slegte mens. Kinders met hoë MOR-tellings (≥60T) is oor die algemeen tevrede met hulle gedrag en ervaar nie 'n groot teenstrydigheid tussen hulle ideale - en werklike persoonlike etiek nie. Baie hoë MOR-tellings (≥70T) word egter geassosieer met 'n verdedigende rigiditeit wat dit vir 'n persoon moeilik maak om hom-/haarself realisties waar te neem en te leer uit sy/haar eie gedrag. Kinders wat lae (≤40T) en baie lae (≤30T) MOR-tellings behaal, sien hulself as impulsief en wel tot so 'n mate dat dit morele oorwegings oorheers. Dit kan werklike probleme met impulskontrole reflekteer of kan aanduidend wees van onrealistiese hoë morele standaarde.

- Persoonlike Selfkonsep (PER)

Die PER-telling reflekteer die kind se gevoel van persoonlike waarde; dat hy/sy toereikend is as mens. Dit behels 'n selfevaluasie van die persoonlikheid, sonder inagneming van die liggaam of verhoudinge met ander. Hierdie telling gee 'n goeie weerspieëling van die algehele persoonlikheidsintegrasie en goed aangepaste kinders sal hoë tellings op hierdie skaal verkry. Wanneer die PER-telling hoog (≥60T) is, terwyl 'n ander selfkonsep-telling laag is, kan laasgenoemde telling van minder belang vir die individu wees. Wanneer die PER-telling laag (≤40T) is, is dit waarskynlik dat die kind in 'n mate 'n wisselende selfkonsep ervaar. Kinders met lae PER-tellings is in besonder reaktief tot tydelike omstandighede en die menings en gedrag van ander persone. Baie lae PER-tellings (≤30T) dui soms op gevoelens van selfhaat en moet as 'n waarskuwing vir moontlike selfvernietigende gedrag beskou word.

- Gesin-selfkonsep (FAM)

Die FAM-telling dui op die kind se gevoelens van toereikendheid, waarde en belang as 'n gesinslid. Dit verwys na die kind se persepsie van die self in verhouding tot sy/haar onmiddellike gesin. Kinders met hoë FAM-tellings (≥60T) openbaar 'n gevoel van tevredenheid met hulle gesinsverhoudings. Baie hoë FAM-tellings (≥70T) kan 'n teken van verdediging wees met betrekking tot 'n vrees vir gesinskonflik of –verliese. Kinders met lae FAM-tellings (≤40T) dui 'n ontevredenheid met hulle gesinne of 'n gevoel van vervreemding van die gesin aan.

- Sosiale Selfkonsep (SOC)

Soortgelyk aan die FAM-telling, gee die SOC-skaal 'n meting van hoe die kind hom-/haarself beskou in verhouding met ander mense. Dit reflekteer op 'n meer algemene wyse die kind se gevoel van selfwaarde in sy/haar sosiale interaksie met ander. Individue wat hoë SOC-tellings (≥60T) behaal, word gewoonlik deur ander en hulself beskou as vriendelik en aangenaam. 'n Baie hoë SOC-telling

(≥70T) kan 'n verhoogde en grandiose selfbeskouing aandui. Lae SOC-tellings (≤40T) is 'n teken van sosiale ongemak. Kinders wat baie lae SOC-tellings (≤30T) verkry, is gewoonlik alleen, geïsoleerd en vermy sosiale kontak en wel tot so 'n mate dat dit mag inmeng met hulle daaglikse funksionering.

□ Akademiese/Werk Selfkonsep (ACA)

Die ACA-telling is 'n meting van hoe individue hulself beskou binne 'n akademiese of werksopset en hulle persepsies rakende ander se beskouing van hulle, binne hierdie omgewing. Persone met hoë ACA-tellings (≥60T) voel selfversekerd en bevoeg binne die leer- en werksomgewings. 'n Baie hoë ACA-telling (≥70T) kan egter daarop dui dat die persoon op 'n oormatige wyse opgaan in sy/haar akademie of werk. Persone met lae ACA-tellings (≤40T) mag probleme ervaar binne die skool- of werksopset. 'n Baie lae ACA-telling (≤30T) kan aanduidend wees van ernstige kognitiewe inperking.

**(3) Aanvullende tellings**

Soos genoem, voorsien die metingskaal ook drie aanvullende tellings. Hierdie aanvullende tellings bestaan uit daardie items van die TSCS:2, wat histories geklassifiseer was as uitdrukkings van een van drie primêre boodskappe: dit is wie ek is, dit is hoe ek myself identifiseer, of te wete my Identiteit (IDN); dit is hoe tevrede ek met myself is, of te wete my Tevredenheid (SAT); dit is wat ek doen, dit is hoe ek optree, of te wete my Gedrag (BHV).

□ Identiteit (IDN)

Indien die IDN-telling bo 50T is, asook heelwat hoër as die SAT-telling is, is dit 'n aanduiding van 'n behoefte om te verander, tesame met 'n selfbeskouing wat heel waarskynlik die veranderinge wat geassosieer word met die oorgang, kan verdra. Die kombinasie van 'n IDN-telling bo 50T en 'n lae TOT-telling, suggereer 'n selfbeskouing wat sterk genoeg is om spanning en verandering te hanteer in die areas wat bydra tot 'n lae TOT-telling. Indien die IDN-telling

bokant 70T is, kan dit aanduidend wees van 'n onbuigsame selfkonsep wat die proses van verandering en persoonlike groei kan belemmer. Wanneer die IDN-telling laer is as 40T, dui dit op 'n sterk negatiewe selfbeskouing. Dit kan teenwoordig wees ten spyte van 'n algemene positiewe selfkonsep, of dit kan bydra tot die selfonsekerheid wat geassosieer word met 'n lae TOT-telling.

- Tevredenheid (SAT)

Hierdie telling reflekteer oor die algemeen die kind se vlak van selfaanvaarding. Wanneer die SAT-telling hoër is as 60T, kan dit daarop dui dat die kind nie gemotiveerd is om verandering na te streef in die areas van die versteurde selfkonsep nie. Indien die SAT-telling hoog en die TOT-telling laag is, mag daar 'n verdedigende fatalisme wees in die kind se uitkyk, wat aangespreek moet word.

- Gedrag (BHV)

Die BHV-telling meet die kind se persepsie van sy/haar gedrag of die wyse waarop hy/sy funksioneer. Hierdie telling is veral betekenisvol wanneer dit onder 40T is en die ander aanvullende tellings bo 60T is. In hierdie geval mag impulskontrole 'n besondere probleem wees vir die kind en is die waarskynlikheid groot dat sy/haar FAM- en MOR-tellings ook laag sal wees.

**(4) Geldigheidstellings**

Die geldigheidstellings is ontwerp om verdedigende, sosiaal gewenste of ander vreemde en versteurde responspatrone te identifiseer. Dit word as volg groepeer:

- Teenstrydige antwoorde (INC)

Die INC-telling dui aan waar daar 'n buitengewone teenstrydigheid in die kind se response is, deur items met 'n soortgelyke inhoud met mekaar te vergelyk. So 'n

teenstrydigheid is dikwels die gevolg van nalatige beantwoording, maar kan ook sekere eienaardighede binne die kind se omstandighede reflekteer. 'n Buitengewone hoë INC-telling (≥70T) waarsku dat die kind se TSCS:2-profiel met omsigtigheid geïnterpreteer moet word.

- Self-kritiek (SC)

Die items wat bydra tot die SC-telling, bestaan uit matige neerhalende stellings, soos: "I get angry sometimes". Die meeste mense sal hierdie algemene swakhede erken indien hulle op 'n openhartige wyse die vrae beantwoord. Indien die SC-telling 40T of laer is, kan die protokol ongeldig wees. 'n Individu wat die meeste van hierdie stellings ontken en gevolglik 'n lae telling behaal, openbaar 'n verdedigende houding en 'n doelbewuste poging om 'n gunstige beeld van homself te skep. 'n Lae SC-telling suggereer die waarskynlikheid dat die ander TSCS:2-tellings op 'n kunsmatige wyse gemanipuleer is deur verdediging. 'n Telling tussen 40T en 70T dui oor die algemeen op 'n normale, gesonde openhartigheid en 'n kapasiteit vir self-kritiek. 'n Hoë SC-telling, naby die boonste grense van die normale verspreiding, reflekteer 'n feitlike oorhand van wanaangepaste gedrag. Buitensporige hoë tellings dui op 'n ongewone preokkupasie met persoonlike swakhede.

- Goeie voorwendsels ("Faking Good" – FG)

Hierdie skaal berus op die veronderstelling dat individue dikwels goeie indrukke wil skep. Die telling is dus 'n aanduiding van die neiging om 'n valse, positiewe selfkonsep te projekteer. 'n Telling van 70T en meer, dui op 'n ongeldige protokol, veral waar dit tesame met 'n lae SC-telling voorkom.

- Verspreiding van antwoorde (RD)

Die RD-telling word bereken deur die aantal uiterste response (dit is "altyd" of "nooit" antwoorde) van die kind bymekaar te tel. Dit word geïnterpreteer as 'n meting van die kind se sekerheid met betrekking tot sy/haar selfbeskouing. 'n

Hoë RD-telling (≥60T) dui daarop dat die kind baie presies is in die wyse waarop hy homself beskryf, terwyl 'n lae telling (≤40T) die teenoorgestelde impliseer. 'n Uitermatige hoë telling (≥70T) kan dui op 'n stereotipe of gepolariseerde responsstyl en kan die moontlikheid van 'n ongeldige protokol aandui.

**(5) Konfliktelling (CON)**

Hierdie telling vergelyk die mate waarin die kind sy/haar selfkonsep onderskei deur saam te stem met positiewe items (byvoorbeeld: "who I am.") of negatiewe items ( byvoorbeeld: "who I am not."). Wanneer die CON-telling bo-gemiddeld of hoog (≥60T) is, dui dit daarop dat die kind meer op bevestiging as op ontkenning fokus. Die kind stem saam met baie van die positiewe eienskappe en erken terselfdertyd negatiewe eienskappe, eerder as om laasgenoemde te ontken. Dit kan 'n gebalanseerde selfbeskouing weerspieël of die teenwoordigheid van konflik uitlig. Individue wie se CON-tellings laag (≤40T) is, fokus meer op wie hulle nie is nie, as op wie hulle is. Hierdie kinders is geneig om verdedigend te wees en konsentreer op die uitskakel van die negatiewe. 'n Baie lae (≤30T) CON-telling dui daarop dat die kind op 'n buitensporige wyse verdedigend is of eenvoudig van elke stelling verskil het. In hierdie opsig blyk dit dat die kind 'n opponerende houding het, wat óf spesifiek tot die toetssituasie is, óf 'n algemene gedragspatroon van die betrokke kind is.

**5.4.1.1.4 Psigometriese eienskappe van die TSCS:2**

- Geldigheid

Die algemene gebruik van die TSCS:2 binne diverse terapeutiese, opvoedkundige, kliniese en mediese situasies, dui op die geldigheid van die skaal as 'n meetinstrument van selfkonsep. 'n Groot verskeidenheid geldigheidsondersoeke het die inhouds-, kriteriumverwante en konstrukgeldigheid van die TSCS:2 ondersoek. Verskeie benaderings is gebruik, onder andere interkorrelasies met ander aanvaarbare psigologiese meetinstrumente en vergelykings tussen die response van verskeie

kriteriumgroepe. Daar is gevind dat die metingskaal gebruik kan word as 'n geldige meting van selfkonsep.

- Betroubaarheid

Die *interne konsekwentheid* van die TSCS:2 is bepaal deur middel van die Cronbach-alpha-betroubaarheidskoëffisiënt. Fitts en Warren (1996) rapporteer goeie interne konsekwentheid vir die TSCS:2, met betroubaarheidskoëffisiënte wat wissel tussen 0,66 en 0,92. Dit dui daarop dat die interne konsekwentheid van die TSCS:2 aanvaarbaar is.

Die *toets-hertoetsbetroubaarheid* oor 'n een week periode wissel tussen 0,55 en 0,83. Dit dui daarop dat die TSCS:2 oor aanvaarbare psigometriese stabiliteit beskik.

**5.4.1.1.5 Rede vir insluiting**

Daar is besluit op selfkonsep as 'n afhanklike veranderlike, aangesien selfkonsep 'n kritiese rol vervul in die aanpassing van kinders na ouerlike egskeiding, soos blyk uit 'n ondersoek deur Kalanjee (2001). Daar is verder ook gevind dat ouerlike egskeiding problematiese houdings by kinders bevorder wat bydra tot 'n verlaagde selfkonsep (Smith, 1996).

Selfkonsep word beskou as een van die boustene van psigologiese weerbaarheid (Kalanjee, 2001). Dit behels 'n kind se eie evaluasie van sy/haar vermoë om persoonlike potensiaal te verwesenlik en in hierdie opsig het dit 'n deurslaggewende invloed op 'n kind se aanpassing.

Die bevordering van 'n gesonde selfkonsep is sentraal tot optimale psigologiese aanpassing, persoonlike geluk en bevrediging, asook aangename interpersoonlike gedrag (Smith, 1996). Dit is vervolgens belangrik om 'n swak selfkonsep vroegtydig te identifiseer sodat gepaste stappe geneem kan word om die situasie te verbeter.

### 5.4.1.2 Die Kinderdepressieskaal / "Children's Depression Inventory" (CDI) (Kovacs, 1992)

#### 5.4.1.2.1 Rasionaal

Die meetinstrumente wat gebruik word om depressie by volwassenes te meet, is nie toepaslik vir die gebruik by kinders en adolessente nie. Die CDI is die eerste gestandaardiseerde, selfrapporteringsvraelys vir die assessering van depressiesimptome by jong kinders en blyk die mees algemene depressieskaal vir die gebruik by kinders te wees. Die metingskaal is sensitief vir verandering in depressie met verloop van tyd en is 'n aanvaarbare indeks vir die intensiteit van die depressiewe versteuring.

Die CDI kan benut word as 'n roetine siftingsinstrument in verskeie omgewings, byvoorbeeld skole, buitepasiëntklinieke en in privaatpraktyk. Dit kan ook met sukses gebruik word om vordering tydens terapeutiese behandeling te bepaal. Kovacs (1992) beklemtoon dat die CDI deel moet vorm van 'n totale diagnostiese pakket en nie in isolasie gebruik moet word vir diagnostiese doeleindes nie, maar ondersteun moet word deur kliniese observasie.

#### 5.4.1.2.2 Beskrywing van die CDI

Die CDI is ontwerp vir gebruik met skoolgaande kinders en adolessente tussen die ouderdomme van 7 en 17 jaar. Die CDI is ontwikkel in ooreenstemming met die "Beck Depression Inventory" (BDI) en met die uitsondering van 'n enkele item, is die CDI soortgelyk aan die BDI. Die bewoording is egter aangepas om die ontwikkelingsvlak en leesvaardighede van kinders te akkommodeer.

Die 27-item, selfrapporterende meetinstrument is simptoomgeoriënteerd en onderskei kinders met 'n psigiatriese diagnose van major depressie of distimiese versteuring, van nie-geselekteerde, "normale" skoolkinders en kinders met ander psigiatriese toestande.

Soortgelyk aan die BDI, assesseer die CDI die graad van verskeie simptome, wat as volg gegroepeer word:

- Negatiewe gemoed.
- Interpersoonlike probleme.
- 'n Gevoel van oneffektiwiteit.
- Anhedonie.
- Negatiewe selfbeskouing.

**5.4.1.2.3 Administrasie en interpretasie**

Die CDI kan individueel of in groepsverband toegepas word. Die vraelys bestaan uit 'n reeks stellings wat elk fokus op 'n spesifieke depressie simptoom. Elke item bestaan uit drie keuses. Die kind moet een sin by elke item kies wat die beste beskryf hoe hy/sy die afgelope twee weke gevoel het. Tellings op elk van die 27 items kan wissel van 0 tot 2, waar 0 die afwesigheid van simptome reflekteer, 1 dui op matige simptome en 'n telling van 2 ernstige simptome uitwys.

Die totale CDI-telling kan van 0 tot 54 strek, waar 'n hoë telling aanduidend kan wees van depressie en 'n lae telling op die afwesigheid van depressiesimptome kan dui. Roupunte word omgeskakel na T-tellings met inagneming van ouderdom en geslag.

'n Belangrike stap tydens die interpretasie van die resultate, behels 'n deeglike ontleding van die individuele itemresponse, aangesien dit belangrike inligting kan verskaf oor die moontlike oorsake van die kind se probleme. Individuele itemresponse kan ook waardevolle inligting verskaf vir die beplanning van terapeutiese intervensie.

#### 5.4.1.2.4 Psigometriese eienskappe van die CDI

- Geldigheid

'n Groot verskeidenheid geldigheidsondersoeke ten opsigte van die CDI bevestig dat die meetinstrument daarin slaag om die teoretiese konstrukte wat dit onderlê, akkuraat te meet. Die konstrukte het beskrywende en vooruitskouende waarde vir die herkenning van depressiwiteit onder kinders en adolessente.

- Betroubaarheid

*Interne konsekwentheid*: Die alfa-koëffisiënte, soos gerapporteer deur verskeie studies, dui op goeie interne konsekwentheid vir die CDI. Betroubaarheidskoëffisiënte wissel tussen 0,71 en 0,89. Dit dui daarop dat die interne konsekwentheid van die CDI aanvaarbaar is.

*Toets-hertoetsbetroubaarheid*: Kovacs (1992) rapporteer 16 studies wat die toets-hertoetsbetroubaarheid van die CDI ondersoek het. Toets-hertoetskorrelasies vir bogenoemde studies het gewissel van 0,38 tot 0,87. Aangesien die CDI 'n gemoedstoestand eerder as 'n psigiese eienskap meet, lewer die verkryging van 'n toepaslike toets-hertoetsinterval probleme. Kovacs (1992) beveel 'n twee weke toets-hertoetsinterval aan.

#### 5.4.1.2.5 Rede vir insluiting

Egskeiding kan aanleiding gee tot depressie by kinders (Cohen, 2002; Taylor, 2001; Van Schaick & Stolberg, 2001). 'n Egskeiding gaan gepaard met verskeie verliese en die intensiteit van hierdie verliese kan inmeng met die emosionele, sosiale en psigologiese groei van kinders. Depressie presenteer op 'n aantal wyses by 'n kind, byvoorbeeld konsentrasieprobleme, probleme met eet- en slaappatrone, verveeldheid, apatie en 'n tendens om hulself te kritiseer (Schoeman & Van der Merwe, 1996).

#### 5.4.1.3 Die Kinder-angsskaal / "Child Anxiety Scale" (CAS) (Gillis, 1980)

##### 5.4.1.3.1 Rasionaal

Die CAS is ontwikkel uit die behoefte na 'n betroubare meetinstrument vir die evaluering van angs by kinders. Die CAS spruit voort uit 'n faktoranalise van die 13 primêre skale van die "Early School Personality Questionnaire" (ESPQ) wat 'n tweede-orde-faktor identifiseer het, wat ooreenstem met 'n algemene angspatroon. Alhoewel die ESPQ dus 'n meting van angs verleen, neem die administrasie van die ESPQ gewoonlik 'n uur of meer. Die CAS is gevolglik ontwerp as 'n kort selfrapporteringsvraelys, wat maklik geadministreer word en eenvoudige puntetoekenning bewerkstellig. Terselfdertyd is dit ook daarop gemik om 'n herhaalbare instrument te wees vir die monitor van angsvlakke oor tyd.

##### 5.4.1.3.2 Beskrywing van die CAS

Die CAS is 'n 20-item, kwantitatiewe selfrapporteringsinstrument wat ontwikkel is vir die evaluering van angs by jong kinders, tussen die ouderdomme van 5 en 12 jaar. Pogings is aangewend om kinders se ervaring tydens die voltooiing van die vraelys so aangenaam as moontlik te maak. Vir hierdie doel word gebruik gemaak van prente en helder kleure om kinders se aandag te rig en te fokus op die antwoordblad. Die toepassing van die CAS duur gemiddeld 15 minute. Die nasien van die vraelys lewer 'n totale routelling wat eenvoudige interpretasie bewerkstellig. Geen subskale word benut nie.

##### 5.4.1.3.3 Administrasie en interpretasie

Die CAS is 'n selfrapporteringsvraelys wat individueel of in groepsverband toegepas kan word. Die toetsafnemer gee 'n demontrasie op 'n swartbord wat verduidelik hoe die items beantwoord word. Die 20 items is in die vorm van keusevrae wat elk verteenwoordig word deur 'n spesifieke prent, byvoorbeeld 'n skoenlapper, appel, muis en ander. Elke kind ontvang 'n antwoordblad waarop

hierdie prente gekopieer is, asook 'n blou en rooi kol langs elke prent. Daar word van die toetsling verwag om elke stelling deur te lees en 'n keuse-antwoord te gee. Die kind dui sy keuse aan deur 'n kruis op een van die kleurkolle te merk. Vir jong kinders is dit toelaatbaar om die items hardop voor te lees en meer ingewikkelde woorde te verduidelik.

Voordat die vraelys nagesien word, word die antwoordblad noukeurig ondersoek vir enige tekens wat mag aandui dat die kind die instruksies misverstaan het. Indien enige van die volgende kenmerke waargeneem word, word die antwoordblad as ongeldig beskou en vervolgens nie nagesien nie:

1. Al die blou -, of al die rooi kolle is gemerk.
2. Meer as een vraag is uitgelaat.
3. By meer as een vraag het die kind beide die kolle gemerk.

Die CAS word met behulp van 'n nasienmasker nagesien. 'n Routellingtotaal word bereken, waarna dit omgeskakel word na stien- en persentieltellings met behulp van 'n normtabel. Daar is twee onderskeie normtabelle vir die ouderdom en graad van skoolonderrig. Die rede vir die twee normtabelle is dat twee kinders wat slegs 'n paar maande in ouderdom verskil, geneig is om 'n groter verskil in CAS-tellings te verkry, indien hulle in verskillende grade is, as wat die geval sou wees indien hulle in die dieselfde graad is. Dit blyk dus dat graadvlak geneig is om 'n groter invloed op CAS-vlakke uit te oefen as ouderdom. Dit is verder ook nie altyd moontlik om graadvlakke te bepaal nie en in hierdie geval sou die ouderdomsnormtabel gebruik moet word. Die keuse vir die gebruik van 'n spesifieke normtabel berus dus by die toetsafnemer. In die huidige studie is die ouderdomsnormtabel gebruik.

**5.4.1.3.4 Psigometriese eienskappe van die CAS**

- Geldigheid

Verskeie studies het die inhouds-, kriteriumverwante - en konstrukgeldigheid van die CAS ondersoek. Hierdie studies het 'n verskeidenheid benaderings gebruik,

insluitende itemanalise, interkorrelasies tussen die angsskaal van die ESPQ en die CAS, en vergelykings tussen die antwoorde van verskeie kriteriumgroepe.

Die angspatroon wat deur Krug, Scheier en Cattell (soos aangehaal deur Gillis,1980) geïdentifiseer is, word beskou as 'n noodsaaklike kriterium vir die vergelyking van angsskale. Die verband tussen die CAS en bogenoemde angspatroon is ondersoek en 'n korrelasie van 0,81 ($p<0.01$) vir Steekproef 1 en 0,74 vir Steekproef 2 ($p<0.05$) is verkry.

- Betroubaarheid

'n Aantal studies het die toets-hertoetsbetroubaarheid van die CAS, met 'n interval van een week, ondersoek. Die betroubaarheidskoëffisiënte het gewissel van 0,81 tot 0,92.

**5.4.1.3.5 Rede vir insluiting**

Dit is algemeen vir kinders om gevoelens van angs, verwarring en 'n vrees vir verlating te ervaar na 'n egskeiding (Gilbert, 2002). Volgens Herbert (1996) is daar geen twyfel daaroor dat egskeiding angswekkend vir kinders is nie. Veral jonger kinders kan intense vrese ontwikkel, byvoorbeeld oor verlating, die dood of besering van ouers, ensovoorts. Aangesien jong kinders op hulle ouers staatmaak vir stabiliteit, veroorsaak 'n egskeiding baie angs by hulle omdat hulle bron van sekuriteit (hulle ouerhuis) bedreig word. Hierdie angstigheid word moontlik ook vererger deur foutiewe denkpatrone, oortuigings en houdings rakende die egskeiding.

#### 5.4.1.4 Kinders se denkpatrone rakende ouers se egskeiding / "Children's Beliefs About Parental Divorce Scale" (CBAPS) (Kurdek & Berg, 1987)

##### 5.4.1.4.1 Rasionaal

Die doel met die CBAPS is die daarstelling van 'n objektiewe meetinstrument vir die assessering van kinders se foutiewe denkpatrone met betrekking tot hulle ouers se egskeiding. Die assessering van kinders se denkpatrone oor ouerlike egskeiding kan dien as 'n grondslag vir terapeutiese intervensiestrategieë.

##### 5.4.1.4.2 Beskrywing van die CBAPS

Die CBAPS is 'n 36-item-selfrapporteringsvraelys wat verdeel word in ses subskale. Elke subskaal bestaan uit ses vrae. Die totale telling word bereken deur die ses subskale bymekaar te tel. Hoe hoër die algehele telling is wat verkry word, hoe meer foutiewe denkpatrone is teenwoordig. Die subskale is as volg:

- **Vermyding van die portuurgroep**

Kinders glo dikwels dat hulle ouers se egskeiding op 'n negatiewe wyse op hulle gereflekteer word. Die gevolg kan wees dat kinders hulle portuurgroep vermy en ontsteld word wanneer vriende vrae rig oor hulle ouers se egskeiding. Hierdie denkpatroon kan kinders isoleer van hulle portuurgroep, veral gedurende 'n tyd wanneer emosionele ondersteuning baie belangrik is.

- **Vaderlike beskuldiging en moederlike beskuldiging**

Kinders kan glo dat die een ouer afsonderlik verantwoordelik is vir die egskeiding. Hierdie oortuiging kan bydra tot 'n negatiewe interaksie met die betrokke ouer, na die egskeiding.

- **Vrees vir verlating**

Aangesien 'n egskeiding behels dat een van die ouers die huis verlaat, gee dit dikwels daartoe aanleiding dat uitgebreide kontak met die betrokke ouer verloor word. Sommige kinders mag vrees dat die toesighoudende ouer hulle ook mag verlaat. Dit kan lei tot uitermatige afhanklikheid en obsessiewe gedagtes oor verlating deur beide ouers.

- **Hoop op hereniging van ouers**

Sommige kinders glo dat hulle ouers se egskeiding slegs tydelik van aard is en dat hulle die vermoë het om deur middel van sekere gedrag die hereniging van hulle ouers te bewerkstellig. Hierdie hoop kan aanleiding gee tot herhaalde teleurstellings.

- **Skuldgevoelens**

Sommige kinders glo dat hulle ouers se egskeiding die gevolg is van iets wat hulle gesê of gedoen het. Hierdie valse oortuiging kan aanleiding gee tot skuldgevoelens en depressie.

#### 5.4.1.4.3 Administrasie en interpretasie

Die CBAPS kan individueel of in groepsverband toegepas word. Die vraelys bestaan uit 36 vrae wat die kind beantwoord deur *ja* of *nee* te merk op die antwoordblad. Die antwoordblad word met behulp van 'n nasiensleutel gemerk, waarvolgens 'n punt toegeken word vir elke denkfout wat gemaak is. 'n Hoë telling dui op die teenwoordigheid van 'n groot aantal foutiewe denkpatrone. Die kind kan 'n maksimum van ses punte vir elke subskaal behaal en 'n totale telling van 36 op die CBAPS is moontlik.

#### 5.4.1.4.4 Psigometriese eienskappe van die CBAPS

- Geldigheid

Die verband tussen die CBAPS-tellings van 170 kinders en veelvuldige assesserings van die kinders se aanpassings, insluitende selfrapporterende metings van angs, oortuigings ten opsigte van beheer, selfkonsep, sosiale ondersteuning en interpersoonlike probleemoplossingsvaardighede, asook metings deur ouers en onderwysers aangaande internaliserende en eksternaliserende gedragsprobleme, is ondersoek. Kurdek en Berg (1987) rapporteer korrelasies tussen foutiewe denkpatrone en hoë angs (0,50), swak selfkonsep (0,49), asook gebrekkige sosiale ondersteuning (0,33).

- Betroubaarheid

Die toets-heroetsbetroubaarheid van die CBAPS is ondersoek oor 'n nege week periode. Die tellings wissel tussen 0,41 en 0,72 vir die ses subskale, en 0,65 vir die Totale Skaal. Dit dui op matige stabiliteit en stem ooreen met ander selfrapporteringskale wat die psigologiese funksionering van kinders meet.

Kurdek en Berg (1987) rapporteer dat die Cronbach-alfa-betroubaarheidskoëffisiënt vir die ses subskale wissel tussen 0,54 en 0,78. Die telling vir die Totale Skaal is 0,80.

#### 5.4.1.4.5 Rede vir insluiting

Kinders se beoordeling van egskeidingsverwante gebeure kan hulle aanpassing by die egskeiding beïnvloed (Kurdek & Berg, 1987). Wallerstein en Blakeslee (1989) bespreek sewe take wat kinders in egskeidingsituasies moet bemeester ten einde by die lewe na egskeiding aan te pas. Vyf van hierdie take sentreer rondom kinders se waardering van 'n egskeiding, naamlik:

- Die kind moet die realiteit van sy ouers se egskeiding erken.

- Gevoelens van woede moet hanteer word; ook woede teenoor een of beide ouers.
- Skuldgevoelens, met ander woorde gevoelens dat hy/sy verantwoordelik is vir die egskeiding, moet hanteer word.
- Die permanente aard van die egskeiding moet aanvaar word.
- Realistiese hoop moet ontwikkel word rakende verhoudings, ten einde die kind in staat te stel om in die toekoms 'n suksesvolle verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag te vestig.

Verskeie navorsers wys daarop dat kinders dikwels problematiese oortuigings het oor beide die aard van ouerlike egskeiding en die rol wat hulle vervul in die egskeidingsbesluit (Kurdek & Berg, 1987; Wolchik & Sandler, 1997). Die CBAPS assesseer kinders se foutiewe denkpatrone rakende hulle ouers se egskeiding. Kinders met 'n hoë telling op die CBAPS is geneig tot angstigheid, 'n swak selfbeeld en ervaar min sosiale ondersteuning. Kinders wat oor hierdie eienskappe beskik, word geïdentifiseer as risikogevalle vir die ontwikkeling van psigopatologie.

### 5.4.2 Kwalitatiewe metings

#### 5.4.2.1 Biografiese vraelys

Die biografiese vraelys is ontwikkel as hulpmiddel om bykomende inligting in te win oor die proefpersoon se reaksie op sy/haar ouers se egskeiding, asook om inligting te bekom oor sy/haar huislike omstandighede ná die egskeiding. Die vraelys dien verder as 'n instrument vir die assessering van die moeders se belewing van hulle kinders na die egskeiding.

##### 5.4.2.1.1 Rasionaal

Die biografiese vraelys is ingesluit ten einde kwalitatiewe inligting te bekom oor die kind se funksionering voor en na die egskeiding, asook 'n aanduiding van die huislike omstandighede te verleen.

#### 5.4.2.1.2 Beskrywing van die biografiese vraelys

Die biografiese vraelys fokus op spesifieke kenmerke van die ouer, kind en situasie tuis wat vir die ondersoeker ter sake is. Daar word eerstens gefokus op die identifiserende besonderhede van die ouer en haar verhoudingstatus, waarna 'n meer in diepte ondersoek na die kind se aanpassing na die egskeiding en die professionele dienste wat benut is, volg. Die leser word verwys na Bylaag C vir 'n volledige uiteensetting van die vraelys.

#### 5.4.2.1.3 Administrasie en interpretasie

Die vraelys bestaan uit invulvrae wat deur die ouer tuis voltooi en aan die groepleier teruggestuur word in 'n gefrankeerde koevert.

#### 5.4.2.1.4 Rede vir insluiting

Die biografiese vraelys stel die ondersoeker in staat om belangrike inligting oor die individuele kind te bekom, wat nie deur die kwantitatiewe metings verkry kan word nie. Hierdie vraelys is reeds voor die samestelling van die groepe aan die ouers gestuur met die doel om vroegtydig aanpassingsprobleme te identifiseer en by te dra tot die samestelling van 'n homogene ondersoekgroep. Die betrokke inligting stel die ondersoeker verder in staat om bedag te wees op spesifieke reaksies wat mag voorkom tydens die program, asook om oor die nodige insig te beskik ten opsigte van 'n betrokke kind.

### 5.4.2.2 Persoonlike onderhoude met ouers

#### 5.4.2.2.1 Rasionaal

Na afloop van die program is 'n gestruktureerde, telefoniese onderhoud gevoer met elk van die toesighoudende ouers, wat in hierdie studie die moeders was. Die doel hiervan was om kwalitatiewe data te versamel oor die moontlike waarde

en effek van die Sandcastles-program op die spesifieke groep kinders se psigologiese funksionering, soos waargeneem deur die ouers.

#### 5.4.2.2.2 Beskrywing van die onderhoud

Die onderhoud is op 'n telefoniese wyse met elk van die moeders gevoer. Dit het gemiddeld 15 minute geduur en het uit die volgende drie vrae bestaan:

1. Het u kind voor die program sekere emosies of gedrag openbaar waaroor u besorgd was?
2. Wat het die program, volgens u mening, vir u kind beteken?
3. Is u tevrede dat u kind deelgeneem het aan die program?

Die vrae is vooraf beplan en in die vasgestelde volgorde aan die moeder gerig. Daar is egter aan die moeder die ruimte gegee om op die vrae uit te brei en haar eie menings te gee.

#### 5.4.2.2.3 Rede vir insluiting

As data-insamelingstegniek beskik die onderhoud oor kenmerke waaroor objektiewe toetse, skale en metodes om gedrag waar te neem, nie beskik nie (De Wet, De K Monteith, Steyn & Venter, 1981). As 'n onderhoud saam met goed beplande vraelyste gebruik word, lewer dit baie bruikbare data. Dit voorsien inligting oor die spontane vloei van gedrag binne die kind se natuurlike omgewing, wat nie met die kwantitatiewe metings bekom kan word nie. 'n Onderhoud is buigsaam en aanpasbaar by omstandighede. Dit stel verder ook die ondersoeker in staat om dieper in te gaan op antwoorde of response. In hierdie opsig kan dit gebruik word om die kwantitatiewe metodes aan te vul.

#### 5.4.2.3 Die standaard Sandcastles-evaluasievorm

##### 5.4.2.3.1 Rasionaal

Die Sandcastles-evaluasievorm verskyn op die laaste bladsy van die werksboeke, wat in die VSA gebruik word. Dit dien as 'n geskrewe beoordelingsvraelys en voorsien waardevolle inligting met betrekking tot die individuele kind se subjektiewe ervaring van die Sandcastles-program.

##### 5.4.2.3.2 Beskrywing van die Sandcastles-evaluasievorm

Die Sandcastles-evaluasievorm bestaan uit ses stellings waarop die kind *ja*, *nee* of *onseker* moet antwoord. Weens kopiereg op alle Sandcastles-materiaal kan dit nie in totaliteit weergegee word nie. Voorbeelde van die stellings is as volg: "This program helped me understand more about separation/divorce."; "I would recommend this program to other kids."

##### 5.4.2.3.3 Administrasie en interpretasie

Die evaluasievorm is na afloop van die program per pos aan die kinders gestuur om tuis te voltooi en moes deur die ouer aan die ondersoeker teruggestuur word in 'n gefrankeerde koevert.

##### 5.4.2.3.4 Rede vir insluiting

Die Sandcastles-evaluasievorm is spesifiek ontwikkel om as 'n maatstaf van kinders se ervarings van die Sandcastles-program te dien. Die stellings is gebaseer op die inhoud van die program en voorsien inligting wat direk van toepassing is op die spesifieke program, byvoorbeeld: "I would recommend this program to other kids."

## 5.5 NAVORSINGSPROSEDURE

Die navorsingsprosedure wat gevolg is, kan in die volgende stappe uiteengesit word:

(1) die bekendmaking van die program by skole, kerke en organisasie;

(2) die voltooiing van die biografiese vraelys deur die ouer;

(3) die seleksie van die twee eksperimentele groepe en toewysing van die deelnemers in 'n betrokke groep op 'n gestratifiseerde wyse;

(4) voortoetsing;

(5) toepassing van die program;

(6) hertoetsing;

(7) die voltooiing van die Sandcastles-program se standaard evaluasievorm deur die groeplede;

(8) persoonlike onderhoude met die onderskeie ouers;

(9) verwerking van die data.

## 5.6 ETIESE ASPEKTE

Tydens die studie, is daar aan die volgende etiese aspekte aandag geskenk:

(1) Ingeligte toestemming is verkry van die ondersoekgroep se ouers.

(2) Deelname aan die navorsingsprojek was vrywillig.

(3) Die psigometriese toetse is afgeneem deur die ondersoeker self.

(4) Alle persoonlike data rakende die deelnemers, is as vertroulik beskou, ten einde die identiteit van die deelnemers te beskerm. Skuilname is gebruik vir die kwalitatiewe bespreking van die data.

(5) Die resultate is beskikbaar gestel ter insae vir die ouers van die deelnemers en die deelnemers kon ter enige tyd besluit het om van die studie te onttrek, sou hulle of hulle ouers dit verlang het.

(6) Daar was geen veiligheidsrisiko verbonde aan die navorsing nie.

## 5.7 STATISTIESE TEGNIEKE

Die data van hierdie studie is verwerk deur die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus). Die verwerkings is met behulp van die Statistica-pakket uitgevoer (Statistical Software Inc., 2003). Roupunte is deurgaans gebruik in die verwerking van die gegewens.

Die ontledings en statistiese verwerkings is aan die hand van beskrywende statistiek gedoen. Die gemiddeldes van die voor- en natoetse, asook die standaardafwykings is deurgaans bereken. Die gemiddelde verskille (V) van die standaardafwyking van verskille (SV) is verder bepaal, waaruit die effekgrootte (d=V/SV) bereken is.

By die CAS is daar ook gebruik gemaak van 'n tweerigting-frekwensietabel wat die verskuiwing van voor- na natoets aandui.

Ten einde vas te stel of die veranderinge prakties betekenisvol is, is gebruik gemaak van Cohen (1988) se kriterium vir effekgroottes. Die absolute waarde van die effekgrootte (d) word as volg beoordeel:

$d \geq 0{,}2$ dui op 'n klein effek,
$d \geq 0{,}5$ dui op 'n medium effek,
$d \geq 0{,}8$ dui op 'n groot effek.

Data wat 'n d-waarde groter en gelyk aan 0,8 oplewer, word as prakties betekenisvol beskou, aangesien dit 'n verskil met 'n groot effek aandui. Resultate met 'n medium tot groot effek kan gebruik word.

***Vir die doeleindes van hierdie studie, is resultate met 'n medium tot 'n groot effek as prakties betekenisvol beskou.***

Sien Bylaag F vir die statistiese formules.

## 5.8 HIPOTESEFORMULERING

Die volgende nulhipoteses en alternatiewe hipoteses word gestel:

$H0_1$: Die Sandcastles-program het geen effek op die spesifieke groep kinders se selfkonsep nie, aangesien daar geen beduidende verskil tussen die voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep, na afloop van die program voorkom nie.

H1: Die Sandcastles-program het 'n effek op die spesifieke groep kinders se selfkonsep, aangesien daar 'n beduidende verskil tussen die voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep is.

$H0_2$: Die Sandcastles-program het geen effek op die spesifieke groep kinders se depressiwiteit nie, aangesien daar geen beduidende verskil tussen die

voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep, na afloop van die program voorkom nie.

H2: Die Sandcastles-program het 'n effek op die spesifieke groep kinders se depressiwiteit, aangesien daar 'n beduidende verskil tussen die voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep is.

$H0_3$: Die Sandcastles-program het geen effek op die spesifieke groep kinders se angstigheid nie, aangesien daar geen beduidende verskil tussen die voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep, na afloop van die program voorkom nie.

H3: Die Sandcastles-program het 'n effek op die spesifieke groep kinders se angstigheid, aangesien daar 'n beduidende verskil tussen die voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep is.

$H0_4$: Die Sandcastles-program het geen effek op die spesifieke groep kinders se denkpatrone rakende hulle ouers se egskeiding nie, aangesien daar geen beduidende verskil tussen die voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep, na afloop van die program voorkom nie.

H4: Die Sandcastles-program het 'n effek op die spesifieke groep kinders se denkpatrone rakende hulle ouers se egskeiding, aangesien daar 'n beduidende verskil tussen die voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep is.

Ten opsigte van doelstellings 5 en 6, soos uiteengesit in Hoofstuk 1, word geen hipoteses gestel nie aangesien dit van 'n eksploratiewe aard is.

## HOOFSTUK 6

# BESPREKING VAN RESULTATE

## 6.1 ORIËNTERING

Die resultate van die ondersoek word in twee onderafdelings weergegee. Eerstens word die *kwantitatiewe resultate* bespreek, wat die verskille binne die ondersoekgroep (voor- en natoets) as 'n geheel uitlig. Die beskrywende statistiek word in Tabelle 2, 3, 4 en 6 weergegee. By die CAS word 'n tweerigting frekwensietabel gegee (Tabel 5), wat die verskuiwing van voor- na natoetsing duidelik aantoon. Die nulhipoteses word evalueer in terme van die praktiese betekenisvolheid daarvan. Tweedens word die *kwalitatiewe resultate* in die vorm van individuele gevallestudies bespreek. Ter samevatting word 'n integrasie van die kwantitatiewe en kwalitatiewe resultate gegee.

## 6.2 KWANTITATIEWE BESPREKING

### 6.2.1 Selfkonsep

**Tabel 2: Verskille binne die ondersoekgroep ten opsigte van selfkonsep.**

| Veranderlike | Toetsing | $\bar{\chi}$ | SA | N | V | SV | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| INC | Voor | 57.67 | 11.11 | 9 | | | |
| | Na | 51.44 | 8.02 | 9 | 6.22 | 13.02 | 0.48 |
| SC | Voor | 44.89 | 11.69 | 9 | | | |
| | Na | 44.22 | 11.39 | 9 | 0.67 | 9.5 | 0.07 |
| FG | Voor | 49.44 | 12.70 | 9 | | | |
| | Na | 52.67 | 13.43 | 9 | -3.22 | 11.61 | -0.28 |
| RD | Voor | 43.56 | 6.73 | 9 | | | |
| | Na | 41.11 | 10.96 | 9 | 2.44 | 10.25 | 0.24 |
| PHY | Voor | 44.22 | 7.55 | 9 | | | |
| | Na | 50.00 | 12.09 | 9 | -5.78 | 8.67 | -0.67 * |
| MOR | Voor | 50.00 | 8.19 | 9 | | | |
| | Na | 51.78 | 8.76 | 9 | -1.78 | 6.28 | -0.28 |
| PER | Voor | 49.67 | 10.32 | 9 | | | |
| | Na | 52.11 | 9.44 | 9 | -2.44 | 8.57 | -0.29 |
| FAM | Voor | 44.56 | 8.96 | 9 | | | |
| | Na | 45.11 | 7.30 | 9 | -0.56 | 5.03 | -0.11 |
| SOC | Voor | 50.67 | 7.71 | 9 | | | |
| | Na | 50.78 | 8.32 | 9 | -0.11 | 8.05 | -0.01 |
| ACA | Voor | 50.22 | 4.97 | 9 | | | |
| | Na | 52.56 | 10.00 | 9 | -2.33 | 8 | -0.29 |
| IDN | Voor | 46.44 | 8.17 | 9 | | | |
| | Na | 49.67 | 11.62 | 9 | -3.22 | 8.17 | -0.39 |
| SAT | Voor | 49.22 | 8.66 | 9 | | | |
| | Na | 51.33 | 9.76 | 9 | -2.11 | 6.47 | -0.33 |
| BHV | Voor | 50.33 | 12.74 | 9 | | | |
| | Na | 49.78 | 6.85 | 9 | 0.56 | 12.67 | 0.04 |
| CON | Voor | 49.78 | 8.79 | 9 | | | |
| | Na | 47.11 | 9.62 | 9 | 2.67 | 12.58 | 0.21 |
| TOT | Voor | 48.00 | 7.65 | 9 | | | |
| | Na | 50.44 | 9.23 | 9 | -2.44 | 4.19 | -0.58 * |

- Prakties betekenisvol, medium effek (d-waarde ≥ 0,5)

**Waar:**

INC = Teenstrydige antwoorde

SC = Self-kritiek

FG = Goeie voorwendsels

RD = Verspreiding van antwoorde
PHY = Fisieke selfkonsep
MOR = Morele selfkonsep
PER = Persoonlike selfkonsep
FAM = Gesin-selfkonsep
SOC = Sosiale selfkonsep
ACA = Akademiese selfkonsep
IDN = Identiteit
SAT = Tevredenheid
BHV = Gedrag
CON = Konfliktelling
TOT = Totale selfkonsep
$\bar{\chi}$ = Gemiddeld
SA = Standaardafwyking
N = Grootte van ondersoekgroep
V = Gemiddelde verskille
SV = Standaardafwyking van verskille
d = Effekgrootte

#### 6.2.1.1 Bespreking van die resultate uit Tabel 2 (Selfkonsep)

Dit blyk uit Tabel 2 dat daar 'n prakties betekenisvolle verskil (medium effekgrootte) tussen die gemiddelde voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep is ten opsigte van die *Totale Selfkonsep-telling* en *Fisieke Selfkonsep*.

'n Bestudering van die individuele antwoordstelle, dui daarop dat drie van die kinders se selfkonsep-profiele omsigtig geïnterpreteer moet word, aangesien die geldigheidstellings daarop dui dat daar onderskeidelik valse voorwendsels, doelbewuste pogings om 'n gunstige beeld van hulself te skep en 'n buitengewone teenstrydigheid in hulle beantwoording van die vraelys, bespeur kan word. Hierdie bevinding sal verder onder 6.3.1 bespreek word.

- Totale Selfkonsep

Die resultate, soos weergegee in Tabel 2, dui 'n prakties betekenisvolle verandering (medium effek) ten opsigte van selfkonsep binne die ondersoekgroep as geheel aan. Die negatiewe waarde van *d* toon aan dat die natoetstellings hoër is as dié van die voortoetsing. In hierdie verband blyk dit dat daar 'n verbetering in die Totale Selfkonsep-tellings van die ondersoekgroep teenwoordig is.

Soos bespreek in Hoofstuk 5, is die Totale Selfkonsep-telling die belangrikste telling op die TSCS:2, aangesien dit die kind se algehele selfkonsep en die geassosieerde vlakke van selfagting reflekteer. Persone met hoë selfkonseptellings is geneig om hulself as grootliks bevoeg en as individue van waarde te beskou. Die verkryging van 'n gesonde selfkonsep is sentraal tot optimale psigologiese aanpassing, persoonlike geluk, bevrediging en meer bemoedigende interpersoonlike gedrag (Smith, 1996).

- Fisieke Selfkonsep

Die prakties betekenisvolle verskil (medium effek) tussen die voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep ten opsigte van Fisieke Selfkonsep toon 'n verbetering aan, soos blyk uit die negatiewe waarde van *d*. Dit reflekteer 'n verbetering in die betrokke kinders se persepsies met betrekking tot hulle liggame, fisieke voorkoms, fisiese vaardighede en seksualiteit. Aangesien 'n individu se uiterlike voorkoms altyd vertoon word vir evaluasie deur ander en die self, hou dit grootliks verband met 'n individu se algehele selfagting oor die lewensduur (Fitts & Warren, 1996). Hierdie bevinding beklemtoon die belangrikheid van die Fisieke Selfkonsep en lig die waarde van bogenoemde resultate uit.

### 6.2.1.2 Evaluering van nulhipotese 1 (Selfbeeld)

Na aanleiding van bogenoemde bespreking, kan $H0_1$ ten opsigte van twee veranderlikes, naamlik Totale Selfkonsep en Fisieke Selfkonsep, verwerp word. Ten opsigte van die ander veranderlikes, word $H0_1$ aanvaar. Dit blyk dat die Sandcastles-program bygedra het tot 'n verbetering in die spesifieke groep kinders se algehele selfagting (Totale Selfkonsep) en hulle Fisieke Selfkonsep en vervolgens word H1 ten opsigte van die genoemde twee veranderlikes, aanvaar.

## 6.2.2 Depressie

**Tabel 3: Verskille binne die ondersoekgroep ten opsigte van depressie.**

| Veranderlike | Toetsing | $\bar{\chi}$ | SA | N | V | SV | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Totaal | Voor | 51.22 | 12.69 | 9 | | | |
| | Na | 47.00 | 7.78 | 9 | 4.22 | 8.26 | 0.51 * |
| A | Voor | 51.56 | 14.30 | 9 | | | |
| | Na | 48.78 | 8.66 | 9 | 2.78 | 16.04 | 0.17 |
| B | Voor | 49.78 | 6.48 | 9 | | | |
| | Na | 51.33 | 9.43 | 9 | -1.56 | 5.83 | -0.27 |
| C | Voor | 50.11 | 9.25 | 9 | | | |
| | Na | 47.22 | 6.06 | 9 | 2.89 | 6.66 | 0.43 |
| D | Voor | 47.89 | 9.82 | 9 | | | |
| | Na | 45.67 | 8.62 | 9 | 2.22 | 9.52 | 0.23 |
| E | Voor | 56.56 | 15.78 | 9 | | | |
| | Na | 48.11 | 8.70 | 9 | 8.44 | 9.8 | 0.86 ** |

* Prakties betekenisvol, medium effek (d-waarde ≥ 0,5)

** Prakties betekenisvol, groot effek (d-waarde ≥ 0,8)

**Waar:**

Totaal = Totale CDI-telling
A = Negatiewe gemoed
B = Interpersoonlike probleme
C = Gevoel van oneffektiwiteit
D = Anhedonia
E = Negatiewe selfbeskouing
$\bar{\chi}$ = Gemiddeld

SA = Standaardafwyking
N = Grootte van ondersoekgroep
V = Gemiddelde verskille
SV = Standaardafwyking van verskille
d = Effekgrootte

#### 6.2.2.1 Bespreking van die resultate uit Tabel 3 (Depressie)

Die resultate ten opsigte van depressie dui daarop dat daar 'n prakties betekenisvolle verskil tussen die gemiddelde voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep is. Meer spesifiek blyk daar 'n medium effekgrootte ten opsigte van die Totale CDI-telling en 'n groot effek ten opsigte van die subtoets, Negatiewe Selfbeskouing, te wees.

- Totale CDI-telling

Uit Tabel 3 blyk dit dat daar 'n prakties betekenisvolle verskil (medium effekgrootte) tussen die voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep op die CDI is. Die positiewe waarde van *d* dui daarop dat die CDI-tellings by natoetsing laer is as dié van voortoetsing. Daar kan vervolgens geïnterpreteer word dat daar 'n afname in die depressiewe simptome van die ondersoekgroep, na afloop van die program teenwoordig is.

Soos bespreek in Hoofstuk 2, gee ouerlike egskeiding dikwels aanleiding tot depressie by kinders, wat kan inmeng met hulle emosionele, sosiale en psigologiese groei. Hierdie bevinding dui op die noodsaaklikheid daarvan om kinders se depressiesimptome terapeuties te behandel.

- Negatiewe selfbeskouing

Die resultate toon 'n prakties betekenisvolle verskil (groot effek) tussen die voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep ten opsigte van *Negatiewe Selfbeskouing* aan. Die positiewe waarde van *d* reflekteer 'n afname in

*Negatiewe Selfbeskouing.* Hierdie bevinding komplimenteer die medium effekgrootte wat verkry is ten opsigte van die verbetering van die Totale Selfkonsep (TSCS:2) binne die ondersoekgroep, soos bespreek onder 6.2.1.

#### 6.2.2.2 Evaluering van nulhipotese 2 (Depressie)

Na aanleiding van bogenoemde bevindings, kan $H0_2$ ten opsigte van twee veranderlikes, naamlik die Totale depressie-telling en Negatiewe selfbeskouing, verwerp word. Ten opsigte van die ander veranderlikes, word $H0_2$ aanvaar. Dit blyk dat die Sandcastles-program bygedra het tot 'n verbetering in die depressiwiteit van die ondersoekgroep (Totale CDI-telling en Negatiewe selfbeskouing) en H2 word dus in hierdie verband aanvaar.

### 6.2.3 Angs

**Tabel 4: Verskille binne die ondersoekgroep ten opsigte van angs.**

| Veranderlike | Toetsing | $\bar{\chi}$ | SA | N | V | SV | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| CAS | Voor | 5.00 | 2.29 | 9 | | | |
| | Na | 3.56 | 2.46 | 9 | 1.44 | 2.51 | 0.58 * |

- Prakties betekenisvol, medium effek (d-waarde ≥ 0,5)

**Waar:**

CAS = Totale CAS-telling
V = Gemiddelde verskille
$\bar{\chi}$ = Gemiddeld
SA = Standaardafwyking
N = Grootte van ondersoekgroep
SV = Standaardafwyking van verskille
d = Effekgrootte

**Tabel 5: Tweerigting frekwensietabel**

| | | Na | | |
|---|---|---|---|---|
| | | Lae angs | Gemiddeld | Rytotaal |
| Voor | Lae angs | 2 | 1 | 3 |
| | Gemiddeld | 4 | 1 | 5 |
| | Hoë angs | 0 | 1 | 1 |
| | Kolomtotaal | 6 | 3 | 9 |

#### 6.2.3.1 Bespreking van die resultate uit Tabelle 4 en 5 (Angs)

Die resultate in Tabel 4 weergegee, dui aan dat daar 'n prakties betekenisvolle verskil (medium effekgrootte) ten opsigte van die voor- en natoetstellings van die ondersoekgroep op die CAS is. Die positiewe waarde van *d* dui op 'n afname in angssimptome na afloop van die Sandcastles-program. Tabel 5 toon die verskuiwing van voor- na natoetsing duidelik aan.

Volgens Kurdek en Berg (1987) is kinders dikwels angstig na 'n ouerlike egskeiding. Dit spruit gewoonlik uit 'n vrees vir verlating en veroorsaak 'n psigiese en fisieke benoudheid en ongemak, wat hulle aanpassing by die egskeiding kan benadeel. 'n Afname in angssimptome word dus verwelkom as 'n aanduiding van verbeterde aanpassing.

#### 6.2.3.2 Evaluering van nulhipotese 3 (Angs)

Na aanleiding van bogenoemde bevindings, kan $H0_3$ verwerp word. Dit blyk dat die Sandcastles-program bygedra het tot 'n afname in angssimptome van die ondersoekgroep en H3 word dus aanvaar.

### 6.2.4 Denkpatrone rakende ouers se egskeiding

**Tabel 6: Verskille binne die ondersoekgroep ten opsigte van denkpatrone.**

| Veranderlike | Toetsing | $\bar{\chi}$ | SA | N | V | SV | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Totaal | Voor | 10.33 | 7.07 | 9 | | | |
| | Na | 8.33 | 4.56 | 9 | 2 | 5.45 | 0.37 |

**Waar:**

Totaal = Totale CBAPS-telling

$\bar{\chi}$ = Gemiddeld

SA = Standaardafwyking

N = Grootte van ondersoekgroep

V = Gemiddelde verskille

SV = Standaardafwyking van verskille

d = Effekgrootte

#### 6.2.4.1 Bespreking van die resultate uit Tabel 6 (Denkpatrone)

Dit blyk uit die resultate dat daar geen prakties betekenisvolle verskille (d-waarde < 0,5) tussen die voor- en natoetsing van die groep kinders se denkpatrone rakende hulle ouers se egskeiding voorkom nie. In hierdie opsig blyk dit dat die Sandcastles-program nie daarin kon slaag om die betrokke kinders se denkpatrone op 'n prakties betekenisvolle wyse te wysig nie.

Volgens Wallerstein en Blakeslee (1989) kan kinders se beoordeling van egskeidingsverwante gebeure hulle aanpassing by 'n egskeiding beïnvloed. Die oorsaaklike skakel tussen kinders se denkpatrone en affektiewe en gedragsversteurings beklemtoon die belang daarvan om foutiewe persepsies rakende ouerlike egskeiding uit te klaar. Die afwesigheid van positiewe resultate ten opsigte van 'n verandering van denkpatrone kan dus as 'n leemte van die Sandcastles-program beskou word. Dit moet egter met omsigtigheid geïnterpreteer word in die lig van die klein ondersoekgroep.

Verskeie redes vir bogenoemde resultate kan aangevoer word:

- 'n Moontlike verklaring kan daaruit spruit dat die program 'n eenmalige byeenkoms behels en dat kinders se kognitiewe persepsies nie in 'n enkele byeenkoms gewysig kan word nie. Denkstrukture word moeilik verander en die herstrukturering van foutiewe persepsies behels die herhaalde uitdaging daarvan.

- Die moontlikheid bestaan dat die program nie genoegsame aandag aan kinders se denkpatrone gee nie.

- Die betroubaarheid en geldigheid van die ondersoekgroep se antwoordstelle moet oorweeg word. Die CBAPS is 'n selfbeoordelingsvraelys en is dus gebaseer op die toetsling se vermoë om oor homself 'n verslag te gee. Selfrapporteringsvraelyste berus op twee aannames, naamlik (Smit, 1981):
  (i) Dat die toetsling in staat is om die waarheid omtrent homself vas te stel. Met ander woorde dat hy genoeg selfinsig en eerlikheid besit.
  (ii) Dat die toetsling gewillig is om die waarheid oor homself te vertel, afgesien van wat daar ook op die spel mag wees.

  Die CBAPS bestaan uit verskeie vrae wat 'n kind ongemaklik kan laat voel en eerlike beantwoording kan teenwerk, byvoorbeeld: "My vader het die meeste probleme in ons gesin veroorsaak" en "My moeder het die meeste moeilikheid in ons gesin veroorsaak". Dit blyk uit die antwoordstelle dat die meerderheid van die kinders beide die items wat skuld aan die vader gee, sowel as die items wat die moeder die skuld gee, gemerk het. Dit kan daarop dui dat die kinders onwillig was om aan 'n enkele ouer die skuld te gee, onseker was oor ouerlike skuld of dat hulle aan beide die ouers die skuld gee. Die gevolg kan dus wees dat sommige kinders onaangename dinge verswyg het, doelbewus dinge verswyg het om 'n valse indruk te skep, of dat hulle die antwoorde gegee het wat hulle gedink het van hulle verwag word. 'n Oneerlike, onsekere of onstabiele beantwoordingstyl kan die betroubaarheid van resultate kontamineer.

- 'n Ander verklaring kan geleë wees in die toets self. Cronje (1997) voer aan dat die skaal dikwels gebruik word om te bepaal hoe kinders oor hulle ouers se egskeiding voel en dat die CBAPS nog min gebruik is om veranderinge in denkpatrone na 'n intervensie te bepaal.

#### 6.2.4.2 Evaluering van nulhipotese 4 (Denkpatrone)

Die afwesigheid van 'n prakties betekenisvolle verskil tussen die voor- en natoetstellings op die CBAPS, lei daartoe dat $H0_4$ aanvaar moet word. Dit blyk dat die Sandcastles-program nie tot 'n vermindering in foutiewe denkpatrone binne die ondersoekgroep gelei het nie en H4 word vervolgens verwerp.

### 6.2.5 Samevatting van kwantitatiewe resultate

Dit blyk uit die kwantitatiewe resultate dat die Sandcastles-program bygedra het tot 'n afname in depressie en angstigheid binne die ondersoekgroep as geheel. Hierdie resultate kan as prakties betekenisvol aanvaar word. Aangesien die geldigheid van drie uit die nege kinders se selfkonsep-profiele bevraagteken word, kan die medium effekgrootte, soos weergegee in Tabel 2, nie met sekerheid aanvaar word nie. Die gevolg is dat geen betroubare gevolgtrekkings ten opsigte van selfkonsep as 'n veranderlike gemaak kan word nie. Ten opsigte van die ondersoekgroep se denkpatrone rakende hulle ouers se egskeiding kon geen betekenisvolle resultate verkry word nie.

Ter samevatting blyk dit dat die Sandcastles-program, soos toegepas binne die Suid-Afrikaanse konteks, ten opsigte van sommige veranderlikes bygedra het tot verbeterde aanpassing onder die ondersoekgroep as geheel.

## 6.3 KWALITATIEWE BESPREKING

Die inligting wat deur middel van die kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes verkry is, word op 'n kwalitatiewe wyse bespreek met behulp van individuele gevallestudies. Op hierdie wyse word elke kind se lewensituasie kortliks geskets, waarna die resultate van sy/haar psigometriese toetsing, asook persoonlike terugvoering bespreek word. Skuilname word deurgaans gebruik.

### 6.3.1 Individuele gevallestudies

#### 6.3.1.1 Monique

Monique is 'n 11-jarige dogter wat tans in graad 5 is. Haar ouers is 'n jaar en ses maande gelede geskei. Sy het 'n jonger broer wat agt jaar oud is. Sy het 'n hegte verhouding met haar moeder (versorger), maar haar verhouding met haar vader is grootliks van 'n konflikterende aard.

Uit die persoonlike onderhoud met haar moeder, blyk dit dat sy geen problematiese gedrag voor die egskeiding openbaar het nie. Na die egskeiding het sy huilerig, hartseer en angstig voorgekom. Sy het na die egskeiding onderskeidelik 'n berader, sielkundige en pastorale berader gesien vir altesaam 10 tot 20 sessies. Haar moeder het self ook 'n sielkundige gesien, asook individuele ouerleiding by 'n pastorale berader ontvang.

Volgens haar moeder openbaar Monique huidiglik geen probleme nie. Sy word beskryf as 'n georganiseerde kind wat sedert die egskeiding "skielik grootgeword" het en meer volwasse is as ander kinders van haar ouderdomsgroep. Haar moeder noem laasgenoemde ook as haar grootste bekommernis aangesien Monique omsien na dinge wat nie van 'n 11-jarige verwag word nie. Haar moeder vrees dat Monique onnodige druk en verantwoordelikheid op haarself plaas.

Monique se profiel op die TSCS:2 (beide die voor- en natoetsing) blyk grootliks binne normale grense te wees. Sy verkry 'n Totale Selfkonsep-telling van 59T met voortoetsing en 57T met natoetsing, wat albei hoog-gemiddelde tellings is. Slegs twee tellings val tydens die voortoetsing buite die normale grense, naamlik *FG* (goeie voorwendsels) en *Morele Selfkonsep.* Monique se bo-gemiddelde *FG-telling* (T=65) met voortoetsing dui daarop dat sy geneig is om goeie indrukke te wil skep en 'n valse, positiewe selfkonsep te projekteer. Met natoetsing val dit egter binne die normale grense (T=57). Die bo-gemiddelde *Morele Selfkonsep* (T=63) impliseer 'n algemene tevredenheid met haar gedrag en 'n aanvaarding van haarself as 'n goeie, morele mens. Met natoetsing val hierdie telling ook binne die normale grense (T=56). Dit blyk dus dat haar selfkonsep-profiel met natoetsing 'n meer betroubare weerspieëling van haar ware selfkonsep mag wees, aangesien die *FG* verminder het tot 'n gemiddelde telling. Daar is nie 'n beduidende verskil tussen haar selfkonsep-tellings (voor- en natoetsing) nie.

Daar is nie 'n groot verskil tussen Monique se voor- en natoetsingstellings (onderskeidelik 42T en 40T) op die CDI nie. Beide tellings is ondergemiddeld, wat daarop dui dat Monique nie prominente depressiesimptome openbaar nie.

Monique se angstellings op die CAS blyk onveranderd te wees met natoetsing. Beide tellings dui op lae angs.

Monique openbaar positiewe denkpatrone op die CBAPS. Sy verkry 'n totaal van vyf punte met voortoetsing en ses punte met natoetsing uit 'n totaal van 36 punte. Al hierdie punte word behaal op die subtoets *vaderlike beskuldiging.* Dit bevestig die problematiese verhouding wat sy met haar vader het.

Uit die kwantitatiewe resultate blyk dit dat Monique grootliks gemiddelde tellings behaal het, wat onveranderd was met natoetsing. Dit wil dus voorkom dat sy goed aangepas is en in sielkundige terme as psigologies weerbaar beskou kan word. Monique het reeds verskeie terapeutiese insette ontvang wat kon bydra tot die verbeterde aanpassing. Die hegte verhouding met haar moeder dien verder ook as 'n beskermende faktor, alhoewel die swak verhouding met haar

vader met kommer beskou kan word. Haar moeder het ook na die egskeiding terapeutiese ondersteuning en leiding ontvang, en soos bespreek in Hoofstuk 2, dra verbeterde aanpassing van die toesighoudende ouer by tot verbeterde aanpassing by kinders.

Op die Sandcastles-evaluasievorm dui Monique aan dat sy die program vir enige kind wat ouerlike egskeiding beleef het, aanbeveel. Sy reageer positief op vyf uit die ses stellings en merk *onseker* op die stelling: "This program helped me understand more about separation/divorce." Volgens haar moeder is die waarde van die Sandcastles-program daarin geleë dat dit aan Monique die geleentheid gebied het om te sien dat ander kinders haar ervaring van ouerlike egskeiding deel en dat dit aanvaarbaar is om daaroor te praat. Haar moeder is dankbaar dat Monique die geleentheid gebied is om deel te neem aan die program en wil graag ook haar seun inskryf vir die Sandcastles-program.

#### 6.3.1.2 Sharon

Sharon is 'n 11-jarige dogter wat tans in graad 5 is. Haar ouers is reeds twee jaar gelede geskei en sedertdien woon sy en haar ouer suster (13-jaar oud) saam met hulle moeder.

Volgens Sharon se moeder het sy geen problematiese gedrag voor die egskeiding openbaar nie. Na die egskeiding was sy huilerig, hartseer, angstig, aggressief en het sy vrese ervaar. Sy het vir bykans twee jaar psigoterapie ontvang wat haar in staat gestel het om op 'n effektiewe wyse die woede wat sy ervaar het deur te werk. Sy ontvang tans geen sielkundige insette nie. Sy is by tye steeds huilerig, hartseer en aggressief, maar haar moeder is nie bekommerd daaroor nie en noem dat Sharon beter aangepas voorkom as haar ouer suster. Haar moeder verduidelik dat Sharon gemaklik kommunikeer oor haar emosies terwyl haar suster geneig is om haar emosies te onderdruk.

Daar blyk etlike verskille tussen Sharon se selfkonsep-profiel by voor- en natoetsing te wees. Haar Totale Selfkonsep-tellings bly onveranderd (T=51). Dit

is 'n gemiddelde telling. Tydens voortoetsing verkry sy 'n buitengewone hoë *INC-telling* (T=71) wat daarop dui dat daar 'n buitengewone teenstrydigheid in haar response is en haar TSCS:2-profiel behoedsaam geïnterpreteer moet word. Met natoetsing verkry sy 'n *INC-telling* wat binne normale grense is (T=45) en vervolgens kan haar profiel by natoetsing as 'n meer betroubare weerspieëling van haar selfkonsep aanvaar word. Die gevolg is egter dat haar voor- en natoetsingsprofiel nie met mekaar vergelyk kan word nie. Wanneer haar natoetsingsprofiel beskou word, behaal sy deurgaans gemiddelde tellings, met 'n bo-gemiddelde Sosiale Selfkonsep-telling (T=64). Laasgenoemde telling dui aan dat sy haarself as 'n aangename en vriendelike persoon in verhouding tot ander beskou.

Sharon se Totale CDI-telling by natoetsing (T=42) blyk hoër te wees as dié van voortoetsing (T=39), maar hierdie verskil is nie betekenisvol nie en albei is ondergemiddelde tellings. Indien die subskale beskou word, verkry sy deurgaans ondergemiddelde tellings, behalwe op die *interpersoonlike probleme-subskaal* waar sy 'n T-waarde van 56 by voor- en natoetsing behaal. Dit is 'n gemiddelde telling. Dit blyk dus dat Sharon nie depressief is nie.

Daar is 'n betekenisvolle verskil tussen Sharon se angs by voor- en natoetsing. Met voortoetsing dui haar CAS-telling op gemiddelde angs en met natoetsing verkry sy 'n lae angstelling.

Sharon verkry met voortoetsing 'n telling van een op die CBAPS. Hierdie telling word behaal op die subskaal *vaderlike beskuldiging.* Met natoetsing behaal sy 'n totale telling van vier, met drie punte vir *vaderlike beskuldiging* en 'n enkele punt vir *moederlike beskuldiging.* Hierdie toename in problematiese persepsies kan daarop dui dat sy met voortoetsing nie die vrymoedigheid gehad het om die vraelys op 'n eerlike wyse te beantwoord nie en dat sy sedert die program meer gemaklik haar persepsies kon deel. Dit kan ook wees dat Sharon met voortoetsing onseker was oor haar response en met natoesting groter duidelikheid ervaar het. Sharon en Monique is maats en het tydens die program, asook met die toetsing langs mekaar gesit. Dit kan dus ook die geval wees dat

Sharon se persepsies beïnvloed is deur dié van Monique, veral in die lig van die problematiese verhouding tussen Monique en haar vader.

Sharon beveel die Sandcastles-program vir enige kind wat sy/haar ouers se egskeiding ervaar het aan. Sy stem saam met al ses die stellings op die standaard evaluasievorm en dui aan dat die program haar gehelp het om haar ouers se egkeiding beter te verstaan. Haar moeder glo dat die program deure vir Sharon oopgemaak het deur die betekenis van 'n egskeiding aan haar te verduidelik en haar die geleentheid gebied het om vrae te vra wat sy nie aan haar ouers sal rig nie. Op hierdie wyse kon onsekerhede uitgeklaar word. Haar moeder is dankbaar dat sy Sharon ingeskryf het vir die program omdat Sharon in 'n groepsverband met ander kinders uit egskeidingsgesinne kon kommunikeer, terwyl individuele terapie op 'n een tot een basis geskied.

#### 6.3.1.3 Thomas

Thomas, 'n 9-jarige seun in graad 4, se ouers is 18 maande gelede geskei. Hy is die enigste kind en woon tans by sy moeder as versorger.

Volgens Thomas se moeder was hy reeds voor die egskeiding 'n aggressiewe kind. Na die egskeiding het hy huilerig en aggressief voorgekom. Sy moeder verwys na 'n periode na die egskeiding waartydens hy besonder aggressief was teenoor haar en haar blameer het vir sy vader se verlating. Tydens hierdie tydperk was hy volgens haar humeurig en moeilik hanteerbaar. Na elke besoek aan sy vader, het hy met hierdie nukkerigheid teruggekeer. Sy moeder verduidelik dat Thomas verlang het na sy vader en herhaaldelik moes aanpas na hierdie besoeke. Hy het ook akademiese probleme openbaar wat met tyd herstel het.

Thomas het geen terapeutiese insette ontvang na die egskeiding nie. Sy moeder noem dat hy huidiglik 'n lae selfagting en aggressiwiteit openbaar, maar noem verder dat die aggressie beduidend afgeneem het oor die afgelope ses maande.

Thomas se selfkonsep-profiel (TSCS:2) toon 'n algehele verbetering met natoetsing. Beide sy profiele (voor- en natoetsing) val binne normale grense, maar met natoetsing kan 'n verbetering van laag-gemiddelde tellings na hoog-gemiddelde tellings gesien word. Sy *Totale Selfkonsep* verbeter van 49T na 52T. Die tellings wat 'n duidelike verbetering toon, is sy *Sosiale Selfkonsep* (40T met voortoetsing en 48T met natoetsing) en *Tevredenheid* (42T met voortoetsing en 57T met natoetsing). Die Sosiale Selfkonsep-tellings toon 'n verbetering in die wyse waarop hy homself in verhouding tot ander beskou. Dit kan die gevolg daarvan wees dat hy binne groepsverband kon ervaar dat hy nie die enigste kind is wie se ouers geskei is nie en dat hy nie selfbewus hoef te wees ten opsigte van sy identiteit as 'n kind afkomstig uit 'n egskeidingsgesin nie. Die toename in sy Tevredenheid-tellings toon 'n verbetering aan in terme van sy vlak van selfaanvaarding.

Met natoetsing verkry hy 'n ondergemiddelde *RD-telling* (38T) op die TSCS:2, wat daarop dui dat hy nie met sekerheid sy selfbeskouing kan weergee nie. Dit is in vergelyking met 'n T-waarde van 45 met voortoetsing. Dit kan daarop dui dat hy die aard van die navorsing, naamlik 'n evaluerende studie, vir homself uitgeklaar het en vervolgens met natoetsing antwoorde wou gee wat hy geglo het van hom verwag word. Met voortoetsing verkry hy 'n laag-gemiddelde Konflik-telling (41T). Hierdie telling verlaag verder om 'n ondergemiddelde telling (35T) met natoetsing te gee. Dit dui daarop dat hy geneig is om verdedigend te wees en dat hy konsentreer op die uitskakel van die negatiewe. Hy fokus dus meer op wie hy nie is nie, as om te fokus op wie hy werklik is.

Thomas se Totale CDI-telling blyk onveranderd te wees, met 'n telling van 46T by voortoetsing en 'n telling van 45T by natoetsing. Die subtoets *negatiewe selfagting* toon 'n verbetering (46T met voortoetsing en 40T met natoetsing).

Thomas se CAS-tellings toon 'n afname in angs, met 'n gemiddelde angstelling by voortoetsing en 'n lae angstelling by natoetsing.

Op die CBAPS blyk daar nie 'n beduidende verandering te wees nie.

Thomas reageer positief op drie uit die ses stellings van die Sandcastles-evaluasievorm. Hy noem dat hy nou weet dat hy nie alleen is in sy ervaring nie, dat daar heelwat kinders is wie se ouers geskei is en dat sy gesinsvorm nie 'n abnormale een is nie. Hy merk *onseker* op drie stellings, insluitende die stelling dat hy die program sal aanbeveel vir ander kinders.

Thomas se moeder rapporteer dat sy dankbaar en tevrede is met dit wat die Sandcastles-program vir haar seun kon bied. Volgens haar het die program Thomas gehelp om in voeling te kom met sy emosies, bewus te wees van dit wat hy ervaar en kon hy sien dat hy nie die enigste kind is wie sy ouers se egskeiding moet verwerk nie. Sy glo dat die program 'n saad geplant het deur Thomas die geleentheid te bied om openlik oor sy ervaring te kommunikeer en as ouer wil sy graag daarop voortbou.

#### 6.3.1.4 Wendy

Wendy is 'n 9-jarige dogter wat tans in graad 4 is. Sy het 'n tweelingsuster, Megan, en 'n 11-jarige broer, Graham. Haar ouers is 'n jaar gelede geskei en sy woon sedertdien by haar moeder as versorger.

Volgens haar moeder het Wendy geen problematiese gedrag voor die egskeiding openbaar nie. Na die egskeiding het sy akademiese probleme, 'n lae selfagting, vrese, huilerigheid en aggressie openbaar. Sy het ook hartseer voorgekom. Wendy het na die egskeiding 'n pastorale berader vir 'n enkele sessie besoek. Sy het geen verderde terapeutiese insette ontvang nie. Dit blyk dat sy goed aangepas het oor die afgelope jaar, maar haar moeder is besorgd oor Wendy se vermoë om maats te behou, omdat sy ongeduldig met hulle is. Volgens haar moeder openbaar sy ook 'n gevoel van hopeloosheid en is sy gereeld huilerig, veral na 'n besoek aan haar vader. Sy rig ook steeds die vraag of daar nie 'n moontlikheid is dat haar ouers sal herenig nie.

Wendy se selfkonsep-profiele (TSCS:2) toon met beide voor-en natoetsing laag-gemiddelde en ondergemiddelde selfkonseptellings aan. Daar blyk nie 'n

verbetering in haar selfkonsep na afloop van die program te wees nie. Haar Totale Selfkonsep-telling, wat die belangrikste telling op die skaal is, is met voor- en natoetsing ondergemiddeld (onderskeidelik 40T en 39T). Haar *Fisieke Selfkonsep* verbeter van 35T na 40T, terwyl haar *Morele Selfkonsep* verswak van 53T na 48T. Haar *Persoonlike Selfkonsep* en *Gesin-Selfkonsep* is onveranderd. Wendy se *Sosiale Selfkonsep* toon 'n afname van 51T na 43T en haar *Akademiese Selfkonsep* verminder van 33T na 31T. Wendy se besondere lae *FG-telling* (T=24) word geïnterpreteer as 'n onsekerheid met betrekking tot haar selfbeskouing.

Wendy openbaar 'n afname in depressiwiteit op die CDI. Met voortoetsing verkry sy 'n T-telling van 75 wat 'n besondere hoë depressietelling is. Met natoetsing verkry sy 'n telling van 58T. Dit is 'n hoog-gemiddelde telling. Wanneer die subskale beskou word, blyk daar 'n beduidende afname in *negatiewe gemoed* te wees, met 'n telling van 84T met voortoetsing en 'n telling van 45T met natoetsing. *Negatiewe selfagting* toon ook 'n verbetering, van 84T met voortoetsing na 62T met natoetsing.

Haar tellings op die CAS toon 'n hoë angstelling met voortoetsing, wat verminder na 'n gemiddelde angstelling met natoetsing.

Daar blyk nie 'n beduidende afname in problematiese persepsies op die CBAPS te wees nie. Met voortoetsing verkry sy 'n totale telling van 18 uit 36 en met natoetsing 'n telling van 12 uit 36. Die subskale dui daarop dat sy grootliks haar vader blameer vir die egskeiding, maar ook self skuld aanvaar.

Wendy reageer positief op vyf uit die ses stellings van die Sandcastles-evaluasievorm. Sy dui aan dat die program haar gehelp het om 'n beter begrip te ontwikkel vir wat egskeiding beteken en sy sal die program vir enige kind aanbeveel. Sy is onseker ten opsigte van die stelling dat sy alternatiewe wyses aangeleer het om probleme in haar gesin te hanteer.

Haar moeder stel dit dat die Sandcastles-program Wendy laat besef het dat sy nie die rede vir haar ouers se egskeiding is nie en dat daar vele ander kinders is wie se ouers geskei is. Haar moeder is dankbaar daarvoor dat Wendy kon deelneem aan die program en spreek die wens uit dat die groeplede op 'n meer deurlopende basis byeen kan kom. Sy glo dat 'n program wat gereelde kontak tussen die kinders bewerkstelling, veral van waarde sal wees.

#### 6.3.1.5 Megan

Megan is 'n 9-jarige dogter in graad 4. Sy is Wendy se tweelingsuster en Graham is haar broer. Haar ouers is 'n jaar gelede geskei en sy woon ook by haar moeder.

Haar moeder herroep geen problematiese gedrag wat voor die egskeiding teenwoordig was nie. Na die egskeiding het sy akademiese probleme, 'n lae selfagting, huilerigheid, vrese en angs openbaar. Sy was ook hartseer. Megan het na die egskeiding vir 'n paar sessies 'n sielkundige besoek, asook 'n enkele sessie by 'n pastorale berader gehad.

Volgens haar moeder is sy steeds huilerig en hartseer, en sy openbaar tans ook vrese en woedebuie. Haar moeder beskryf Megan as haar mees toegewende kind, altyd gewillig om te help en stil. Van haar drie kinders is Megan die een wat die meeste geworstel het met vrese en huilerigheid. Na elke besoek aan haar vader, is Megan huilerig en neem dit haar 'n tyd om weer tot bedaring te kom.

Megan se selfkonsep-profiel (TSCS:2) blyk grootliks onveranderd te wees, met 'n afname in enkele tellings, na afloop van die program. Met voortoetsing verkry sy 'n laag-gemiddelde Totale selfkonsep-telling van 44T en hierdie telling verminder na 41T met natoetsing. Haar *Gesin-Selfkonsep* toon 'n afname van 40T met voortoetsing na 37T met natoetsing en haar *Sosiale Selfkonsep* verminder van 53T met voortoetsing na 46T met natoetsing. Die *RD-telling* van 39T (ondergemiddeld) neem verder af na 34T met natoetsing. Dit dui daarop dat sy

onseker is met betrekking tot haar selfbeskouing en die wyse waarop sy haarself beskryf.

Megan se Totale CDI-telling verminder van 54T met voortoetsing na 50T met natoetsing. Wanneer die subskale beskou word, blyk daar 'n toename in *Negatiewe Gemoed* te wees (50T na 59T). Haar *gevoel van oneffektiwiteit* verminder van 64T met voortoetsing na 52T met natoetsing en so ook neem *anhedonia* af van 50T na 38T.

Dit blyk dat Megan se angstellings (CAS) verminder het na afloop van die program. Sy verkry 'n gemiddelde angstelling met voortoetsing en dit verminder na 'n lae angstelling met natoetsing.

Megan se tellings op die CBAPS is onveranderd. Uit die subskale blyk dit dat sy hoofsaaklik haar vader blameer vir die egskeiding, maar sy blameer ook haarself. Sy hoop steeds dat haar ouers sal herenig.

Megan stem saam met al ses die stellings op die Sandcastles-evaluasievorm. Sy dui aan dat die program haar daarop gewys het dat daar meer as een gesinsvorm is en dat dit in orde is om anders te wees. Die program het haar gehelp om meer te leer oor egskeiding en sy sal die Sandcastles-program vir alle kinders aanbeveel.

Volgens Megan se moeder het die Sandcastles-program Megan laat besef dat sy nie die enigste kind is wie se ouers geskei is nie. Sy is dankbaar vir die geleentheid wat aan haar dogter gebied is om die Sandcastles-program te voltooi.

#### 6.3.1.6 Graham

Graham is Wendy en Megan se 11-jarige broer. Hy is huidiglik in graad 6. Sedert die egskeiding 'n jaar gelede, woon hy saam met sy moeder en sy tweelingsusters.

Graham het geen problematiese gedrag voor die egskeiding openbaar nie. Na die egskeiding het hy homself sosiaal onttrek, huilerig, hartseer, angstig en aggressief voorgekom en vrese openbaar. Graham het na die egskeiding 'n enkele sessie by 'n pastorale berader bygewoon.

Sy moeder is tans besorgd oor Graham se fisiese klagtes, woedebuie en aggressiwiteit. Hy is geneig om gou kwaad en gefrustreerd te word en is afknouerig teenoor sy susters. Hy is in 'n privaatskool en volgens sy moeder is egskeiding 'n "lelike woord" in die skool. Die aantal kinders wie se ouers geskei is, is in die minderheid en Graham is volgens sy moeder duidelik daarvan bewus dat hy nie dieselfde ontvang as die gemiddelde kind nie.

Graham se selfkonsep-profiel toon 'n algehele verbetering op die TSCS:2. Met voortoetsing verkry hy 'n Totale Selfkonsep-telling van 44T en hierdie telling verbeter na 51T met natoetsing. Wanneer sy individuele subskale beskou word, is dit duidelik dat hy 'n verbetering ten opsigte van sy *Fisieke Selfkonsep* (45T na 49T), *Morele Selfkonsep* (44T na 51T), *Persoonlike Selfkonsep* (39T na 52T), *Akademiese Selfkonsep* (51T na 63T), *Identiteit* (37T na 43T), *Tevredenheid* (50T na 53T) en *Gedrag* (43T na 49T) openbaar. Hy verkry ondergemiddelde RD-tellings met voor- en natoetsing, maar daar blyk 'n verbetering met natoetsing te wees, van 32T na 36T. Hierdie tellings reflekteer 'n onsekerheid met betrekking tot sy selfbeskouing en die verbetering beteken dat hy met natoetsing minder vaag is in sy beskrywing van homself.

Graham toon 'n afname in depressiwiteit op die CDI, na afloop van die Sandcastles-program. Met voortoetsing verkry hy 'n Totale CDI-telling van 46T en met natoetsing 'n Totale CDI-telling van 38T. Met betrekking tot die subskale verbeter *interpersoonlike probleme* van 49T met voortoetsing na 42T met natoetsing. *Negatiewe selfagting* verbeter kenmerkend van 67T met voortoetsing na 46T met natoetsing.

Daar blyk nie 'n beduidende verskil tussen Graham se angstellings by voor- en natoetsing op die CAS te wees nie. Hy verkry met beide voor- en natoetsing lae angstellings.

Graham is een van die enkele kinders wat 'n betekenisvolle verskil tussen sy voor- en natoetstellings op die CBAPS behaal. Met voortoetsing verkry hy 'n Totale CBAPS-telling van 12 en dit verminder na 'n telling van 5 met natoetsing. Dit blyk dat hy grootliks sy vader beskuldig vir die egskeiding (*vaderlike beskuldiging*) en hierdie telling bly onveranderd met natoetsing.

Graham stem saam met vyf uit die ses stellings op die Sandcastles-evaluasievorm. Hy is onseker of die program hom gehelp het om egskeiding beter te verstaan. Hy het geleer dat dit belangrik is om uiting te gee aan sy emosies en weet dat daar ander kinders is wat sy ervaring van 'n egskeiding deel. Hy sal die program aanbeveel vir alle kinders wie se ouers geskei is.

Graham se moeder is dankbaar dat hy die Sandcastles-program kon voltooi en die geleentheid gebied is om oor die egskeiding te praat. Sy noem dat hy nie die program wou bywoon nie en dat sy hom met moeite moes oorreed om na die program te kom. Na afloop van die program was hy dankbaar dat sy moeder hom gedwing het om te kom.

#### 6.3.1.7 Denise

Denise, 'n 10-jarige meisie in graad 5, se ouers is 'n jaar gelede geskei. Sy is die enigste kind en woon by haar moeder as versorger.

Haar moeder herroep geen probleemgedrag voor die egskeiding nie. Na die egskeiding het sy 'n lae selfagting, vrese en eetprobleme openbaar. Sy was ook huilerig, hartseer en angstig. Denise het haarself isoleer van vriende, was stil en sou ure alleen in haar kamer deurbring. Sy was ook vir 'n bepaalde tydperk na die egskeiding aggressief en sou haar moeder op 'n bitsige wyse antwoord.

Volgens haar moeder is hierdie gedrag nie meer teenwoordig nie. Denise het geen terapeutiese insette ontvang na die egskeiding nie.

Denise se selfkonsep-profiel (TSCS:2) toon 'n duidelike verbetering tussen die voor- en natoetsing aan. Al haar tellings val tydens die voortoetsing binne normale grense. Met natoetsing het hierdie tellings verbeter na hooggemiddelde en bogemiddelde tellings. Haar buitengewone lae *SC-telling* (23T) met natoetsing dui egter daarop dat die protokol ongeldig kan wees. Volgens Fitts en Warren (1996) openbaar 'n kind wat so 'n lae telling behaal 'n verdedigende houding en 'n doelbewuste poging om 'n gunstige beeld van haarself te skep. Dit suggereer die waarskynlikheid dat die ander TSCS:2-tellings op 'n kunsmatige wyse verhoog is deur die verdediging. Denise verky verder ook 'n buitengewone hoë *FG-telling* (71T). Fitts en Warren (1996) skryf dat 'n *FG-telling* van 70T en meer, 'n ongeldige protokol aandui, veral waar dit tesame met 'n lae *SC-telling* voorkom.

Denise openbaar 'n afname in depressiwiteit op die CDI. Met voortoetsing verkry sy 'n Totale CDI-telling gelykstaande aan 'n T-waarde van 49 en met natoetsing 'n T-waarde van 40. Wanneer die onderskeie subskale beskou word, blyk dit dat die verbetering spesifiek ten opsigte van *gevoel van oneffektiwiteit* (52T na 47T), *anhedonia* (50T na 38T) en *negatiewe selfagting* (51T na 40T) is.

Sy openbaar verder ook 'n afname in angs, van 'n gemiddelde angstelling by voortoetsing tot 'n lae angstelling by natoetsing.

Daar blyk nie 'n beduidende verskil ten opsigte van haar denkpatrone (CBAPS) tussen voor- en natoetsing te wees nie.

Denise reageer positief op al ses die stellings van die Sandcastles-evaluasievorm. Sy noem dat die program bygedra het tot 'n beter begrip van egskeiding, dat sy met sekerheid die program sal aanbeveel vir ander kinders en dat sy dit terdeë geniet het. Haar moeder glo dat die waarde van die Sandcastles-program daarin geleë is dat Denise nou weet dat sy nie die enigste

kind is wie se ouers geskei is nie en dat die egskeiding nie 'n refleksie op haar as kind is nie. Volgens haar moeder praat Denise gereeld oor die program en verwys sy terug na aspekte wat tydens die program bespreek is. Haar moeder noem met oortuiging dat sy dankbaar is dat Denise kon deelneem aan die program.

#### 6.3.1.8 Jack

Jack is 'n 10-jarige seun in graad 4, wie se ouers twee jaar gelede geskei is. Hy is die enigste kind en woon by sy moeder as versorger.

Jack het voor die egskeiding geen problematiese gedrag openbaar nie. Volgens sy moeder het hy na die egskeiding woede openbaar, waaroor sy besorgd was. Hy was kwaad vir almal en het homself isoleer. Vir 'n geruime tyd wou hy geensins sy vader sien nie en het hy sy moeder weggestoot. Na elke besoek aan sy vader, was hy aggressief en het dit hom 'n tyd geneem om tot bedaring te kom. Hy het geen terapeutiese insette ontvang na die egskeiding nie.

Tydens die Sandcastles-program het dit geblyk dat Jack homself blameer vir sy ouers se egskeiding. Jack het verduidelik dat die dokter na sy geboorte sy moeder ingelig het dat sy nie weer kinders sal kan baar nie. Volgens sy begrip wou sy vader meer kinders gehad het en dit het aanleiding gegee tot die egskeiding. Sy moeder het ook by 'n geleentheid vir Jack daarvan beskuldig dat dit sy skuld is dat sy vader hulle verlaat het.

Sy vader is weer getroud en dit is vir Jack moeilik om dit te aanvaar. Hy sal stellings maak dat die nuwe vrou sy vader "gesteel" het. Hy openbaar tans verskeie emosionele- en gedragaspekte waaroor sy moeder bekommerd is. Sy beskryf hom as prikkelbaar en verbaal aggressief. Hy ervaar ook hartseer, vrese en 'n lae selfagting.

Jack se selfkonsep-profiel toon 'n duidelike verbetering aan tussen voor- en natoetsing. Wanneer sy geldigheidstellings by voortoetsing egter beskou word,

val dit buite die normale grense. Met voortoetsing verkry hy 'n *INC-telling* van 77T, wat dui op 'n buitengewone teenstrydigheid in sy response. Fitts en Warren (1996) beklemtoon dat 'n INC-telling groter as 70T kan aandui dat die kind se TSCS:2-profiel met omsigtigheid geïnterpreteer moet word. Sy SC-telling is 26T met voortoetsing. 'n SC-telling van 40T of laer, kan daarop dui dat die protokol ongeldig is. Dit blyk dat Jack 'n verdedigende houding en 'n doelbewuste poging om 'n gunstige beeld van homself te skep, openbaar. Tesame met bogenoemde twee tellings verkry hy ook 'n bogemiddelde FG-telling van 65T, wat daarop dui dat hy goeie indrukke wil skep. Dit blyk vervolgens uit Jack se geldigheidstellings dat sy TSCS:2-profiel as ongeldig beskou moet word. Die gevolg is dat sy selfkonsep-profiel by voor- en natoetsing nie met mekaar vergelyk kan word nie.

Jack openbaar 'n toename in depressiwiteit op die CDI. Met voortoetsing verkry hy 'n Totale CDI-telling van 41T en die telling vermeerder na 52T met natoetsing. Wanneer die subskale beskou word, blyk daar 'n toename in *negatiewe gemoed* (44T na 64T) en *anhedonia* (37T na 56T) te wees. Hierdie toename kan moontlik verklaar word deur inligting wat deur sy moeder aan die ondersoeker oorgedra is. Dit blyk dat Jack na afloop van die program (voor natoetsing) sy vader besoek het, waartydens sy vader aan Jack vertel het dat hy 'n fout gemaak het deur van Jack se moeder te skei. Sy moeder noem dat dit Jack verward gelaat het en dit kon moontlik bygedra het tot 'n toename in depressiwiteit.

Op die CAS blyk daar 'n toename in angstigheid te wees. Hy verkry 'n lae angstelling met voortoetsing en dit vermeerder na 'n gemiddelde angstelling met natoetsing. Hierdie toename kan moontlik ook deur bogenoemde rede verklaar word.

Daar blyk verder ook 'n toename in problematiese persepsies by Jack te wees. Hy verkry 'n CBAPS-telling van 9 met voortoetsing en hierdie telling vermeerder na 16 met natoetsing. Die subskale wat 'n toename openbaar, is *vaderlike beskuldiging, vrees vir verlating, moederlike beskuldiging, hoop op hereniging van ouers* en *skuldgevoelens.*

Jack reageer positief op al ses die vrae van die Sandcastles-evaluasievorm. Hy weet nou dat daar ander kinders is wat sy hartseer deel en dui aan dat die program bygedra het tot 'n beter begrip vir egskeiding. Hy sal die program aanbeveel vir alle kinders wie se ouers geskei is.

Jack se moeder noem met oortuiging dat sy dankbaar is vir die geleentheid wat Jack kon gehad het om deel te neem aan die Sandcastles-program. Dit het volgens haar vir Jack gehelp om oop te maak en uiting te gee aan sy emosies. Sy moeder noem dat Jack se bywoning van die Sandcastles-program die "beste ding sedert die egskeiding" was en dat Jack sedertdien meer gemaklik oor die egskeiding kommunikeer. Sy moeder het ook opgemerk dat hy aan sy nefie, wie se ouers ook geskei is, raad sal gee ten opsigte van dit wat hy tydens die program geleer het.

**6.3.1.9 Morné**

Morné is 'n 11-jarige seun in graad 5, wie se ouers 'n jaar en ses maande gelede geskei is. Hy het 'n jonger suster van 7-jarige ouderdom en hulle woon by hulle moeder as versorger.

Dit blyk dat Morné reeds voor die egskeiding 'n lae selfagting openbaar het en hartseer voorgekom het. Na die egskeiding het hy akademiese probleme, 'n lae selfagting en woede openbaar, asook hartseer ervaar.

Morné word gereeld deur 'n psigiater gesien vir psigiatriese behandeling, met 'n diagnose van Major Depressie en Aandagtekort-hiperaktiwiteitsversteuring. Hy gebruik ook anti-depressante. Volgens sy moeder ervaar hy tans akademiese probleme op skool, worstel hy steeds met 'n lae selfagting, hartseer en woede. Hy weier ook om enige kontak met sy vader te maak.

Die ondersoeker was nie voor die program bewus van Morné se diagnose nie. Dit het egter gou duidelik geword tydens die groepsbyeenkoms. Hy was rusteloos en het die groep ontwrig deur elke paar minute op te staan, rond te

beweeg en uitdagend op te tree. Die groepleier moes herhaaldelik en tevergeefs vir hom vra om stil te sit.

Tydens die aktiwiteit waar die groepleier aan die kinders vra om hulle oë toe te maak en hulle hande in die lug te steek indien hulle dink dat hulle op enige wyse bygedra het tot die egskeiding, het Morné oombliklik sy hand opgesteek. Die groepleier het daarna egskeiding as 'n ouerlike besluit bespreek, sonder om Morné in die groep uit te sonder. Na afloop van die program het die groepleier dit aan sy moeder oorgedra en beklemtoon dat sy as moeder herhaaldelik aan hom moet verduidelik dat hy geensins daartoe kon bydra nie.

Morné verkry 'n Totale Selfkonsep-telling van 36T met voortoetsing en 39T met natoetsing. Die geldigheidstellings op die TSCS:2 dui daarop dat daar 'n buitengewone teenstrydigheid in Morné se antwoorde is en dat sy TSCS:2-profiel met omsigtigheid geïnterpreteer moet word. Hy verkry 'n INC-telling van 61T met voortoetsing en INC-telling van 71T met natoetsing. Fitts en Warren (1996) noem dat so 'n teenstrydigheid dikwels die gevolg is van nalatige beantwoording, maar dat dit ook sekere eienaardighede binne die kind se omstandighede kan reflekteer. Morné verkry verder hoë SC-tellings (67T met voortoetsing en 65T met natoetsing). Dit reflekteer 'n feitlike oorhand van wanaangepaste gedrag en 'n ongewone preokkupasie met persoonlike swakhede. Sy RD-telling is 43T met voortoetsing en 41T met natoetsing, wat beide laag-gemiddelde tellings is. Dit dui aan dat hy onseker is met betrekking tot sy selfbeskouing.

Morné openbaar 'n afname in depressiwiteit op die CDI. Hy verkry 'n totale CDI-telling van 69T met voortoetsing en 58T met natoetsing. Op die subskale blyk daar 'n verbetering ten opsigte van *negatiewe gemoed* (64T na 54T), *gevoel van oneffektiwiteit* (64T na 49T), *anhedonia* (60T na 52T) en *negatiewe selfagting* (78T na 62T) te wees. Hy toon 'n toename in *interpersoonlike probleme* (57T na 71T) met natoetsing.

Morné se angstellings op die CAS is onveranderd en reflekteer gemiddelde angs.

Morné toon 'n beduidende afname in problematiese persepsies op die CBAPS. Hy verkry 'n totale CBAPS-telling van 24 met voortoetsing en hierdie telling verbeter na 13 met natoetsing. Hierdie verbetering blyk spesifiek ten opsigte van *vermyding van die portuurgroep*, *hoop op hereniging van ouers* en *skuldgevoelens* te wees.

Morné reageer positief op al ses die stellings op die Sandcastles-evaluasievorm. Hy dui aan dat die program hom gehelp het om egskeiding beter te verstaan, dat hy na afloop van die program "beter" gevoel het en dat hy die Sandcastles-program vir alle kinders wie se ouers geskei is, sal aanbeveel.

In teenstelling met Morné se positiewe terugvoer, noem sy moeder dat sy spyt is dat sy hom ingeskryf het vir die Sandcastles-program. Sy noem dat die program vir hom "idees gegee het" wat nie voorheen teenwoordig was nie. Volgens haar wil Morné graag mense tevrede stel en sal hy antwoorde gee wat hy dink van hom verwag word. Hy lok ook dikwels reaksies uit en wil aan ander wys hoe slim hy is deur vrae eerste te beantwoord. Sy verwys na die aktiwiteit waartydens hy aangedui het dat hy skuldig voel oor sy ouers se egskeiding en noem dat hy voor die program dit nooit aan haar laat blyk het nie. Sy voel dat Morné 'n skokreaksie wou uitlok. In hierdie opsig voel sy moeder dat die Sandcastles-program nie geskik is vir kinders soos Morné nie. Nietemin noem sy dat die program Morné laat besef het dat hy nie die enigste kind is wie se ouers geskei is nie.

### 6.3.2 Samevatting van kwalitatiewe resultate

Die kwalitatiewe resultate toon 'n verskeidenheid van response, wat hoofsaaklik positief van aard is. Agt uit 'n totaal van nege kinders het aangedui dat hulle die program vir alle kinders wie se ouers geskei is, sal aanbeveel. 'n Totaal van ses uit die sewe moeders wie se kinders deelgeneem het aan die Sandcastles-program, noem dat hulle dankbaar is vir dit wat die program vir hulle kinders kon bied. Met betrekking tot die waarde van die program vir hulle kinders, kan die kwalitatiewe opmerkings as volg saamgevat word:

- **Voorsien 'n ondersteunende groepsatmosfeer**

Vier kinders het spesifiek genoem dat hulle die groepsformaat en kontak met hulle portuur, geniet het, in vergelyk met individuele psigoterapie waar die kind alleen 'n terapeut/berader besoek.

- **Normaliseer die ervaring van egskeiding**

By al nege kinders, is die terugvoering gegee dat die program die kinders help besef het dat hulle nie die enigste kinders is wie se ouers geskei is nie en dat hulle omstandighede nie 'n abnormale gesinsituasie is nie.

- **Help kinders om hulle gevoelens te identifiseer en uit te druk**

Soos bespreek in Hoofstuk 4, is die hoofdoelwit van die Sandcastles-program om kinders te help om uitdrukking te gee aan hulle emosies. Uit die kwalitatiewe terugvoering blyk dit dat die program in hierdie doelwit geslaag het. By sewe uit die nege kinders is daar genoem dat die Sandcastles-program hulle gehelp het om openhartig te wees en bewus te word van dit wat hulle ervaar.

- **Bevorder kommunikasie tussen ouers en kinders**

Dit blyk dat daar by vyf uit die nege kinders, na afloop van die program, 'n verbetering in terme van kommunikasie plaasgevind het en dat die kinders met groter vrymoedigheid die onderwerp van egskeiding met hulle ouers sal bespreek.

- **Ontwikkel 'n beter begrip vir die egskeiding en klaar misverstande uit**

Die opmerking word by agt uit die nege kinders gemaak dat hulle die egskeiding nou beter verstaan en begryp, dat egskeiding 'n ouerlike besluit is.

## 6.4 SAMEVATTING

Die Sandcastles-program, soos toegepas in Suid-Afrika, het bygedra tot 'n verbetering in selfkonsep en 'n afname in depressie en angs, binne die ondersoekgroep as geheel.

Met betrekking tot die kwalitatiewe terugvoering van die ouers en kinders, blyk dit dat die program bygedra het tot verbeterde psigologiese funksionering binne die ondersoekgroep. Die hoofdoelwit van die Sandcastles-program, naamlik om kinders te help om uitdrukking te gee aan hulle emosies, is bereik. Die program het verder ook bygedra tot 'n beter begrip vir die realiteit van egskeiding.

Ter samevatting blyk dit dat die Sandcastles-program, soos toegepas binne die Suid-Afrikaanse konteks, bygedra het tot verbeterde aanpassing binne die ondersoekgroep as geheel.

# HOOFSTUK 7

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 7.1 ORIËNTERING

In hierdie hoofstuk word gevolgtrekkings gemaak vanuit die literatuur met betrekking tot die effek van egskeiding op kinders en die bestaande terapeutiese dienste vir kinders uit egskeidingsgesinne. Daar word kortliks verwys na die Sandcastles-program en die resultate van die huidige studie word saamgevat. Die leemtes van die studie en die Sandcastles-program word bespreek, waarna aanbevelings ten opsigte van toekomstige navorsing en hulpverlening gemaak word.

## 7.2 GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE LITERATUUR OOR DIE EFFEK VAN EGSKEIDING OP KINDERS

Dit blyk uit die literatuur dat egskeiding nie 'n enkele, kortstondige gebeurtenis is nie, maar 'n lang, pynlike proses is wat veelvuldige verliese behels. Behalwe vir die normale ontwikkelingstake, word kinders uit egskeidingsgesinne ook gekonfronteer met addisionele take wat spesifiek verband hou met die egskeiding. Daar is unieke probleme en besorgdhede wat kinders, wie se ouers skei, ervaar, insluitende 'n verandering in lewenstyl en 'n gedeeltelike verlies van hulle vorige psigologiese ondersteuningsisteme. Tydens die egskeidingsproses ervaar kinders die verlies van hulle identiteit as 'n lid van 'n intakte gesin. Daar is ook verskeie ander veranderinge om mee te worstel – moontlike verhuising, 'n nuwe skool, minder geld en ander.

Daar is gevind dat egskeiding 'n impak het op kinders wat betref hulle fisiese gesondheid, emosionele welstand, akademiese prestasie en interpersoonlike

verhoudings. Kinders uit egskeidingsgesinne toon ook 'n groter risiko om oor die langtermyn sielkundige probleme, soos depressie, angsversteurings en verhoudingsprobleme te ontwikkel. Wilkinson en Bleck (1977, p. 206) waarsku egter dat kinders uit egskeidingsgesinne nie beskou moet word as 'n afsonderlike diagnostiese kategorie nie: "For the most part, they are healthy, normal children who are usually confronted with an extremely stressful situation".

Die literatuur identifiseer 'n verskeidenheid en uiteenlopende faktore wat kinders se aanpassing na 'n egskeiding kan beïnvloed, en beklemtoon dat egskeiding elke individu op 'n unieke manier raak. Die gedragsreaksies van kinders verskil en hou grootliks verband met faktore soos hulle ontwikkelingstadium, hulle persepsies van die egskeiding, ouerlike vyandigheid en die samewerking tussen die ouers na die egskeiding, die psigologiese aanpassing van die toesighoudende ouer, ouerskapsvaardighede, die kwaliteit van ouer-kind verhoudings en die mate van sosiale ondersteuning wat kinders ervaar.

Kinders wat onderwerp word aan kroniese vyandigheid na die egskeiding, blyk een van die groepe te wees wat die grootste risiko toon onder die egskeidingspopulasie. Vir hierdie kinders realiseer die grootste voordeel van 'n egskeiding, naamlik die staking van ouerlike vyandigheid en konflik, nie. In hierdie opsig kom Stolberg en Mahler (1989) tot die gevolgtrekking dat omgewings- en gesinsfaktore die grootste invloed het op kinders se aanpassing na 'n egskeiding – aspekte wat dikwels beheer of tot 'n mate verbeter kan word deur verstandige optrede.

## 7.3 TERAPEUTIESE HULPVERLENING AAN KINDERS UIT EGSKEIDINGSGESINNE

Dit blyk uit die bestudering van die literatuur dat kinders addisionele ondersteuning nodig het om aan te pas by die krisis van die ontbinding van hulle huidige gesin en al die veranderinge wat hiermee gepaardgaan.

Kinders uit egskeidingsgesinne is geneig om hulle emosionele energie te fokus op die verwerking van die egskeidingstrauma, dikwels ten koste van ander lewenstake. Uit die bestudering van die literatuur word dit duidelik dat die doel van terapie na 'n egskeiding, moet fokus om kinders te help om aan te pas by die verliese en veranderinge in hulle lewens en om hulle te help om so gou moontlik weer hulle normale ontwikkelingspeil te bereik wat ontwrig is deur die egskeiding.

Spelterapie is 'n vorm van individuele psigoterapie wat dikwels gebruik word in die terapeutiese behandeling van jong kinders in egskeidingsituasies. Individuele psigoterapie hou egter sekere beperkinge in deurdat dit dikwels onbekostigbaar is vir die grootste deel van die bevolking en die waardevolle portuurgroepkontak, wat tydens groepsterapie voorkom, afwesig is.

Verskeie skrywers stem in dié verband ooreen dat 'n groepproses die aangewese metode is om kinders van geskeide ouers te help, aangesien dit die ervaring van egskeiding normaliseer en 'n ondersteunende netwerk van portuur, wat soortgelyke stres ervaar, voorsien. Dit is ook meer ekonomies as individuele benaderings. Daar is gevind dat 'n groepprogram kan bydra tot positiewe veranderinge in kinders se persepsies rakende hulle ouers se egskeiding, asook 'n verbetering in selfkonsep.

Verskeie groepprogramme is reeds ontwikkel. 'n Literatuuroorsig dui daarop dat hierdie programme dikwels ooreenstem en veral in een aspek, naamlik dat dit aan kinders die geleentheid bied om hulle emosies uit te druk, rakende hulle ouers se egskeiding, binne 'n atmosfeer van aanvaarding en besorgdheid. Sommige studies wys egter daarop dat 'n ondersteunende omgewing op sigself nie voldoende mag wees ten einde positiewe uitkomste te bewerkstellig nie en dat die aanleer van spesifieke vaardighede belangrik blyk te wees.

Ander benaderings wat ook 'n belangrike bydra kan lewer in die aanpassing van kinders, is intervensie met ouers, gemeenskapsopvoeding en hulpverlening deur middel van instansies soos skole en kerke.

## 7.4 DIE SANDCASTLES-PROGRAM

Die Sandcastles-program is 'n ondersteuningsgroep vir kinders uit egskeidingsgesinne wat in die Verenigde State van Amerika ontwikkel is en internasionale erkenning ontvang. Deelname aan die program is verpligtend in verskeie stede en distrikte in Amerika.

Die hoofdoelwit van die program is om kinders te help om uitdrukking te gee aan hulle gevoelens rondom hulle ouers se egskeiding. Dit word nagestreef deur gebruik te maak van innoverende groepsaktiwiteite en –tegnieke.

Die Sandcastles-program is aangepas vir die Suid-Afrikaanse kind deur werksboeke te vervang met 'n meer spontane gespreksvoering. Die program, soos dit in Suid-Afrika toegepas word, is nie voorheen geëvalueer ten einde die waarde daarvan binne die Suid-Afrikaanse konteks te bepaal nie. Verskeie skrywers wys daarop dat daar 'n gebrek aan evaluerende navorsing bestaan om die sukses van programme te bevestig. Die huidige studie het gebruik gemaak van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes om die effek van die program op 'n groep kinders, tussen die ouderdomme van 9 en 12 jaar, te bepaal.

## 7.5 GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE GEGEWENS

Die hoofdoel van hierdie navorsing was om 'n evaluering te doen van die Sandcastles-program vir kinders van 9 tot 12 jaar, afkomstig uit egskeidingsgesinne. Ten einde die effek van die program te bepaal, is besluit op die volgende veranderlikes: 'n verbetering in selfkonsep, 'n afname in depressie, angs en foutiewe denkpatrone, rakende hulle ouers se egskeiding.

Daar is gebruik gemaak van beide kwantitatiewe - en kwalitatiewe navorsingsprosedures. Dit blyk uit die kwantitatiewe resultate dat die Sandcastles-program bygedra het tot 'n afname in depressie en angstigheid binne die ondersoekgroep as geheel. Hierdie resultate kan as prakties betekenisvol aanvaar word. Geen betroubare gevolgtrekkings kon ten opsigte van selfkonsep as veranderlike gemaak word nie, aangesien die geldigheid van drie uit die nege kinders se selfkonsep-profiele bevraagteken word. As gevolg van redes wat reeds onder 6.2.4.1 bespreek is, kon geen betekenisvolle resultate ten opsigte van die ondersoekgroep se denkpatrone verkry word nie.

Die kwalitatiewe resultate dui daarop dat die hoofdoelwit van die Sandcastles-program, naamlik om kinders se uitdrukking van hulle emosies te bevorder, bereik is. Die eenvormige terugvoering word gegee dat die program bygedra het tot 'n normalisering van die ervaring van egskeiding. Die program het verder ook bygedra tot 'n beter begrip vir egskeiding, die uitklaar van misverstande met betrekking tot wie verantwoordelik is vir die egskeiding en 'n groter vrymoedigheid onder die kinders om die egskeiding met hulle ouers te bespreek. Agt uit die nege kinders beveel die program aan vir alle kinders wie se ouers geskei is.

## 7.6 LEEMTES

### 7.6.1 Leemtes van hierdie studie

- Die klein ondersoekgroep beperk die mate waartoe veralgemenings gemaak kan word in terme van die effek van die Sandcastles-program op kinders se funksionering. De Wet *et al.* (1981) beklemtoon dat die steekproef so groot as moontlik moet wees om verteenwoordigend te kan wees en betroubare en geldige gevolgtrekkings te verseker.

- Die afwesigheid van 'n kontrolegroep word as 'n leemte beskou, aangesien dit die interne geldigheid van die ondersoek bedreig. Weens 'n algehele swak respons, was dit egter nie moontlik om 'n kontrolegroep saam te stel nie. Die implikasie is dat daar nie met sekerheid gesê kan word dat die resultate alleen te wyte is aan die eksperimentele intervensie, naamlik die Sandcastles-program nie. So byvoorbeeld kon die natoetsing beïnvloed geword het deur die ervaring wat in die eerste meting opgedoen is of andersyds kon rypingsfaktore verantwoordelik wees vir die veranderinge wat plaasgevind het.

- In hierdie navorsing is daar weens 'n algehele swak respons van 'n gerieflikheidsteekproef gebruik gemaak. Dit kan as 'n leemte beskou word. Louw en Edwards (1998) wys daarop dat dit onwaarskynlik is dat daar deur middel van 'n gerieflikheidsteekproef resultate verkry sal word wat verteenwoordigend van die populasie as geheel sal wees. Bogenoemde skrywers stel verder dat daar verkieslik nie van vrywilligers gebruik gemaak moet word nie, aangesien mense wat vrywillig aanbied om aan sielkundige navorsing deel te neem, ook nie verteenwoordigend is nie. Hulle is geneig om beter opgevoed te wees, meer intelligent, met 'n sterker behoefte aan sosiale goedkeuring, meer sosiaal, meer onkonvensioneel en minder outoritêr as mense in die algemene populasie (Rosenthal & Rosnow, 1975). In hierdie opsig kan dit die eksterne geldigheid van die studie bedreig.

### 7.6.2 Leemtes van die Sandcastles-program

- Dit kan as 'n leemte beskou word dat daar huidiglik in Suid-Afrika slegs 'n enkele gelisensieerde aanbieder van die Sandcastles-program is. Aangesien die groepleier van Amerikaanse oorsprong is, kan slegs Engelssprekende kinders die program in Suid-Afrika bywoon.

- Die Sandcastles-program word huidiglik slegs in Kaapstad aangebied.

- Die Sandcastles-program behels 'n eenmalige groepsbyeenkoms en gevolglik het dit beperkings in terme van wat dit vir kinders kan bied. Dit is onrealisties om te verwag dat 'n eenmalige byeenkoms in al die behoeftes van kinders uit egskeidingsgesinne moet voldoen. In hierdie verband is dit belangrik om te onthou dat die Sandcastles-program nie 'n primêr terapeutiese program is nie, maar eerder 'n ontlontingsgroep is vir die verligting van gevoelens. Die eenmalige byeenkoms kan ook as 'n voordeel van die program genoem word, deurdat dit die teenwoordigheid van meer kinders moontlik maak en meer ekonomies en gerieflik vir ouers is.

- 'n Vorige ondersoeker noem dat die koste verbonde aan die Sandcastles-program impliseer dat dit nie toeganklik vir alle gesinne en kinders is nie (Kalanjee, 2001). Die koste verbonde aan die program beloop R400 per kind. Die groepleier wys egter daarop dat geen kind in nood weggewys sal word nie en dat ouers dikwels tegemoet gekom word.

# 7.7 AANBEVELINGS

## 7.7.1 Aanbevelings ten opsigte van die Sandcastles-program

- Daar word aanbeveel dat die opleiding van gelisensieerde Sandcastles-aanbieders meer toeganklik gemaak moet word deur plaaslike opleiding te ondergaan. Die groepleier kan byvoorbeeld gebruik maak van 'n ko-terapeut wat later onafhanklik, groepe kan aanbied. Sodoende sal meer kinders die program kan bywoon in Suid-Afrika.

- In die huidige studie het dit duidelik geblyk dat daar 'n behoefte onder ouers is aan 'n ondersteuningsprogram vir geskeide ouers. Die ontwikkeling van 'n ondersteuningsprogram vir ouers wie se kinders die Sandcastles-program bywoon, kan die waarde van die Sandcastles-program bevestig. Daar kan

byvoorbeeld in so 'n program aandag geskenk word aan ouerskap, na 'n egskeiding.

### 7.7.2 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing en hulpverlening

- Daar word aanbeveel dat 'n herhaling van die huidige studie gedoen word ten einde te bepaal of soortgelyke resultate verkry word en om 'n groter veralgemening van die resultate te bewerkstellig.

- Dit sal van waarde wees om te bepaal of die aanbieding van die program dieselfde resultate sal lewer vir kinders van ander ouderdomsgroepe.

- Alhoewel verskeie programme vir kinders uit egskeidingsgesinne reeds ontwikkel is, blyk dit dat hierdie programme nie algemeen beskikbaar is nie en dat skole en ouers onbewus is van die bestaande dienste vir kinders uit egskeidingsgesinne. 'n Navorsingstudie wat fokus op die redes vir bogenoemde en maniere ondersoek om hierdie inligting meer vrylik beskikbaar te maak, kan geloods word. Op hierdie wyse kan samewerking met skole en ander diensleweringsinstansies bewerkstellig word.

- Die positiewe resultate wat in lande soos die VSA, waar deelname aan egskeidingsprogramme verpligtend is, verkry word, tesame met die hoë voorkoms van egskeiding in Suid-Afrika, moedig 'n ondersoek na die instelling van soortgelyke hofverbonde dienste in Suid-Afrika aan.

- Die ontwikkeling van 'n ondersteuningsgroep vir kinders, wat spesifiek fokus op die aanleer van vaardighede wat nodig mag wees vir suksesvolle aanpassing na 'n egskeiding, kan aanbeveel word. So 'n program kan aandag skenk aan die veranderinge wat mag voorkom in die toekoms, byvoorbeeld die "heen-en-weer beweging" tussen verskillende huishoudings, die hertroue van een of beide ouers, die vorming van 'n stiefgesin en die uitdagings verbonde daaraan.

- Aangesien kinders die meeste van hulle tyd by die skool deurbring, het die skool 'n belangrike rol om te vervul in die emosionele ondersteuning van kinders. Die realiteit is dat hedendaagse skole nie altyd voltydse skoolvoorligters in diens het nie. In hierdie opsig moet onderwysers met basiese beradingstegnieke en –vaardighede toegerus word ten einde kinders emosioneel te kan bystaan.

- Die sielkundige het 'n verantwoordelikheid om die verkreë kennis met die samelewing te deel. Die aanbeveling word gemaak dat opvoedkundig-georiënteerde programme vir ouers deur middel van die skool aangebied moet word om ouers in te lig oor die effek van ouerlike egskeiding op kinders, belangrike inligting oor te dra oor bestaande dienste vir egskeidingsgesinne en riglyne te gee vir ouerskap na 'n egskeiding.

## 7.8 SAMEVATTING

Ten slotte kan genoem word dat die Sandcastles-program 'n waardevolle bydra lewer in die normalisering van die ervaring van ouerlike egskeiding, die verligting van emosies, die openlike bespreking van egskeidingsverwante gebeure, die identifisering van kinders wat spesifieke terapeutiese ingrepe benodig en die gepaste verwysing van hierdie kinders vir verdere terapeutiese ondersteuning. 'n Opmerking deur een van die ouers wie se kind die Sandcastles-program voltooi het, dui daarop die program ook vir ouers van groot waarde is en beter ouerskap aanmoedig: "I made a mess of my marriage. I now want to make a success of my divorce."

# BRONNELYS

Allan, J.A.B. & Clark, M. (1984). Directed art counseling. *Elementary School Guidance and Counseling*, 19(2), 116-124.

Amato, P.R. (1993). Children's adjustment to divorce: Theories, hypothesis, and empirical support. *Journal of Marriage and the Family*, 55, 23-38.

Amato, P.R. (1996). Explaining the intergenerational transmission of divorce. *Journal of Marriage and the Family*, 58, 628-639.

Amato, P.R. (1999). The postdivorce society: How divorce is shaping the family and other forms of social organization. In R.A. Thompson & P.R. Amato (Eds.), *The postdivorce family: Children, parenting, and society* (pp. 161-190). London: SAGE Publications.

Amato, P.R. (2000). The consequences of divorce for adults and children. *Journal of Marriage and the Family*, 62(Nov), 1269-1287.

Amato, P.R. & Booth, A. (1997). *A generation at risk: Growing up in an era of family upheaval.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Amato, P.R. & Gilbreth, J. (1999). Nonresident fathers and children's well-being: A meta-analysis. *Journal of Marriage & the Family*, 61, 557-573.

Amato, P.R. & Keith, B. (1991). Consequences of parental divorce for the well-being of children: A meta-analysis. *Psychological Bulletin*, 110, 26-46.

Amato, P.R., Loomis, L.S. & Booth, A. (1995). Parental divorce, marital conflict, and offspring well-being in early adulthood. *Social Forces*, 73, 895-916.

Amato, P.R. & Sobolewski, J.M. (2001). The effects of divorce and marital discord on adult children's psychological well-being. *American Sociological Review*, 66(Dec), 900-921.

Arbuthnot, J. & Gordon, D.A. (1996). Does mandatory divorce education for parents work? A six-month outcome evaluation. *Family and Conciliation Courts Review*, 34, 60-81.

Arditti, J.A. (1999). Rethinking relationships between divorced mothers and their children: Capitalizing on family strengths. *Family Relations*, 48, 109-119.

Axline, V.M. (1993). *Play therapy*. New York: Ballantine Books.

Biller, H.B. (1993). *Fathers and families: Paternal factors in child development*. Wesport, CT: Auburn House.

Block, J.H., Block, J. & Gjerde, P.F. (1988). Parental functioning and the home environment in families of divorce: Prospective and concurrent analysis. *Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry*, 27, 207-213.

Boegehold, B. (1985). *Daddy doesn't live here anymore – A book about divorce*. New York: Western Publishing Company.

Brown, L.K. & Brown, M. (1987). *Dinosaurs Divorce – A guide for changing families*. America: Little Brown & Co.

Cohen, G. (2002). Helping children and families deal with divorce and separation. *Pediatrics*, 110, 1019-1028.

Cohen, J. (1988). *Statistical power analysis for the behavioral sciences, 2nd ed*. Hillside, N.J.: Erlbaum.

Cronje, G.M. (1997). *Die ontwikkeling en evaluering van 'n psigologiese ondersteuningsprogram vir kinders uit egskeidingsgesinne.* MA-skripsie. Potchefstroom: PU vir CHO.

Crossman, S.M. & Adams, G.R. (1980). Divorce, single parenting, and child development. *The Journal of Psychology*, 106, 205-217.

Cummings, E.M., Davies, P.T. & Simpson, K. (1994). Special section: Mediators of child adjustment. *Journal of Family Psychology*, 8(2), 141-149.

Davidson, J.K. & Moore, N.B. (1996). *Marriage and family: Change and continuity.* Massachusetts: Allyn and Bacon.

Delport, J. (2001). *'n Maatskaplikewerk-bemagtigingsprogram vir ouers en kinders geraak deur egskeiding.* MA-skripsie. Potchefstroom: PU vir CHO.

De Wet, J.J., De K Monteith, J.L., Steyn, H.S. & Venter, P.A. (1981). *Navorsingsmetodes in die opvoedkunde: 'n Inleiding tot empiriese navorsing.* Pretoria: Butterworth.

De Wet, T. (2001). Skeisyfer in Welkom van hoogste in SA. *Volksblad*, 1 Februarie, 4. Onttrek 21 Mei 2003 van SABINET, SA-media.

Dodds, J.B. (1987). *A child psychotherapy primer: Suggestions for the beginning therapist.* New York: Human Sciences Press, Inc.

Dykeman, B.F. (2003). The effects of family conflict resolution on children's classroom behavior. *Journal of Instructional Psychology*, 30(1), 41-47.

Elmes, D.G., Kantowitz, B.H. & Roediger, H.L. (1999). *Research methods in Psychology, 6th ed.* Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Emery, R.E. (1982). Interparental conflict and the children of discord and divorce. *Psychological Bulletin*, 92, 310-330.

Fitts, W.H. & Warren, W.L. (1996). *Tennessee self-concept scale, 2nd ed.* Los Angeles: Western Psychological Services.

Fox, D.J. (2001). Children of divorce: Is there a personality component? *Journal of Divorce & Remarriage*, 35(3/4), 107-124.

Fuchs, I. (2004). *Persoonlike onderhoud.* 18 Mei, Kaapstad.

Furstenberg, F.F. & Kiernan, K.E. (2001). Delayed parental divorce: How much do children benefit? *Journal of Marriage and the Family*, 63(May), 446-457.

Gabardi, L. & Rosen, L.A. (1992). Intimate relationships: College students from divorced and intact families. *Journal of Divorce & Remarriage*, 18, 25-56.

Gardner, R.A. (1970). *The boy's and girl's book about divorce.* Pennsylvania: Haddon Craftsmen.

Gardner, R.A. (1986). The talking, feeling, and doing game. In C.E. Schaefer & S.E. Reid (Eds.), *Game play: Therapeutic use of childhood games.* New York: John Wiley.

Gilbert, M.M. (2002). *Die belewing van sosiale ondersteuning by kinders uit egskeidingsgesinne.* MA-skripsie. Potchefstroom: PU vir CHO.

Gillis, J.S. (1980). *Child anxiety scale.* Los Angeles: Western Psychological Services.

Glenn, N.D. & Kramer, K.B. (1987). The marriages and divorces of the children of divorce. *Journal of Marriage and the Family*, 49, 811-825.

Goldman, R.K. & King, M.J. (1985). Counseling children of divorce. *School Psychology Review*, 14(3), 280-290.

Graziano, A.M. & Raulin, M.L. (2000). *Research methods: A process of inquiry.* Boston: Allyn & Bacon.

Grych, J.H. & Fincham, F.D. (1997). Marital conflict and children's adjustment: A cognitive-contextual framework. *Psychological Bulletin*, 108, 267-290.

Guidubaldi, J., Cleminshaw, H.D., Perry, J.D. & Mcloughlin, C.S. (1983). The impact of parental divorce on children: Report of the nationwide NASP study. *School Psychology Review*, 12, 300-323.

Hans, J.D. & Fine, M.A. (2001). Children of divorce: Experiences of children whose parents attended a divorce education program. *Journal of Divorce & Remarriage*, 36(1/2), 1-26.

Herbert, M. (1996). *Separation and divorce: Helping children cope.* Leicester: BPS Books.

Hergenhahn, B.R. & Olson, M.H. (1999). *An introduction to theories of personality, 5th ed.* New Jersey: Prentice-Hall.

Hodges, W.F. (1986). *Interventions for children of divorce: Custody, access and psychotherapy.* New York: John Wiley & Sons, Inc.

Howell, D.C. (1999). *Fundamental statistics for the behavioral sciences, 4th ed.* Pacific Grove: Duxbury Press.

Howell, S.H., Portes, P.R. & Brown, J.H. (1997). Gender and age differences in child adjustment to parental separation. *Journal of Divorce & Remarriage*, 27(3/4), 141-158.

Jenkins, J. (1992). Sibling relationships in disharmonious homes: Potential difficulties and protective effects. In F. Boer & J. Dunn (Eds.), *Children's sibling relationships* (pp. 125-138). Hillsdale, NJ:Erlbaum.

Jennings, A.M., Salts, C.J. & Smith, T.A. (1991). Attitudes toward marriage: Effects of parental conflict, family structure, and gender. *Journal of Divorce & Remarriage*, 17 (1/2), 67-79.

Jennings, M. & Howe, N. (2001). Siblings' perceptions of their parents' divorce. *Journal of Divorce & Remarriage*, 35(1/2), 91-154.

Jernberg, A.M. & Booth, P.B. (2001). *Theraplay: Helping parents and children build better relationships through attachment-based play.* San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Jeynes, W.H. (2001). The effects of recent parental divorce on their children's sexual attitudes and behavior. *Journal of Divorce & Remarriage*, 35(1/2), 115-132.

Johnston, J.R. & Campbell, L.E.G. (1988). *Impasses of divorce: The dynamics and resolution of family conflict.* New York: Free Press.

Jonhston, J.R. & Roseby, V. (1997). *In the name of the child: A developmental approach to understanding and helping children of conflicted and violent divorce.* New York: The Free Press.

Kalanjee, H. (2001). *Self-concept of children from different family statuses.* MA-skripsie. Potchefstroom: PU vir CHO.

Kazdin, A.E. (2000). *Psychotherapy for children and adolescents: Directions for research and practice.* New York: Oxford University Press.

Kelly, J.B. (2000). Children's adjustment in conflicted marriage and divorce: A decade review of research. *Child Adolescent Psychiatry*, 39(8), 963-973.

Kempton, T., Armistead, L., Wierson, M. & Forehand, R. (1991). Presence of a sibling as a potential buffer following parental divorce: An examination of young adolescents. *Journal of Clinical Child Psychology*, 20, 434-438.

Kovacs, M. (1992). *Children's depression inventory*. North Tonawanda, New York: Multi-Health Systems.

Kozuch, P. & Cooney, T.M. (1995). Young adults' marital and family attitudes: The role of recent parental divorce, and family and parental conflict. *Journal of Divorce & Remarriage*, 23(3/4), 45-62.

Kurdek, L.A. & Berg, B. (1987). Children's beliefs about parental divorce scale: Psychometric characteristics and concurrent validity. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 55(5), 712-718.

Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. (1998). *Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suid-Afrika, 2de uitgawe*. Johannesburg: Heinemann.

Lubowski, M. (1995). *Waarom wil pa en ma skei?* Kaapstad: Lux Vebi.

Mash, E.J. & Wolfe, D.A. (2002). *Abnormal Child Psychology, 2nd ed.* Belmont: Wadsworth.

McLanahan, S. & Sandefur, G. (1994). *Growing up with a single parent: What hurts, what helps*. Cambridge: Harvard University.

*Mental Health Weekly*, 21 October 2002, 12(40), 3. Intervention for children of divorce prevents future mental disorders.

Naudé, E. (2001). *Psigologiese weerbaarheid by kinders in die laat-middelkinderjare*. MA-skripsie. Potchefstroom: PU vir CHO.

Neuman, M.G. (1998). *Helping your kids cope with divorce the Sandcastles way*. New York: Random House.

Neuman, M.G. (mgaryneuman@sandcastlesprogram.com) 2003, June 13. Training in South Africa. E-mail to M. Stroebel (martinettes@webmail.co.za).

Nystrom, C. (1988). *Martiens se alleenste somer*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Oaklander, V. (1978). *Windows to our children: A gestalt therapy approach to children and adolescents*. Utah: Real People Press.

Odendal, F.F., red. (1994). *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Midrand: Perskor.

Oppawsky, J. (1999). Psychosomatic reactions of very young children to divorce: Elective Mutism, Tic and Erl-Königs Syndrome. *Journal of Divorce and Remarriage*, 30(3/4), 71-84.

Pedro-Carroll, J.L. & Alpert-Gillis, L.J. (1997). Prevention interventions for children of divorce: A developmental model for 5 and 6 year old children. *The Journal of Primary Prevention*, 18, 5-23.

Pedro-Carroll, J.L., Alpert-Gillis, L.J. & Cowen, E.L. (1992). An evaluation of the efficacy of a preventive intervention for $4^{th}$-$6^{th}$ grade urban children of divorce. *The Journal of Primary Prevention*, 13(2), 115-130.

Pedro-Carroll, J.L., Sutton, S.E. & Wyman, P.E. (1999). A two-year follow-up evaluation of a preventive intervention for young children of divorce. *School Psychology Review*, 28(3), 467-476.

Portes, P.R., Lehman, A.J. & Brown, J.H. (1999). The child adjustment inventory: Assessing transition in child divorce adjustment. *Journal of Divorce & Remarriage*, 30 (1/2), 37-46.

Richardson, C.D. & Rosen, L.A. (1999). School-based interventions for children of divorce. *Professional School Counselling*, 3(1), 21-27.

Rosenthal, R. & Rosnow, R.L. (1975). *The volunteer subject*. New York: John Wiley.

Rutter, M. (1982). *Helping troubled children*. New York: Penguin Books.

Sanders, D.R. & Riester, A.E. (1996). School-based counseling groups for children of divorce: Effects on the self-concepts of 5th grade children. *Journal of Child and Adolescent Group Therapy*, 6(1), 147-156.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. (1996). *Entering the child's world: A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.

Simons, R.L., Lin, K., Gordon, L.C., Conger, R.D. & Lorenz, F.O. (1999). Explaining the higher incidence of problems among children of divorce compared with those in two-parent families. *Journal of Marriage and the Family*, 61(1), 1020-1033.

Smilansky, S. (1992). *Children of divorce: The roles of family and school*. Rockville: BJE Press.

Smit, G.J. (1981). *Psigometrika: Aspekte van toetsgebruik*. Pretoria: HAUM.

Smith, S. (1996). *An evaluation of a school-based group treatment programme for children of divorce*. MA thesis. Pretoria: UNISA.

Statistical Software Inc. (2003). *STATISTICA: Data analysis software system, version 6.* www.statsoft.com.

Statistieke Suid-Afrika. (2004). Statistiese vrystelling: Huwelike en egskeidings 2001. Pretoria: Sentrale Statistiekdiens. (P0307).

Stolberg, A.L. & Mahler, J. (1989). Protecting children from the consequences of divorce: An empirically derived approach. *Prevention in Human Services*, 7, 161-176.

Stolberg, A.L. & Mahler, J. (1994). Enhancing treatment gains in a school-based intervention for children of divorce through skill-training, parental involvement, and transfer procedures. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 62(1), 147-156.

Stolberg, A. L. & Walsh, P. (1988). A review of treatment methods for children of divorce. In S.A. Wolchik & P. Karoly (Eds.), *Children of divorce: Empirical perspectives on adjustment* (pp. 299-321). New York: Gardner Press.

Taylor, R.J. (2001). Listening to the children: Children of divorce speak out about their parents. *Journal of Divorce & Remarriage*, 35(1/2), 147-154.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. (1992). *Counseling children, 3rd ed.* California: Brooks/Cole Publishing Company.

Toomey, E.T. & Nelson, E.S. (2001). Family conflict and young adults' attitudes toward intimacy. *Journal of Divorce & Remarriage*, 34(3/4), 49-69.

Van der Merwe, M. (1994). A social work model for short term intervention with young children of divorce. *Maatskaplikewerk-Praktyk*, Julie, 10-15.

Van Niekerk, M. (2003). Marriages and divorces climb in 1999. *Business Day*, 3 February, 2. Onttrek 21 Mei 2003 van SABINET, SA-media.

Van Schaick, K. & Stolberg, A.L. (2001). The impact of parental involvement and parental divorce on young adults' intimate relationships. *Journal of Divorce & Remarriage*, 36(1/2), 99-121.

Venter, C.A. (1996). Egskeiding en daarna. In Swanepoel, F. (red.), *Die huwelik* (p. 127-131). Pretoria: C.B. Powell-Bybelsentrum, Unisa.

Viljoen, J. (2004). Ouerhuise 'wortel' van dwelmkrisis: Skole moet ook emosioneel help. *Tyger Burger*, 18 Augustus, 15.

Wallerstein, J.S. (1994). Children of divorce: challenge for the 1990s. *Journal of Jewish Communal Service*, winter/spring, 100-107.

Wallerstein, J.S. & Blakeslee, S. (1989). *Second chances*. London: Bantam.

Wallerstein, J.S. & Bundy, M.L. (1984). Helping children of disrupted families: An interview with Judith S. Wallerstein. *Elementary School Guidance and Counseling*, 19(1), 19-29.

Wallerstein, J. & Kelly, J.B. (1980). *Surviving the break-up: How children and parents cope with divorce*. New York: Basic Books.

Wallerstein, J., Lewis, J. & Blakeslee, S. (2000). *The unexpected legacy of divorce*. New York: Hyperion.

Wilkinson, G.S. & Bleck, R.T. (1977). Children's divorce groups. *Elementary School Guidance and Counseling*, 11, 205-213.

Wolchik, S.A. & Sandler, I.N. (1997). *Handbook of children's coping: Linking theory and intervention*. New York: Plenum Press.

Wolchik, S.A., West, S.G., Sandler, I.N., Tein, J., Coatsworth, D., Lengua, L., Weiss, L., Anderson, E.R., Greene, S.M. & Griffin, W.A. (2000). An experimental evaluation of theory-based mother and mother-child programs for children of divorce. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 68(5), 843-856.

Wyman, P.A., Cowen, E.L., Hightower, A.D. & Pedro-Carroll, J.A. (1985). Perceived competence, self-esteem, and anxiety in latency-aged children of divorce. *Journal of Clinical Child Psychology*, 14(1), 20-26.

Yatt, S. (1996). *Divorce therapy for preschool children.* MA thesis. Johannesburg: Rand Afrikaans University.

Zaslow, M.J. (1988). Sex differences in children's response to parental divorce: Research Methodology and postdivorce family forms. *American Journal of Orthopsychiatry*, 58(3), 355-378.

Zinsmeister, K. (1998). Divorce's toll on children. In DelCampo, D.S., & DelCampo, R.L. (Eds.), *Taking sides*. Guilford, USA: Duskin/McGraw-Hill.

# BYLAAG A

***Bekendstellingsbrief aan ouers gestuur, deur middel van skole en kerke***

PO Box 3243
Matieland
Stellenbosch
7602

23 April 2004

Dear Parent

**FREE SUPPORT GROUP FOR CHILDREN OF DIVORCE**

Divorce is often a traumatic experience that is associated with great changes and adjustments. The physical and emotional security of families are threatened by a divorce and can be described as a long-term crisis during which parents and children have a need for help and support.

Extensive research has been done in South Africa on support groups for adults after a divorce. Unfortunately there has been little empirical research on support groups for children of divorce. I am currently doing a research project as part of my masters degree in Clinical Psychology. The project comprises of an empirical evaluation of the Sandcastles Program for intervention with children from divorced families. I will focus on children between the ages of 9 to 12.

The Sandcastles Program is a support group for children ages 6 to 17 who have to cope with divorce. It presently operates in over a dozen cities throughout the United States as well as Canada, Mexico, Panama, England and South Africa. This program is mandatory (courts will not grant a divorce unless children complete the Sandcastles Program) in over a dozen cities in the United States, including Miami and Minneapolis and counties in the states of Ohio, Idaho, Texas, Wyoming, Wisconsin, etc. Over fifty thousand children have successfully completed the Sandcastles Program in the United States.

As mentioned above, the Sandcastles Program is also presented in South Africa. Although it is reported that the program has achieved success nationally, there has never been an empirical evaluation in this regard.

The Sandcastles Program operates as a one session, three and a half hour program aimed at helping children cope with divorce through the experience of sharing and listening to other children of divorce. The group experience was developed in order to help children see that they are not alone and that their thoughts and feelings are similar to many others who are experiencing divorce. The Sandcastles Program is a projective technique program, meaning it allows children to express or project their own feelings to the group members. Leaders are trained to offer innovative group activities that help the children discuss and focus on their feelings.

A licensed Sandcastles Provider, i.e. Irma Fuchs, will present the program twice, each time on a Saturday. The groups will consist of 5 children each. Should it be requested, individual feedback will be provided to the parents after the program.

Parents who divorced during the past two years and have a son or daughter (9 to 12 years), are invited to complete the attached form and send it back to the school as soon as possible. Please feel free to contact me at **(021) 938 4574** should you have any questions. All the information, including that which is obtained during the group process, will be regarded as strictly confidential.

Kind regards

...........................

(Ms.) Martinette Stroebel

**DETAILS OF PARENT**

SURNAME: ............................ NAME: .................................

POSTAL ADDRESS: ...............................
...............................
...............................
...............................

TEL: (..........)................ (HOME) TEL: (..........).......................(WORK)

HOW LONG HAVE YOU BEEN DIVORCED? ...............................

**DETAILS OF CHILD(REN)**

1 NAME AND SURNAME: .......................................................
AGE: ......................
SCHOOL: ................................................. GRADE: .....................
TEACHER: ...............................................

2. NAME AND SURNAME: .......................................................
AGE: ......................
SCHOOL: ................................................. GRADE: .....................
TEACHER: ...............................................

The final arrangements will be announced as soon as the groups have been finalised.

# BYLAAG B

*Brosjure vir kennisgewingborde by skole en kerke*

# FREE SUPPORT GROUP FOR CHILDREN OF DIVORCE

Divorce is often a traumatic experience during which parents and children have a need for help and support. I am currently doing a research project on support groups for children of divorce as part of my masters degree in Clinical Psychology. The project entails an evaluation of the Sandcastles Program for intervention with children (ages 9 to 12) from divorced families. A licensed Sandcastles Provider, i.e. Irma Fuchs, will present the program twice for free, each time on a Saturday. **This program usually costs R400 per child.**

ABOUT THE SANDCASTLES PROGRAM

The Sandcastles Program is aimed at helping children cope with divorce through the experience of sharing and listening to other children of divorce. The group experience was developed in order to help children see that they are not alone and that their thoughts and feelings are similar to many others who are experiencing divorce.

The Sandcastles Program presently operates in over a dozen cities throughout the United States as well as Canada, Mexico, Panama, England and South Africa. This program is mandatory (courts will not grant a divorce unless children complete the Sandcastles Program) in over a dozen cities in the United States, including Miami and Minneapolis and counties in the states of Ohio, Idaho, Texas, Wyoming, Wisconsin, etc. For more information on the Sandcastles Program, visit: www.sandcastlesprogram.com.

CONTACT DETAILS

**Parents who divorced during the past two years and have a son or daughter (9 to 12 years old) are invited to submit their names to the church office.** You could also contact Martinette Stroebel during office hours at 938 4573. All the information, including that which is obtained during the group process, will be regarded as strictly confidential.

# BYLAAG C

## *Biografiese vraelys*

# BIOGRAPHICAL QUESTIONNAIRE

**A. DETAILS OF CHILD**

Name: ..........................................................................................

Surname: ......................................................................................

Date of birth: ................../...................../...............................

1. Gender:

| Male | Female |
|---|---|
| | |

2. School: ..............................................................................

3. Grade: ...............................................................................

**B. DETAILS OF PARENT**

Name: .........................................................................................

Surname: .....................................................................................

Postal address: ..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

Tel: ..............................................................................................

4. How long have you been divorced?.................................................................................

5. What is your present marital status?

| | |
|---|---|
| Single | |
| Living together | |
| Remarried | |
| Divorced more than once | |

## C. GENERAL INFORMATION

6.1 Did your child see someone for therapeutic support during or after the divorce? If yes, please indicate the relevant profession and complete 6.2. Otherwise proceed to question 7.

| | |
|---|---|
| Counselor | |
| Psychologist | |
| Psychiatrist | |
| Pastoral counselor | |
| Other | |

6.2 Please state the nature of the support, as well as the number of therapeutic sessions.

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

7. Which of the following behaviors did your child manifest under the following circumstances?

| **Behavior** | **One year before the divorce** | **After the divorce** | **At present** |
|---|---|---|---|
| Physical complaints | | | |
| Scholastic difficulties | | | |
| Social withdrawal | | | |
| Low self-esteem | | | |
| Tearfulness | | | |
| Sadness | | | |
| Fears | | | |
| Anxiety | | | |
| Rage | | | |
| Tantrums | | | |
| Aggression | | | |
| Apathy | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Eating problems | | | |
| Problems related to sleep | | | |
| Other | | | |

8. Please provide any additional information that you regard as important.

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

**THANK YOU FOR YOUR COOPERATION!**

# BYLAAG D

## *Aanwysings en tye vir groepsbyeenkomste*


Dear Parent

I hereby confirm the dates and venues for the various sessions of the Sandcastles Program for children of divorced parents, that your child or children will be taking part in.

| | | |
|---|---|---|
| Friday, **3 September 2004** | **15:00 –16:00** | Milnerton Primary Reception |
| Saturday, **4 September 2004** | **09:00-12:00 (children) 12:00 -12:30 (feedback to parents)** | *(Adres verwyder om vertroulikheidsredes)* |
| Friday, **17 September 2004** | **15:00 –16:00** | Milnerton Primary Reception |

Please see the map below for directions to the Saturday session at:
*(Adres verwyder om vertroulikheidsredes).*
I really appreciate your time and willingness to participate, and look forward to meeting you.

Kind regards
Martinette Stroebel
Cell: ### ### ####



# BYLAAG E

## *Bedankingsbriewe*

1 October 2004

Dear Parent

Thank you for allowing your child/ren to partake in the Sandcastles Research Program. I appreciate the time and effort you put in to be at all the meetings.

Please be so kind as to complete the attached biographical questionnaire. All the information will be regarded as strictly confidential. It will only be used by myself for statistical analysis and comparison of the data. I also enclose a letter for your child/ren with the standard Sandcastles Program Evaluation Form, to be completed by your child/ren. Please return these completed forms as soon as possible, using the postage-paid envelope.

Thank you for caring so much about your child/ren. I enjoyed working with you and your special child/ren. Please feel free to contact me should you have any concerns or questions.

Kind regards
Martinette Stroebel
(Cell:### ### ####)

1 October 2004

Dear .....................

Thank you for taking part in the Sandcastles Research Program. You really helped me a lot and I enjoyed working with you!

With this letter you will find the standard Sandcastles Evaluation Form, which they use in America. I will appreciate your opinion of the program. It will help us to improve the program so as to help more and more children in the future. I promise this is the last questionnaire! ☺ When you have completed the form, you can give it to your mom who will post it back to me.

Thank you again for all your help. I hope you are well and rested after the school holidays.

Best wishes
Martinette Stroebel

# BYLAAG F

## *Statistiese formules*

**<u>Die volgende formules is gebruik:</u>**

(Howell, 1999)

(i) Rekenkundige gemiddeld: $\bar{\chi} = \frac{\sum \chi}{N}$

(ii) Standaardafwyking: $s = \sqrt{\frac{\sum (\chi - \bar{\chi})^2}{N-1}}$

(iii) Gemiddelde verskille: $V = \bar{\chi}_1 - \bar{\chi}_2$

(iv) Standaardafwyking van verskille: $SV = s_1 - s_2$

(v) Effekgrootte: $d = \frac{V}{SV}$

**Waar:**

$\bar{\chi}$ = die rekenkundige gemiddeld

$\sum$ = die simbool vir "die som van" die opvolgende tellings of waardes

$\chi$ = die oorspronklike tellings of waardes

$N$ = die getal persone / tellings / waardes

$s$ = die standaardafwyking

$V$ = die gemiddelde verskille

$\bar{\chi}_1$ = die rekenkundige gemiddeld by voortoetsing

$\bar{\chi}_2$ = die rekenkudige gemiddeld by natoetsing

$SV$ = die standaardafwyking van verskille

$s_1$ = die standaardafwyking by voortoetsing

$s_2$ = die standaardafwyking by natoetsing

$d$ = die effekgrootte.